
Patronaatskap, herskrywing en sensuur¹

Prof. H.P. van Coller

Uitstaande Professor (emeritus) en Navorsingsgenoot:

Departement Afrikaans en Nederlands; Duits en Frans

Fakulteit: Geesteswetenskappe

Universiteit van die Vrystaat

BLOEMFONTEIN

E-pos: vCollerH@ufs.ac.ca

Opsomming

Hierdie artikel maak gebruik van 'n Christelik-wysgerige benadering en denkbeelde met spesifieke verwysing na die opvattinge van Herman Dooyeweerd, die bekende Nederlandse filosoof, ondermeer die idee van 'n sentrale grondmotief; die onmoontlikheid van volkome objektiwiteit, transendentale kritiek, die standhoudende aspek van norme en waardes en die gevare van relativisme. Die benadering wat gevolg word, is eksemplaries van 'n Wetenskaplike Persoonlike Narratief (WPN). As navorsingsmetodologie trag dit om 'n wetenskaplike diskoers (wat voldoen aan al die kenmerke daarvan), te versoen met 'n persoonlike narratief; dikwels as eerstepersoonsvertelling en vanselfsprekend ook die persoonlike grondmotief. Die rede vir die keuse van hierdie navorsingsmetodologie is omdat dit, binne die terrein van wetenskaplike ondersoek, ruimte laat vir 'n strukturele raamwerk wat deur persoonlike ervaring gerig word, naamlik 'n koerantrubriek (verskyn in Mei 2022) en die daaropvolgende reaksie en polemie. Daarom word daar aanvanklik eers 'n oorsig gegee van bepaalde sienings van wetenskapsfilosowe wat hulle uitgelaat het oor sogenaamde subjektiwiteit in wetenskapsbeoefening. Boustene van hierdie artikel is naas die Christelike Wysbegeerte, die WPN, kinder- en jeugliteratuur;

¹ My dank aan prof. Danie Strauss vir sy hulp, nuttige wenke en vir die voorsiening van literatuur.

herskrywing; patronaatskap; literatuurgeskiedenis as manipulasie, en die literêre sisteem. My rubriek word in die lig hiervan bespreek. Vervolgens word kinder- en jeugliteratuur gedefinieer, waarop die boeke wat in my rubriek vermeld word (of vermeld is), bekyk word aan die hand van die motiewe daarin. Die belangrikste bevinding – gebaseer op kontroleerbare statistiek – is dat dié boeke nie die werklikheid van bykans alle (Suid-) Afrikaanse jongmense weerspieël nie, maar eerder 'n geïdealiseerde een. As afsluiting word getrag om 'n verklaring te vind vir die eensydige representasie van die werklikheid in kinder- en jeugliteratuur én die uitsers skerp reaksies op die vermelde rubriek. Dit word gevind in André Lefevere se uiteensetting van herskrywing en die literêre sisteem met klem op die instandhouer daarvan, die sogenaamde patronaatskap. Mense word toenemend blootgestel aan herskrywings van tekste (soos in resensies, rubrieke, 'vertalings', literatuurgeskiedenis, ensovoort). Só verdwyn die oorspronklike teks uit die blikveld. Dit was die geval met my rubriek wat volgens Wessels (2023) en Olivier (2024) se wetenskaplike ondersoek gemanipuleerd herskryf en verwing is. Lefevere (1992) se teoretiese uiteensetting verklaar ook waarom en hóé opponente van die heersende sisteem beloon en gestraf word.

Abstract

This article's basic premises stem from the Christian Philosophical theory (in which the concepts of the Dutch philosopher Herman Dooyeweerd are central). These concepts include inter alia the view of the ground-motive in scientific endeavours, transcendental criticism, the enduring aspect of norms and values, the impossibility of total objectivism and rationality and the dangers of extreme relativity. This article is embedded in the theory of a Scientific, Personal Narrative (SPN). As a relatively new research methodology it strives to reconcile a scientific discourse (which complies with all the traditional aspects thereof) with a personal narrative. The reason for choosing this methodology is because it affords the possibility to blend personal experience (the publication of a column and the subsequent polemic reaction) with a structural framework. Because personal scientific approaches (like auto-ethnography) are often contested, the whole question of subjectivity in science is investigated in depth from different standpoints/viewpoints/perspectives. Corner stones

of this article are the Christian Philosophy, the SPN, child and youth literature, rewriting, patronage, literary history as manipulation and the literary system. After a brief discussion of youth literature, all the books referred to in my column are thematically discussed. The most important finding is that these books refrained from representing reality as it was, but rather portrayed an idealized reality as surmised in my column. In conclusion André Lefevere's explication of rewriting in a specific literary system controlled by a patronage, is used as explanatory frame for the aforementioned polemic. One of the key findings is that rewriting is rife and often the original text 'disappears'. This was the case with my column which was rewritten by various critics: the majority creating their own text in a highly unethical way, according to the studies of Wessels (2023) and Olivier (2024). Lefevere's (1992) theoretical explication explains why opponents of any incumbent system are punished, while supporters are rewarded.

Trefwoorde:

herskrywing; kinder- en jeugliteratuur; literêre sisteem; patronaatskap; vertaling; subjektiwiteit in die wetenskap; die Wetenskaplike Persoonlike Narratief

Key Words:

Christian Philosophy, the Scientific Personal Narrative approach; subjectivity in science; rewriting; youth literature; literary system; patronage and translation

1. Inleidende opmerkings

Die koerant verwoes nie net nie-lesers se gesondheid nie, maar ook egte mense se lewens. Dit gebeur al hoe gereelder in Afrikaanse koerante met hulle onverantwoordelike en onetiese beriggewing. En dié slagoffers kom dikwels uit die gemeenskap wat die koerant veronderstel is om te dien (Hugo, 2023:329).

Op 3 Mei 2022 verskyn 'n rubriek deur my met as opskrif "Jy kry hulle nie meer in boeke en op TV nie". Hierdie rubriek het aanleiding gegee tot 'n uitgebreide polemie, talle rubrieke, kommentare op sosiale media en selfs enkele wetenskaplike artikels. Hierdie onderhawige wetenskaplike artikel

handel oor hierdie rubriek, die ontvangs (resepsie) daarvan, die aard van die inhoud en veral oor 'n literêre verklaring vir die aard van die polemieë. Die belangrikste steunpunte of pylers van die onderhawige artikel is: die Christelike Wysbegeerte, die Wetenskaplik Persoonlike Narratief (WPN), jeugliteratuur, herskrywing, patronaatskap en die verband tussen herskrywing en die literêre sisteem.

Die eerste afdeling is 'n behandeling van sogenaamde 'subjektiewe' elemente in wetenskapsbeoefening uit 'n Christelik-wysgerige standpunt en die verband met die Wetenskaplik Persoonlike Narratief. Vervolgens word die geskiedenis rondom die rubriek kortliks geskets, en daarna word die rubriek ontleed met klem op die gedeeltes wat die verontwaardiging veroorsaak het. Daar sal ook gepoog word om iets te vertel oor die bedoelde retoriese strategieë, hoofmotiewe en die "satiriese objek", naamlik voorskriftelikheid ('sensurering') in kinder- en jeugliteratuur en die geïmpliseerde "satiriese norm",² naamlik vryheid van uitdrukking. Vanselfsprekend was die stuk ook 'n pleidooi vir die noem of benutting van juis dit wat verswyg word en nie as "politiek korrekte" onderwerpe/temas beskou word nie.³

Vervolgens word die meerderheid boeke wat toe voorgelê is vir die Akademiepryse vir kinder- en jeugliteratuur as voorbeeld kortliks ontleed, slegs op grond van die motiewe en temas daarin. Daaruit blyk dat sekere temas oorheersend is ('buitenissige' karakters, siektetoestande, distopiese situasies, propagering van die reënboognasie-ideaal en dergelike).⁴ Dit blyk ook dat bepaalde ander temas selde of ooit aan die bod kom (plaasmoorde, verkragtings oor kleurgrense, misdade oor kleurgrense, regstellende aksie, staatskaping, korrupsie by politici en ook rass spanning). Daar word ook aangehaal uit wat kenners van kinder- en jeugliteratuur gesê het oor die aard (en funksie) van jeugliteratuur, byvoorbeeld die temas wat dit behoort te belig. Ten slotte word die korpus wat behandel is in die lig hiervan beoordeel.

Latere afdelings (7-11) plaas die klem op die werk van André Lefevere met toespitsing op verskillende wyses van (manipulerende) herskrywings (ondermeer in vertaling en in die literatuurgeskiedenis), die wyse waarop "die sisteem" of "die patronaatskap werk en hoe dit in die breë" mense beloon én

2 Hierdie terme is ingeburgerde begrippe binne studies oor die satiriese modus (sien Van Coller, 2019:163-195).

3 Politically correct: "conforming to prevailing liberal or radical opinion, in particular by carefully avoiding forms of expression or action that are perceived to exclude, marginalize or insult groups of people who are socially disadvantaged or discriminated against". *Offord Languages*.

4 'n "Buitenissig" beteken vreemd, ongewoon, eksentriek.

straf. Wat die laasgenoemde betref, word veral gefokus op diegene wat hulle teen die versweë norme en waardes van die sisteem (of die instandhouders daarvan, die patronaatskap) keer.

2. Subjektiviteit en objektiwiteit in die wetenskap: die kwessie van waarde-oordele

The slightly juvenile conception of the coldblooded, emotionless, passive scientist mirroring the world perfectly in the highly polished lenses of his steel rimmed glasses, – this stereotype – is no longer, if it ever was, adequate (Rudner, 1953:6).

Historisisme soos beoefen deur Johan Herder het die *absolute* uitgedaag en was 'n reaksie op die ekstreme rasionalisme van die 18^e eeu (Strauss, 2005a:2). Die onderliggende relativisme inherent in historisisme het selfs sy merk gelaat op die sogenaamde “eksakte wetenskappe” soos die wiskunde. Later het Godel, aldus Strauss (2005a:4) aangetoon dat elke aksiomatiese sisteem in die wiskunde onvolledig is, dit vereis en veronderstel insig in die konteks daarvan en oorstyg sy eie formalisme. Ook die sg. “linguistic turn” het die relativisme versterk; in post-modernistiese terme: “alles is teks”, 'n opvatting wat vanselfsprekend sterk beïnvloed is deur De Saussure se taalteorie van willekeurigheid. Sekere post-moderniste gaan selfs so ver as om te praat van die onkenbaarheid van 'n onafhanklike eksterne werklikheid. Later verwerp ook Edmund Husserl die ekstreme rasionalisme en objektivisme. Oor Kant sê (Strauss, 2005a:6) die volgende:

The idea that human understanding constructs (structure) reality in a rational way is arguable the most powerful and influential stance of modern humanism. Although Kant explores this orientation in *rationalistic terms*, its nominalistic roots inherently contain the starting-point for the opposing leg of (nominalistic) rationalism, namely *irrationalism*, which by and large succeeded to dominate the subsequent development of Western philosophy up to its most radical form: postmodernism.

Strauss (2005b:89) plaas vraagtekens by wetenskaplike objektiwiteit wat volgens hom in die geesteswetenskappe bykans 'n saak van onmoontlikheid is, weens die sterk aanwesigheid van waardes; sien ook Popper (1970:107). Vroeër het Popper (1968:40) reeds opgemerk dat “every discipline employs concepts that cannot be verified empirically”. Vir Strauss (2023:251) is dit derhalwe duidelik dat die aanwesigheid van alternatiewe en soms botsende standpunte in verskeie akademiese dissiplines die opvatting van “objektiewe en neutrale redenasie/denke” ondermyn: “the prevailing implicit trust in

reason did not realize that such a *trust* or *faith* is not itself rational! Ook 'n rasionalis soos Popper (1966:230) het onvoorwaardelike rasionalisme aangeval, 'n beginsel wat gebaseer is op die opvatting dat "any assumption which cannot be supported either by argument or by experience is to be discarded", aangesien alle argumente "must proceed from assumptions, it is plainly impossible to demand that all assumptions should be based on argument".

Strauss (2023:414) wys op twee belangrike sienings van wat waarde-vrye wetenskap sou inhou, naamlik dié van die Baden-skool, veral gepropageer deur Max Weber. Die ander siening kan geassosieer word met die *positivisme* en *neo-positivisme* in hul eis dat wetenskap *objektief* en *neutraal* behoort te wees. 'n Gevolg hiervan was die verskil tussen wetenskaplik-objektiewe beskrywing en nie-wetenskaplike (subjektiewe) evaluering; 'n opposisie wat ook vir dekades gehandhaaf is in die literatuurwetenskap. Strauss (2023:414) maak korte metten met die wegstroom van subjektiwiteit:

The generally accepted view is that subjectivity should be seen as a somewhat *disturbing* scientific endeavour. For this reason, it is assumed that it should be replaced by the ideal of *objectivity*. Yet, to see subjectivity as a *disturbing* activity, presupposes the existence of one or other *normative standard*. If the input of subjectivity in the course of scientific research is evaluated as something arbitrary, this very evaluation already applies a *normative standard* by judging subjectives (in its arbitrariness) as not conforming to the norm. However, the opposite of *arbitrary subjectivity* is not objectivity, but *norm-conforming subjectivity* [...] What we have in mind is to proceed by following a *transcendental-empirical* method. This method is closely related to the foundational coherence between *constancy* and *change* to what is *variable*.

Popper (1966:11; 231) besef dat die rasionalistiese vertroue in denke (reason) in sigself nie rasioneel is nie; daarom praat hy van 'n irrasionele geloof in denke; "rationalism is necessarily far from comprehensive or self-contained". Strauss (2009:39) sê dat hoewel Popper deurgaans geassosieer word met positivisme hy homself eintlik sien as 'n belangrike figuur in die beweging wat die dood van die positivisme veroorsaak het. Hy het homself ook besig gehou met 'n belangrike vraagstelling, naamlik of wetenskap alleen kan aanspraak maak op die feit dat dit die bron van kennis is, óf is wetenskap afhanklik van veronderstellings wat nie deur die wetenskap self geverifieer kan word nie.

"Whereas an uncritical rationalism considers human thinking to be *self-sufficient* and *autonomous* Popper points out, in his *critical rationalism*, that the rationalistic trust in reason is not *rational* itself. He refers to 'an

irrational faith in reason'. This entails that 'rationalism is necessarily far from comprehensive or self-contained'" (Popper, 1966:91; 231).

Hoewel die Westerse intellektuele tradisie een is van vertroue in rasionaliteit, tog is die absolute vertroue in rasionaliteit in sigself nie rasioneel nie. Strauss (2012:219) haal Stegmüller (1969:314) aan waar hy stel: "A person does not have to set aside knowledge in order to maak room for faith. Much rather one already has to believe something if one wants to speak of knowing science at all." Dan draai hy die klassieke opposisie tussen geloof en rasionaliteit om deur te sê: in die wetenskap *glo* jy; in geloof *weet* jy." Strauss (2017:11). Dooyeweerd vra of dit moontlik is om wetenskaplik neutraal te wees. So 'n opvatting beskou hy as nuwe positivisme.

Dit was Rudner (1953) wat in 'n seminale artikel waarde-oordele as 'n inherente aspek van wetenskapsbeoefening beskou het. Daarmee het hy die hele kwessie van objektiwiteit (naas subjektiwiteit) in wetenskapsbeoefening sentraal gestel én die absolute skeiding hiervan bevraagteken. Vir Rudner is die besluit om 'n wetenskap te 'hê' of die keuse van 'n bepaalde probleem wat ondersoek moet word, *buite-wetenskaplik*, omdat dit geen deel uitmaak van wetenskaplike *prosedures* nie. Tog staan dit vir hom vas dat enige wetenskaplike waarde-oordele (moet) maak, veral wanneer hy hipoteses aanvaar of verwerp. Geen hipotese kan ooit volkome getoets (dus: geverifieer) word nie; derhalwe moet die wetenskaplike besluit of die bewyse genoegsaam sterk en oortuigend is om die hipotese te aanvaar. Hierdie afwysing of aanvaarding kan belangrike gevolge hê, dus "[h]ow sure we need to be before we accept a hypothesis will depend on how serious a mistake would be" (Rudner, 1953:2).

Rudner maak die belangrike opmerking dat die strewe na objektiwiteit een van die wetenskap se belangrikste doelwitte is. Desondanks kan die wetenskaplike nie die oë sluit vir die feit dat

scientific method *intrinsically* requires the making of value decisions, for him to push out his consciousness the fact that he does make them, can in no way bring him closer to the ideal of objectivity. To refuse to pay attention to the value decisions which *must* be made, to make them intuitively, unconsciously, haphazardly, is to leave an essential aspect of scientific method scientifically out of control (Rudner, 1953:6).

Filosowe wat in die kielsog van Rudner staan, is Feyerabend (1975), Rorty (1979 en 1982), Harding (1995), Chesterman (2010:10), Brown (2012) en Bigu (2014).

Against Method: Outline of an Anarchistic Theory of Knowledge is die bekendste werk van die Oostenrykse filosoof Paul Feyerabend. Hierin neem hy duidelik stelling in jeens die 'rasionaliste', soos Popper, en opvattinge dat daar slegs een metodologiese reël sou wees vir wetenskaplike ondersoek. Veel eerder propageer hy wetenskap as 'n (epistemologiese) anargistiese onderneming, vry van metodologiese beperkings en aanpasbaar by tyd en omstandighede. Daarom behoort die opvatting "everything goes" te geld, die opvatting dat wetenskaplikes die (metodologiese) vryheid moet hê om navorsing van eie keuse en eie metodiek te onderneem; iets wat sou kan bydra tot groter vernuwende denke én navorsing. In hierdie – soms fel gekritiseerde – maar later gesien as seminale werk, word in groot besonderhede stil gestaan by Galileo se hipotese dat die aarde wentel om sy eie as; 'n illustrasie van Feyerabend se uitgangspunte. Volgens hom is Galileo se hipotese nóg gebaseer op bekende feite nóg op empiriese bewyse. Op grond hiervan verwerp Feyerabend die klem op valsifiëring en pleit vir *ad hoc*-hipoteses.

Feyerabend se opvatting van "kontra-induktiviteit" staan reëlreg teenoor induksie en die hele begrip van valsifiëring-deur-induksie. Soms is dit nodig om teorieë te benut en te ontwikkel hoewel hulle nie ooreenstem met empiriese bewyse en aanvaarde teorieë nie. Sy opvatting van "natuurlike interpretasies" is dat dit dikwels gebaseer is op eie ervarings en waarnemings. Sodanige ervarings en waarnemings wyk dikwels af van geykte teorieë en behoort ondersoek te word, omdat hulle dikwels vernuwende insigte bied.

Ook Richard Rorty kritiseer die opvatting van objektiwiteit in die wetenskap. Volgens hom is daar geen spesifieke wetenskaplike metode nie; ons word beïnvloed deur die geskiedenis en die huidige aanvaarde prosedures. Waarnemings, teorieë en dergelyke is histories bepaald en wetenskaplikes word voorts beïnvloed deur hulle eie persoonlikhede en opleiding. Wetenskaplikes gebruik volgens hom dieselfde metodes as enige ander persoon en begaan talle foute, maak veronderstellings, begaan vergissings, ensovoorts.

In that sense, to have a method was simply to have a good comprehensive list of topics or headings-to have, so to speak, an efficient filing system. In its post-Cartesian philosophical sense, however, it does not mean simply ordering one's thoughts but filtering them in order to eliminate "subjective" or "noncognitive" or "confused" elements, leaving only the thoughts which are Nature's Own. (Rorty, 1982:194)

Feyerabend het reeds die idee verwerp dat wetenskaplikes enige persoonlike subjektiwiteit moet vermy. Dis ook die tese van Sandra Harding (1995), 'n filosoof en feminis. Sy – soos baie ander wetenskapsfilosowe – gaan van

die standpunt uit dat wetenskaplikes juis hulle eie waardes en sienings in hul werk moet betrek en dat dit selfs die ondersoek moet rig. Wat wel belangrik is, is dat hulle bewus moet wees van hul eie posisie-inname (lees: subjektiewe perspektief) in hul werk en dit moet erken én in berekening bring. Volgens haar denke is dit 'n deursigtige benadering wat in wese 'n veel groter vorm van objektiwiteit daargestel as die van wetenskaplikes wat skynbaar neutraal probeer bly en nie oop kaarte speel oor hulle eie waardes (ideologie, standpunte en derglike) nie.

Vir Harding en ander gelykgesinde wetenskapsfilosowe is die begrip 'objektiwiteit' nie wegwerpbaar nie; wel word dit oorgehewel van die individuele wetenskaplike na die wetenskaplike gemeenskap. Vanselfsprekend toon dit raakpunte met die opvattinge van Thomas Kuhn wat "normale wetenskapsbeoefening" sien as die arbeid van 'n gemeenskap van wetenskaplikes wat min of meer dieselfde opinies of wetenskaplike paradigmas deel. Tydens wetenskaplike revolusies bestaan daar wel diepgaande meningsverskille tussen wetenskaplikes. Eers wanneer die meerderheid oortuig is van die uitgediendheid van 'n bepaalde paradigma kan finaal beweeg word na 'n nuwe een. Belangrik is dat bostaande sienings impliseer dat daar nie so-iets as 'waarheid' (of rasionaliteit) bestaan nie: dit is herleibaar tot wat beweer word binne 'n bepaalde paradigma; die onversoenbaarheid van sienings noem Kuhn 'incommensurabiliteit'⁵ (onvergelykbaarheid) (De Vries, 1984:97-100; 116; 135).

Strauss (2009:45 e.v.) onderskei "modale abstraksie" as die kern van wetenskaplike denke. Dit veronderstel dat elke wetenskaplike dissipline beskik oor filosofiese voorveronderstellings. Dit spreek vanself dat dit ook die taak is van literatuurwetenskaplikes om sodanige voorveronderstellings implisiet of eksplisiet uiteen te sit, veral in gevalle van meningsverskille. Vanselfsprekend betrek dit aspekte soos die verskil tussen *artefak* en *estetiese objek* wat saamhang met die historiese bestaan van tekste; 'n onderskeid in genres; die siening van tekste as teks waarin die estetiese funksie oorheers deur fokus op die boodskap self (Jakobson, 1960), interpretasie en evaluering, sensuur, konteks en derglike meer.

Strauss (2012:204) stel dat "scholarly endeavours inevitably entail *ultimate commitments*. It opposes the traditional (positivistic) view that intellectual pursuits are 'objective' and 'neutral.'" In 'n latere afdeling (oor herskrywing) word weer na hierdie kwessie teruggekeer.

5 Kyk vir 'n bespreking van Kuhn se opvattinge: De Vries (1984:93-100).

3. Enkele opmerkings oor die Wetenskaplike Persoonlike Narratief (WPN)

Ten spyte van wat Strauss hierbo en verskeie ander wetenskaplikes en filosowe beweer het, word daar in die (literatuur)wetenskapbeoefening steeds argwanend gereageer op 'n té persoonlike ('subjektiewe') aanslag in 'n wetenskaplike diskoers, soos veral in die geval van die outo-etnografie. Dit is 'n benadering wat persoonlike ervarings (*outo*) wil beskryf (*graphy*). Soms lewer dit boeiende relase op, maar loop ook die gevaar om te verval in die beskrywing van anekdotiese, subjektiewe ervarings. Heidelberger en Uecker (2009:1)⁶ rig 'n sterk pleidooi vir 'n 'nuwe' metodologie (waarvan daar in ieder geval in Suid-Afrika min voorbeelde bestaan). Hulle noem dit 'n "Scholarly personal narrative" (SPN) (vertaalbaar as 'n "Wetenskaplike Persoonlike Narratief" of WPN), 'n konstruktivistiese navorsingsmetodologie wat erkenning verleen aan die navorser se eie ervaring as 'n geldige (die gepaste Nederlandse woord is 'deugdelijke') studie-onderwerp.⁷ Artikels geskryf in die eerste persoon is 'n seldsaamheid "unless the writer is a senior scholar who has earned some credibility to speak as an expert in the field" (Neyhart & Karper, 2009 in Heidelberger & Uecker (2009:2).

Laasgenoemdes val met hulle artikel dadelik met die deur in die huis met 'n paar opmerkings wat duidelik daarop gemik is om reaksie uit te lok:

The state of IT-oriented research is downright dismal... Much IT-oriented research is neither comprehensible nor practical... The journals in which academic IT research is published are rarely read by practitioners... They are often unfathomable, even to other academics... [The] publications contain pseudoscientific jargon, arcane statistical techniques and slavish footnoting" (Davenport, 1997; aangehaal in Ho, 2000).

Twelve years after this stern critique, academic journal articles on information systems (IS) remain abstract, impersonal, occasionally impenetrable. Neutral objectivity has its place, yet context, voice, and even the identity of an author can be valuable tools for conveying a message. If information systems researchers seek relevance, they need to some extent to communicate in more personal, real-world language that demonstrates "connections between lived experience and theory, one's work and one's life" (Freedman & Frey, 2003).

6 Sien ook (Nash, 2004).

7 "In different academic disciplines (particularly communication studies and performance studies), the term autoethnography itself is contested and is sometimes used interchangeably with or referred to as personal narrative or autobiography."

Die WPN is 'n navorsingsmetodologie wat probeer om 'n brug te slaan tussen streng wetenskaplike vakterme, die strewe na volstrekte objektiwiteit en toetsbaarheid (intersubjektiwiteit) en die algemene publiek, waarby sogenaamde praktisyns ingesluit word. Hierdie benadering deel kennis deur wat genoem sou kon word 'n *narratiewe metode*: eie ervarings word – dikwels as eerstepeersvertellings – gedeel en gesprek derhalwe doelbewus uitgelok. In die onderhawige artikel word daar, soos in 'n meerstemmige roman, soms gebruik gemaak van 'n eerstepeersvertellings, omdat 'n persoonlike ervaring sentraal staan in die diskoers, maar meer dikwels van die geykte, onpersoonlike “ouktriële vertelling” of wetenskaplike styl. Deurgaans word daar ook getrag om weg te stuur van persoonlike anekdotes en te strewe na wetenskaplike (lees: kontroleerbare) uitsprake met die duidelike doel om objektiwiteit/intersubjektiwiteit te verhoog, want die uitspraak van Heidelberger en Uecker (2009:5): “Scholarly personal narrative is not a Swiss Army knife. It does not replace or supplant any other methodology. But it is a valuable tool to include in our methodological kits,” hou beslis water.

Volgens Erasmus-Alt (2021:278) identifiseer Stewart (2020:162, 165, 169) drie wyses waarop persoonlike ondervindings in akademiese skryfwerk geïnkorporeer kan word, naamlik as *strukturele raamwerk*, *persoonlike verhaal as konteks* (wanneer die navorsingsonderwerp en persoonlike ondervinding ooreenstem) en as 'n *middel tot ontdekking*. Volgens Stewart (2020:171) kan persoonlike narratiewe suksesvol gebruik word wanneer persoonlike ondervindings 'n passievolle opinie met betrekking tot die navorsingsonderwerp inspireer, wanneer persoonlike ondervindings deurlopend terug verwys na die sentrale idee van die navorsing, wanneer persoonlike ondervindings 'n sterk en uitgebreide metafoor vir die onderwerp verskaf, en wanneer persoonlike ondervindings, soos reeds genoem, bydra tot die daarstelling van 'n strukturele raamwerk vir die ondersoek.⁸ In die onderhawige artikel vorm die persoonlike ervaring inderdaad die daarstelling van 'n strukturele raamwerk.

Persoonlike narratiewe word, aldus Erasmus-Alt (2021:278) dikwels in die vorm van 'n *bricolage* aangebied. “In breë trekke is dit 'n vorm van ondersoek wat die plooibare gebruik van uiteenlopende teoretiese en metodologiese hulpmiddels moontlik maak op maniere wat meer gemeen het met kuns en literatuur as met die natuurwetenskappe, maar wat tog 'n eie vorm van

8 Omdat persoonlike ondervinding vanselfsprekend mag lei tot (emosionele) blindekolle moet die wetenskaplike – in ooreenstemming met Harding se siening eerder – se “posisie” en “perspektief” duidelik verklaar word. Maar dit is in wese 'n sine qua non van enige polemie.

stiptheid vereis" (Hammersley in Given, 2008:65 soos aangehaal deur Erasmus-Alt 2021:277).

Hammersley (in Given, 2008:65), soos aangehaal deur Erasmus-Alt (2021:279), verduidelik Lévi-Strauss se gebruik van bricolage as 'n navorsingsontwerp soos volg:

For him, the character of the bricolage that produces myths is somewhere between that of science and that of modern art. The central feature of myth as bricolage is that there is a drive to produce a complete picture from whatever intellectual resources are currently available.

Die WPN is geen oppervlakkige verhaaltjie nie, maar 'n diepgaande (en sou ek wou byvoeg, wetenskaplike) besinning oor die eie ervaring(s). "SPN differentiates itself from other methodologies in presenting the researcher's Heidelberg" en Uecker (2009:3) gee die volgende verduideliking van die drie terme waaruit hierdie benadering bestaan, naamlik: 'scholarly' (wetenskaplike), 'personal' (persoonlike) en derdens 'narrative' (narratief).

- Die 'scholarly' (of 'wetenskaplike') "still demands scholarly rigor. The exposure of the self ... has to take us somewhere we couldn't otherwise get to. It has to be essential to the argument, not a decorative flourish, not self-exposure for its own sake" (Freedman, 2001:6).⁹
- '[P]ersonal': SPN "puts the self of the scholar front and center" (Nash, 2004:18).
- 'narrative': SPN "tells a story. SPN offers not simply a journalistic account of events but a literary product that says: 'This is who I am and how I created meaning. What do you think?'"

Daar is reeds studies gepubliseer (of in die proses) deur gebruikmaking van hierdie of verwante benaderings (kyk gerus na Zander Strachan se proefskrif oor die verskil tussen 'n historiese roman en geskiedskrywing, Erasmus-Alt (2021) én Van Coller (2016)).¹⁰

9 Dit is uiteraard die uitdaging: in narratiewe terme is hier (soos in die outobiografie) 'n oorvleueling van die konkrete/abstrakte outeur/die verteller, én/die hoofkarakter. Daarom kan geen outobiografie (soos 'n polemie) ooit objektief wees nie, want dit gaan in wese om selfvoorstelling. Maar dit weet enige ingeligte leser van 'n outobiografie, net soos enige leser van 'n polemie van meet af aan. Wat uiteindelik die deurslag gee, is nie bewyse nie, maar argumente; dus die krag van die narratief.

10 Die laasgenoemde artikel is self bekroon met die A.T.K.V.-prys vir beste akademiese artikel in 'n vaktydskrif, 2016.

4. Die polemiëk

’n Polemiëk (van die Griekse woord πόλεμῶν póleméo, wat oorlog(voering) beteken) is “[e]en op heftige toon gevoerd dispuut tussen vertegenwoordigers van teenstrydige strekkinge, bv. in die politiek, die teologie, die literatuurstudie) waarbij men elkaars diskwalifikasie op het oog heeft. Beide partije willen gelykhal, oortuigen, niet zozeer door een logisch konsistente bewijsvoering als wel door een emosionele en retorische betoogtrant” [...] De behandelde tematiek en die ingenomen posities zijn meestal sterk plaats-, tyd- en persoonsgebonden, zodat de zin van die kontroversie vaak ontsnapt aan latere generasies (Van Gorp, Delabastita & Ghesquiere, 2007:362).

Na aanleiding van die publikasie van my rubriek het daar in die openbare pers (en op sosiale media) sodanige polemiëk ontstaan waaraan ek ook deelgeneem het. Soms was dit heftig en persoonlik; gemik op ‘diskwalifikasie’ van die opponer, én die toon was dikwels emosioneel, betogend en vol retoriese strategieë.

De funksie van die literaire polemiëk kan dus samenvallen met die van die wetenskaplike diskusie, waarvan die bedoeling is, althans beweerd word te zijn: het bereik van ooreenstemming. Maar die polemiëk kan ook het tegendeel daarvan beogen, nl. het formuleren en het konsolideren van die verskille (Gomperts, 1960-1961:688).

Hierdie onderhawige artikel toon soms polemiëse trekke deurdat dit by tye gebruik maak van robuuste taal en bepaalde sienings kritiseer,¹¹ maar streef eerder na “een logisch, konsistente [en toetsbare, HC] bewijsvoering”. Dit was ook die kenmerk van die beste literêre polemiëke in die Afrikaanse letterkunde waarvan etlikes opgeneem is in Nienaber (1965). Wel dink ek dat Van Gorp e.a. (2007:362) se opmerking dat die polemiëk “de seismograaf [is] van die ontwikkelinge die een literair sisteem doormaakt” water hou. Die doel van hierdie artikel is ondermeer om enkele van hierdie ontwikkelinge (veral ten aansien van ideologie) nader te illustreer.

Die vereistes vir betekenisvolle en konstruktiewe wetenskaplike kommunikasie word deur Strauss (2023:243) opgesom as (a) Immanente kritiek, (b) Feitlike kritiek en (c) Transendentale kritiek. Immanente kritiek is om jou in die skoen te plaas van jou kommunikatiewe vennoot en te probeer om die teenstrydighede van daardie posisie aan te toon. Baie twisgesprekke ontaard in transendentale kritiek wat inhou dat die eie perspektief oorheers. So word daar moeilik vooruitgegaan omdat elkeen sy eie standpunt bly

11 Die literêre polemiëk word inderwaarheid gekenmerk deur retoriese en emosionele taal (sien Van Gorp e.a., 2007: 362).

huldig. Die feitlike kritiek (249) hou in dat daar dikwels 'n posisie ingeneem word op basis van onbetwisbare 'feite', maar dat nadere ondersoek presies die teenoorgestelde aantoon. In die polemieks na aanleiding van die sogenaamde narrativiste (soos Hayden White) in die geskiedeniswetenskap het duidelik geblyk dat wat dikwels "die feitlike verlede" genoem word, "soos dit wás" eintlik subjektiewe konstruksies is, afhanklik van subjektiewe perspektiewe en narratiewe keuses. Wat die transendentale kritiek betref: "an account is required of the theoretical view of reality of a thinker and the deepest, direction-giving commitment lying at the root of a particular theoretical view of reality" (Strauss, 2023:253). In die onderhawige polemieks is té dikwels (ook deur myself) verval in pogings om ander se argumente en perspektiewe te ondermyn, eerder as om empatiek die siening van ander te probeer begryp.

5. Oor 'n rubriek

Die gewone mens

Onlangs buk 'n klompie letterkundiges hulle oor 'n hele gerf kinder- en jeugverhale. 'Gerf', want dis inderdaad die uitsoekboeke wat beoordeel word vir belangrike pryse.

Opvallend is dat die boeke 'n wye verskeidenheid temas bevat, vernuftige, verbeeldingryke stories het en meestal boeiend is. Die ou treurmare dat daar min boeke vir jeugdige Afrikaanstalige kinders sou wees, is lank reeds agterhaal. Sulke verwyte getuig inderwaarheid van onkunde.

Verhale vir jong lesers is lankal nie meer soet, didaktiese vertellings van kinders met geringe probleme wat 'n geselsie met die dominee moet hê, hulle net moet regruk en dan gaan alles weer klopdisseboom nie.

Daar is geen maatskaplike óf persoonlike probleem wat nie deur die boeke onder oë geneem word nie: molestering, verkragting, owerspel, siekte, dood, geestesprobleme, die verlies van ledemate of sintuie, homoseksualisme, rasseprobleme en derglike.

Wel word dikwels teruggeskram van plaasaanvalle, korrupsie, die verval van dienslewering, beurtkrag, staatskorrupsie, gewelddadige (en misdadige) openbare optrede van bepaalde groepe, regstellende aksie en die kwotastelsel. Gevolglik voel die meerderheid boeke bietjie na wêreldvreemde tekste wat onder die hande van 'n sensor deurgeloopt het: soos weermagbriewe tydens die grensoorloë.

Die rede hiervoor is afleibaar: uitgewers gee implisiet (of eksplisiet) opdragte wat 'hoort' in tekste en wat liefers vermy moet word. Die gevolg is ongelukkig 'n hoop politiekorrekte boeke wat óf handel oor 'n realiteit wat erg verteken is óf een wat geïdealiseer word.

Geen regdenkende mens kan beswaar maak teen die representasie van die reeds genoemde maatskaplike óf persoonlike probleme nie; wel teen die feit dat dit só oorheersend raak dat die vraag met reg geopper kan word of daar êrens dalk nog funksionele gesinne bestaan, met hardwerkende, liefdevolle ouers wat bloot soos honderdduisend ander gewone mense hulle bes doen om eties en sinvol te lewe.

Selfs feëverhale ontsnap nie aan die eise van politieke korrektheid nie. Wee die skrywer wie se feëties nie heuning uit blommetjies van alle kleure versamel nie; reënboë is immers dié metafoor vir 'n maatskaplike idille.

Een boek oor grootword se hoofpersoon is 'n meisie met voorbeeldige ouers wat die droom is van elke feministiese sosioloog of teoloog. Boonop was haar oupa 'n pro-struggle joernalis, haar beste vriendinne een swart en een bruin én leer sy om 'n egpaar, bestaande uit twee mans, "te omhels". 'n Mens verwag die hele tyd dat 'n gestremde Sjinees en 'n tweeslagtige Oekraïense vlugteling hul opwagting moet maak; dan is alle "boksies getik".

Die versugting van een kollega is na Tarzan of Rooi Jan. Net vir 'n verandering 'n man wat nie versukkeld, gekweld, of paranoïes is nie; die droom – steeds – van baie seuns (én meisies). 'n Droom wat egter deesdae nie geopenbaar mag word nie.

Want jy lees *nooit* van hulle nie en sien ook *nooit* een televisieprogram van dié soort nie; immers randfigure raak die norm.

Alvorens die bostaande rubriek nader bekyk word, gee ek 'n chronologiese oorsig van die belangrikste merkers rondom die rubriek:

- Die rubriek word ingestuur aan die redakteur van *Volksblad*, Gert Coetzee, wat dit op 3 Mei 2022 plaas, slegs met die wysiging van enkele diakritiese tekens ('n belangrike aksentteken verdwyn byvoorbeeld in die sinsnede "maatskaplike én persoonlike probleme").
- Hy stuur dit ook aan *Netwerk24* en *Beeld* vir plasing; dit verskyn onveranderd in laasgenoemde op 7 Mei en wel onder die gewraakte opskrif "Gewone mense word al hoe meer randfigure".

- Op 14 Mei verskyn 'n uiters skerp stuk deur Elsabé Brits (2022) in verskeie koerante en ook op *Netwerk24*. Wessels (2023:983) wys daarop dat haar interpretasie “eerder 'n spesifieke interpretasie van haar eie konstruksie van die ongeskrewe teks” is en haar kritiek dus bestaan uit 'n heftige aanval op 'n nie-bestaande teks.
- Ek het destyds ook gevoel dat haar interpretasie swak én kras was en dit bestempel (té aggressief) as “vrot lees”. My reaksie is ongelukkig ook sterk ingekort deur beide die redakteurs van *Volksblad* en *Beeld* wat die reaksie nog erger laat oorkom het.

Prof. Andries Visagie, prof. Marius Crous en dr. Amanda Lourens rig 'n formele klagskrif aan die uitvoerende bestuur van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns oor die rubriek. Frases soos “snedige verwysings na beelde van diversiteit”, “gruwelike geringskatting van menslike leed”, “die neerbuigende verwysing na persone op die LGBTQ-spektrum, skrei ten hemele” en “Dit is vir ons 'n verleentheid om ongevraag met sy aanvegbare en bedenkbare stellings geassosieer te word”, het my argwaan gewek, want die gebruik in die Letterkundekommissie was nog altyd om omstrede sake binne eie geledere te bespreek (en te beslis). Weens die amptelike (juridiese) aard van die klagskrif én die beledigende trant van die klagskrif win ek advies in van 'n senior regsgeleerde wat my aanraai om die ondertekenaars te dagvaar vir naamskending/laster. Dooyeweerd se onderskeid tussen Privaatreg en Burgerlike Privaatreg was baanbrekend. Die laasgenoemde gaan oor die (regs)vryheid van 'n individu in die samelewing: “the sole purpose of civil law is to apply the demands of social justice in the reciprocal private interactions between individuals” (Strauss, 2023:397). In die onderhawige rubriek en daaropvolgende polemieë is dikwels uit die oog verloor dat my rubriek deur my in my privaathoedanigheid geskryf is en byvoorbeeld nie as voorsitter van die Letterkundekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns nie. Die Burgerlike Privaatreg bied aan die individu 'n “veilige hawe of toevlugsoord”. Die aantasting hiervan deur 'n ‘klagskrif’ was vir my 'n aantasting van my burgerlike vryheid (én ‘lasterlik’). Daarom het ek my ook gewend tot wat deur baie mense beskou is as ‘afdreiging’.

- Ek stel die ondertekenaars van die klagskrif derhalwe in kennis dat indien die klagskrif nie teruggetrek sal word nie, juridiese stappe sal volg.
- Die ondertekenaars trek die klagskrif terug nadat hulle voorgestel het dat die saak nou skielik binne die Letterkundekommissie bespreek moet word.

- 'n Akademikus en skrywer van die US, prof. P.P. Fourie rig op 18 Junie 'n brief aan die destydse vise-voorsitter (tans voorsitter) van die SA Akademie, prof. Ilse Feinauer, waarin hy ernstige en vals aantygings maak. Ondermeer dat ek sou gedreig het om te bedank indien sy debuut oorweeg sou word vir die Eugène Maraisprys. Die feite is anders: sy debuutwerk kon nie oorweeg word deur die Letterkundekommissie nie, omdat dit 'n vertaling uit Engels was en vertalings uitgesluit word vir bekroning van hierdie prys.¹² In sy brief vermeld hierdie skrywer dat “meer as een bron uit die kommissie” hom vertel het van die “emotiewe gespreksvoering” oor sy boek. In feite is daar nie één woord oor sy boek gerep nie.
- In my antwoord aan die skrywer (waarop hy nooit geantwoord het nie) gee ek die korrekte situasie weer én versoek die Akademie se bestuur (veral die vise-voorsitter aan wie sy brief gerig was) om die saak te ondersoek, veral weens die feit dat meerdere lede skynbaar valse inligting versprei het en hulle dus aan dissiplinêre optrede (skorsing) skuldig gemaak het. Daarvan het niks gekom nie.
- Twee dae later bedank twee lede, proff. Visagie en Crous, uit die Letterkundekommissie.
- Verskeie rubrieke verskyn en Wessels verwys na die meeste. Ook op sosiale media ontstaan 'n storm; verskeie individue en organisasies reik verklarings uit wat vir my gelyk het na 'n berekende veldtog.
- Weens die versoeke van prof. Oppel Greeff, die voorsitter van die Akademie, en prof. Yves T'sjoen, wat my gasheer sou wees by die Universiteit van Gent, én uit eie oorweging teken ek openbare apologie aan én besluit om (let wel sonder druk van die Akademie) terselfdertyd te bedank uit alle Akademie-strukture. Die felheid van die polemieë het my gesondheid benadeel, my gesin ontstig én die optrede van Akademie-ampsdraers en dié van die HUB in besonder het my boonop teen die bors gestuit.
- Nog 'n lid van die Letterkundekommissie, prof. Anthea van Jaarsveld, bedank uit solidariteit met my en as protes teen die wyse waarop die Akademie die saak hanteer het.
- In 2023 verskyn daar 'n onderhoud met die huidige voorsitter van die Akademie waarin sy besonder neerhalend na my eie persoon verwys na

12 Hierdie bepaling is terloops teengestaan deur myself en slegs een ander lid van die Letterkundekommissie, prof. Anthea van Jaarsveld. Ek beskou steeds vertalings soos dit tans opgevat word as sambreëlterm vir verskeie vorme van intermediasie, as volwaardige letterkundige werke en vind dit 'n verkeerde besluit.

aanleiding van die rubriek. Hierdie onderhoud was vir my 'n onsmaklike *oratio pro domo* en een van die redes waarom ek die onderhawige artikel geskryf het.

Aangesien die rubriek na my mening deeglik ontleed is deur David (2022), McLaglan (2022), Van Zyl (2022a en 2022b), Wessels (2023) én Olivier (2024) wat veral skerp kritiek lewer op Burger (2022), Brits (2022), Koorts (2022), Naudé (2022) en Loots (2022)¹³ en hulle stukke in wese as oneties bestempel,¹⁴ gaan ek ter inleiding slegs enkele (verwaarloosde of belangrike) aspekte daarvan uitlig; één is die satiriese inslag en daarmee bedoel ek dat ek in die rubriek duidelik 'n bepaalde satiriese objek aanval en tegelykertyd 'n satiriese norm daarstel (Ball, 2003:18), waaroor later meer. Sutherland (1967:1e.v.) beweer dat dit 'n bepagoordeelde kwaliteit is wat aan 'n werk 'n bepaalde karakter verleen; soms is die satire "only intermittent, one element in a morer complex effect." Uit die spottende styl en die wyse waarop van oordrywings en selfs die slag van heilige koeie gebruik gemaak word, het ek geoordeel dat die satiriese inslag duidelik behoort te wees. Sekere mense was ontsteld oor die gebruik van die woord 'gewone' mens, asof dit 'n sinoniem sou wees vir 'normaal' ('n woord wat ek nêrens gebruik nie). Die beste uitleg van die betekenis van my woordkeuse (wat steun op woordeboek-inskrywings) is dié van Tom McLaglan (2022). Die ander bron van argwaan was die gewraakte verwysing na "persoonlike én maatskaplike probleme" en

13 Koorts (2022) lees volgens Wessels (2023:982 ook gebrekkig en "ignoreer die implikasie [van weglatings wat Van Coller noem] vir omvattende inklusiwiteit" en voort lees sy ook "dit wat nie geskryf is nie". Burger (2022) praat van Van Coller se "aggressiewe verdediging" van sy "ondeurdagte" rubriek, maar volgens Wessels (2023:982) is Burger se gebruik van "afwysende etikette" nie 'n voorbeeld van "etiese beoordeling en etiese selfbeoordeling" nie. Loots (2022) se rubriek is volgens Wessels (2023:982) "n erg veroordelende aanval op die persoon van die outeur" en Brits (2022) gebruik die woord normaal "n woord wat Van Coller nooit gebruik het nie [...] as grofgeskut op hom gerig sonder substansie". Voorbeelde van hierdie onetiese en valse voorstellings van my rubriek lê vir die gryp en kenmerk veral inskrywing op sosiale media. Wat Wessels se artikel betref: vanselfsprekend is die laaste woord nie daarmee gesê nie. Wel is dit opvallend dat dit sedert die verskyning daarvan in Desember 2023 nog nooit repudieer is deur enige letterkundige; selfs nie deur een persoon wat daarin by name genoem word in artikel-vorm nie.

14 Etiese lees impliseer, volgens Wessels (2023:979), "[o]m getrou te wees aan die teks en die letter van die teks sonder om die konteks uit die oog te verloor [...] [d]ie teks kan nie maar bloot beteken wat die leser dit wil laat beteken nie"; daar moet aandag gegee word aan die volle teks; "die tydsgees, persoonlike voorkeure en vooroordele" moet nie ingespan word en afgedwing word op die leeshandeling nie; betekenis is nie vas nie, maar verskillende kontekste kan moontlik 'n verskeidenheid betekenisse aan die teks gee en "die oormaat van betekenisse [kan] selfs die outeur van die teks [...] oorskry"; [k]ritiek op 'n teks impliseer nie geweld en venyn ten opsigte daarvan of die outeur nie"; volg die spore van die teks na alle kante en vind uiteindelik "n eie pad" deur die teks.

dan die noem van homoseksualiteit as 'n voorbeeld. Dit het verskeie persone (waaronder S.J. Naudé) diep gegrief en waarskynlik seergemaak. Daarom het ek in my openbare apologie ook gesê dat – hoewel ek staan by my kernargument naamlik dat kinder- en jeugliteratuur sekere temas angsvallig vermy – ek jammer is indien sekere stelwyses mense gekrenk het; in plaas van 'probleme' moes ek eerder 'kwessies' gebruik het.

Nóg erger was die reaksie op my lysie van politiek-korrekte motiewe en veral die volgende sin: “'n Mens verwag die hele tyd dat 'n gestremde Sjinees en 'n tweeslagtige Oekraïense vlugteling hul opwagting moet maak; dan is alle 'boksies getik’.” Die satiriese spot van hierdie stelwyse het baie ontgaan óf ontstel, hoewel die ikonoklastiese, burleske en profane skering en inslag is van die satiriese modus.¹⁵ Goeie satire¹⁶ het altyd 'n (dikwels verskuilde) morele boodskap of satiriese norm. Oor hierdie stelwyse kan ek derhalwe verder kortgaan. Dit was my gevoel dat kinder- en jeugliteratuur in Afrikaans toenemend “politiek korrek” moes wees en sekere temas moes aanraak; dit het my gelyk na 'n doenlyisie wat as't ware gekontroleer moes word. Vir my was die stelwyse duidelik satiries: absurd en oordrewe; vir ander ongevoelig. Vir alle duidelikheid: ek sou die lysie kon aanvul met “'n uitgehongerde Biafraan” of “onthoringde wit renoster” of “Vigs-wesie” sonder om daarmee te impliseer dat ek geen empatie met diesulkes het nie, maar wel verontwaardig is dat hulle almal juis misbruik is/word in 'n proses van tokenisme. Dit herinner aan die “tik van 'n boksie” het ek in my rubriek gesê. Dit is my verkwalik, maar hierdie stelwyse word deesdae orals gebruik, ondermeer in kommentaar oor Hollywood waar vir elke film daar as't ware 'n boksie afgetik word van politiek-korrekte temas.

Vervolgens, die ewe gewraakte opmerking oor homoseksualiteit as (persoonlike) probleem. Dit is geen stelling van algemene aard nie, want my rubriek handel oor kinder- en jeugliteratuur, en in my lees van letterlik honderde boeke wat binne hierdie kategorie val, het ek selde 'n kinderboek teëgekom oor homoseksualiteit waar dit nie eksplisiet (of implisiet) as probleem aangedui word nie. Hierin word ek gesteun deur internasionale voorbeelde. Van der Leeuw (2013) gee 'n uitvoerige oorsig van M. Foucault

15 Jonathan Swift se literêre pamflet, *A Modest Proposal* van 1729, het destydse lesers hewig ontstel en sommige het beweer dat hy kranksinnig was. Die rede vir die fel afwysing was omdat Swift se “oplossing” vir die Ierse hongersnood (en armoede) die vetmaak en slag van babatjies was. Die onderliggende morele inslag is misgekyk en veral sy satiriese objek, naamlik diegene wat verantwoordelikheid dra vir die haglik ekonomiese omstandighede in Ierland.

16 'n Oordeel wat berus op subjektiewe oorwegings en evaluerings wat dikwels tydgebonde is (sien Van Peer 2008).

(*The history of sexuality*, 1976) se uiteensetting van magsverhoudinge aangaande seksualiteit en bevind dat bykans geen jeugverhaal daarin slaag om werklik homoseksuele verhoudings suksesvol weer te gee nie; daarvoor word dit té dikwels nog as 'probleem' gerepresenteer of gesteriotipeer (kyk ook Seelinger 2000:102). Volgens Van der Leeuw (2013:154) is een van die redes "de onderdrukking waar homoseksuele karakters regelmatig mee te kampen hebben" en is die uitbeelding daarvan dikwels negatief en seksloos. Seelinger (2000:113) stel dat homoseksuele karakters dikwels soek na 'n katarsis "validation or acceptance of homosexuality" in die trant van "homo's is ook normaal, weet jy".

Wessels (2023:983) stel dat my rubriek handel oor "kinder- en jeugliteratuur vir Afrikaanstaliges met die versoek dat die behoeftes en eiesoortigheid van alle lede van die Afrikaanstalige samelewing raakgesien word en ewe veel erkenning verkry." Elders noem Wessels (2023:981) die 'kernargument' van die rubriek "n pleidooi teen politieke korrekte voorskrifte vir kinderboeke".

Ek sou in breë trekke akkoord kon gaan met Wessels se weergawe, maar wil byvoeg dat ek dit in my rubriek ook (en dalk veral) het oor die feit dat hedendaagse Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur nie die (sosiopolitieke) werklikheid weerspieël nie. Hierdie stelling van my word betwyfel deur Koorts (2022); aangehaal deur Wessels (2023:982), wat in haar rubriek sê haar beleving is dat "*'gewone' gesinne ook sterk figureer in kinderboeke en dat daardie gesinne se hedendaagse werklikheid weerspieël word* [in kinderliteratuur], (my kursivering)". Vanselfsprekend sal ek probeer om hierdie twee teenoorstaande standpunte in die onderhawige artikel te toets.

Soms word etiek en moreel onderskei deurdat die eersgenoemde beskou word as die akademiese refleksie van die wat die morele behoort te wees. Die taal waarin die aanvalle op my as persoon geloods was, was van so 'n aard dat ek as in wese beskuldig is van homofobie, 'n gebrek aan empatie met randfigure, wat neerkom op immorele gedrag. Wessels (2023) het egter oortuigend aangetoon dat verskeie van die aanvalle op my (veral die aanvanklike reaksie van Brits, 2022) mankgegaan het aan etiese leesgedrag: my rubriek is 'vertaal' in 'n diskoers volgens hul (swak) lees daarvan en hierdie konstruksie is vervolgens aangeval.

'n Beginsel is (i) universeel, (ii) konstant en (iii) 'n beginpunt vir menslike handeling. Vir my is dit eerlikheid, verset teen voorskriftelikheid en sensurering (veral in my vak die literatuurwetenskap) en dit het ek gemis in die korpus kinder- en jeugliteratuur waarna my rubriek verwys het: dit was oneerlik in die representasie van die werklikheid van Suid-Afrika anno 2022,

volg preskriptiewe riglyne en buig derhalwe die knie voor sensuur (kyk ook Strauss, 2023:426 t.a.v estetiese integriteit).

Basden (2023:528) onderskei drie transendentale probleme waarin telkens geloof 'n fundamentele rol speel op diverse maniere. (i) In teoretiese denke selekteer ons 'n aspek wat ons as belangrik beskou en isoleer dit deur ons fokus. (ii) Sodanige 'isolasie' het die gevolg dat die ondersoeker nooit volkome begrip kan ontwikkel nie. "But to properly build humanity's bodies of knowledge necessarily involves reunity aspects [...] We must harmonize the rationalities in ways that do not yield antinomies."

Self-kritek spruit vir Dooyeweerd slegs uit die verwysing na 'n veronderstelde Oorsprong van betekenis, "which is self-dependent and on which all else depends – what Clouser calls the 'Divine'. This necessarily involves faith of a religious kind." Volgens hom vind jy eers 'n *navorsingsdoel*, vind *data* om bevindinge te genereer (529) en plaas die bevindinge in 'n wyer konteks. Die reeks vrae van Basden (535) volg ek in hierdie artikel. Oplaas moet die ondersoeker, in die spore van Dooyeweerd jou eie 'grondmotief' duidelik uitspel (536). Dit probeer ek deurgaans doen; implisiet en eksplisiet.

6. Kinder- en jeugliteratuur

Jeugliteratuur is volgens Van Gorp, Delabastita en Ghesquire (2007:241 e.v.):

Literaire tekste hetzij eksplicit geskryf vir jongerens, hetzij deur volwassenes as uiters 'geskik' bevonden vir jong lezers. Het beeld dat de volwassene heeft van de jeugdige, zal de inhoud en de vorm van jeugliteratuur in sterke mate bepalen.

Gewoonlik verwys dit na *kinderliteratuur* én *adolesenteliteratuur/jeugliteratuur*. In eng sin verwys dit na tekste vir die ouderdomsgroep 12 tot 16 jaar (kinderliteratuur weer na die ouderdomsgroep van kleuters tot ongeveer 11 of 12 jaar). Hierdie onderskeid word internasionaal gemaak. Wat belangrik is, is dat die term slaan op boeke vir jongmense óf boeke wat volwassenes dink jongmense behoort te lees. Sodoende is dit logies dat opvattinge van volwassenes oor hoe kinders "behoort te dink en te wees" die publikasie van jeugliteratuur raak: immers uitgewers, resensente, illustreerders en die meeste kopers is volwassenes wat vanselfsprekend nie ook beteken dat kinders se voorkeure verreken word nie.

Jeugliteratuur ontstaan in die 18de eeu onder die invloed van pedagogiese vernuwings en bereik 'n hoogtepunt in die tweede helfte van die 19de eeu met die verskyning van talle klassieke romans soos *Alice in Wonderland*, *Pinocchio*, ensovoorts. Hoewel daar sterk uiteenlopende tekste bestaan, oorheers narratiewe tekste. Van Gorp e.a. (2007) onderskei veral tussen fantasieverhale en realistiese tekste. By die eersgenoemde is daar die sprokie, fabel en die allegorie. By realistiese literatuur kan onderskei word tussen avontuurverhale, historiese romans, sogenaamde “domestic tales” wat die alledaagse kinderwêreld op speelse wyse beskryf, probleemboeke en saaklike nie-fiksie (feitelike) boeke.

Jeugliteratuur was in die verlede 'n randverskynsel, omdat hoewel daar 'n kanon bestaan, dit in die geheel anders funksioneer as gekanoniseerde literatuur (vergelyk ook Wybenga en Snyman, 2005:12). Dit vertoon byvoorbeeld weinig vernuwende modelle en teer op genres wat in die verlede suksesvol was maar tans in diskrediet geraak het (bv. avontuurromans). Sedert die einde van die 1960's het die prentjie radikaal verander en bestaan daar veel meer belangstelling daarvoor. Daar is heelwat pryse, groeiende literêre kritiek (soos resensies) en meer ruimte in literêre tydskrifte en literatuurgeskiedenis word daaraan afgestaan. Wat belangrik is, is dat hierdie literatuur veral emansiperend was in die laaste dekades en die deurbreking van taboes het veral hoë lof ingeoes by opvoedkundiges. De Wet (2022:5) haal Adigüzel en Ayaz (“Values in youth literature: The case of *Bridge Books*”, 2020:551) aan wat jeugliteratuur ook *oorgangsliteratuur* noem omdat “die held of protagonis van die verhaal se soeke na identiteit [...] dikwels [eindig] in positiewe veranderinge en insigte”. Daarom is die lees van jeugliteratuur “'n belangrike bousteen in die kweek van 'n liefde vir lees en dien as inleiding tot volwasse en klassieke literatuur”. Baie skrywers probeer doelbewus om die kloof tussen volwasseliteratuur en jeugliteratuur te oorbrug en sulke skrywers word “dubbelpubliekouteurs” genoem. Opvallend is ook die hernude belangstelling vir fantasie en sogenaamde grieselliteratuur (in Afrikaans veral by Jaco Jacobs, Fanie Viljoen en Francois Bloemhof). Ten slotte is daar ook die beweging “Filosofere met kindere (F4C)” wat ook emansiperend is.

De Wet (2022:4) stel dat jeugliteratuur oor die vermoë beskik om “begrip en empatie vir ander, wat soos hulleself is, te kweek”. Jeugliteratuur het volgens Silva en Savitz (2019:324) ook die vermoë om die waarheid bloot te lê, of die leser daarvan hou of nie, en 'n bewuswording van moeilike kwessies, soos rassisme, kultuurverskille, boeliedrag, seksuele identiteit en geslagsgeweld, te skep.

Die Adolescenteroman (“young adult novel”; “Adoleszentenroman”) is romans vir jongmense van 15 tot 20 jaar. Daarin kom baie temas voor wat vroeër net in volwasseletterkunde gefigureer het, naamlik selfdoding, onsekerheid oor die eie seksuele identiteit, gesinsgeweld en bloedskande. Hierdie romans is in die eerste instansie psigologiese romans: die groei na volwassenheid en die soektog na die eie identiteit staan sentraal. Dit pas binne die brëer kader van die ontwikkelingsroman (*Bildungsroman*; “Coming of age novel” en die inisiasieroman) en is daarom ook dikwels bedoel vir jongmense én volwassenes (Van Gorp, e.a., 2007:21-2). Waaroor die meeste kritici dit eens is, is dat veral jeugliteratuur en adolessent literatuur die werklikheid moet uitbeeld soos dit is en nie moet idealiseer nie. Vergelyk die volgende aanhaling oor vloekwoorde:

To the majority of people, swearing is stigmatized and is considered as an inappropriate language that must be avoided and it is also connected with social inferiority, low level of education and low prestige; therefore, less has been done as far as this subject is concerned as it is believed that swearing does not belong in the academic sphere for the simple reason that it entails expressions that are socially established as a taboo, let alone when this subject is used in children’s literature. This latter is supposed to depict a world where children are portrayed in a goody-goody manner and where adults instruct in them how to distinguish the grey shades of life, to use an appropriate language free from unholy words, far from sensitive subjects that evoke in them negative and painful emotions. (Houari & Hadjoui, 2023:395)

Hulle stel dit ook onomwonde dat die hele begrip *taboe* iets is wat geskep word deur volwassenes, omdat ’n jeugverhaal geskryf word deur volwassenes en hulle ook die publikasiekanale beheer. Maar dis belangrik dat kinders blootgestel behoort te word aan taboe-temas:

Children are ready to face questionable topics which adults would like them not to know about. [...] All we are really trying to do is to tell them about life. What is wrong with that? And, in any case, they already know about life. [...] Honesty is the basic element. Any text you are working on, no matter whether it is realistic, fantastic or science fiction, must start from a basis of honesty. The truth of the topic must be told to the child, as much as possible, without mitigating that truth. It is necessary to recognise that children are brave little people who face many problems every day, just as adults do. (Tabernero Sala, 2017:124)

My rubriek het juis gehandel oor die “nuwe taboe-onderwerpe” wat weer eens neerkom op voorskriftelikheid. Vroeër was daar Afrikaanse jeugverhale wat taboes deurbreek het: voorhuwelikse seks (’n *Pot vol winter*), verhoudings oor die kleurgrens, homoseksualiteit en molestering (*Sit, oom Paul!* en

Die reuk van appels);¹⁷ nou lyk dit asof daar weer eens van voorskriftelikheid sprake is. In my rubriek het ek dit só verwoord:

Wel word dikwels teruggeskram van plaasaanvalle, korrupsie, die verval van dienslewering, beurtkrag, staatskorrupsie, gewelddadige (en misdadige) openbare optrede van bepaalde groepe, regstellende aksie en die kwotastelsel. Gevolglik voel die meerderheid boeke bietjie na wêreldvreemde tekste wat onder die hande van 'n sensor deurgeloopt het: soos weermagbriewe tydens die grensoorloë.¹⁸

Vanselfsprekend val die eersgenoemde taboe-onderwerpe binne 'n moraliteitsraamwerk, en dan veral dié wat heersend was in die apartheidstydperk. Daarom was die deurbreking van hierdie taboes toe (en ook nou) aanvaarbaar geag deur (progresiewe) skrywers en letterkundiges.¹⁹ Die laasgenoemde wat in my rubriek genoem is, kan dalk toegeskryf word aan grootskaalse misdadigheid, maar dra ook swaar aan rassekonotasies; veral daarom word hulle angsvallig vermy. Daarop kom ek later terug. Wat ek daar versuim het om te noem as taboe-onderwerpe, is gewelddadige of omstrede rasse- en godsdienstige verskille, motorkapings, gewapende roof, verkragtings en emigrasie. Jy hoef maar net daagliks die koerant te lees om verslae te kry van rasse-insidente, botsings tussen aanhangers van verskillende godsdienste (veral op die spits gedryf deur spanning in die Midde-ooste), die omvang van gewapende roof, verkragtings en motorkapings en moord.²⁰ Om te beweer (soos dikwels gedoen word) dat “jong middelklas

17 Destyds het ek my hewig verset teen die taboe wat daar was op hierdie temas; ek was ook deel van die paneel (die Letterkundekommissie) wat die Eugène Maraisprys toegeken het aan Mark Behr vir *Die reuk van appels* in 1994 en het positiewe resensies oor heelwat van dié omstrede boeke geskryf. In my lang loopbaan was ek deurgaans sterk gekant teen voorskriftelikheid, veral wat literêre werke betref.

18 Hier sou ek die lys aanmerklik kon uitbrei.

19 'n *Pot vol winter* (1992) deur Maretha Maartens is gepubliseer in 1994, Mark Behr se *Die reuk van appels* in 1995 en *Sit, oom Paul* deur Johann de Waal in 1995.

20 My dank aan Dirk Kok, redakteur van Volksblad wat die volgende skakels met my gedeel het: “Polisie se amptelike misdaadstatistieke, die jongste asook die syfers wat einde verlede jaar bekend gemaak is. Die polisie spesifiseer nie plaasmoorde nie, maar hier is wel berigte onder met getalle.”

<https://www.network24.com/network24/nuus/misdaad/moordsyfer-styg-in-laaste-3-maande-van-die-jaar-20240216>

<https://www.network24.com/network24/nuus/misdaad/misdaadstatistieke-wys-regering-laat-saners-in-die-steek-20240216>

<https://www.network24.com/network24/nuus/misdaad/kyk-jongste-misdaadsyfers-bekend-gemaak-20240216>

<https://www.network24.com/network24/nuus/misdaad/byna-7-000-moorde-binne-3-maande-in-sa-gepleeg-20231117>

<https://www.network24.com/network24/nuus/aktueel/plaasaanvalle-styg-met-21-in-bloedige-3de-kwartaal-20231115>

<https://www.network24.com/network24/nuus/aktueel/memorandum-oor-plaasaanvalle-gemeenskap-kan-nie-ledig-sit-se-afriForum-20231012>

<https://www.network24.com/network24/nuus/politiek/verslag-wys-vervolg-vir-plaasaanvalle-en-moorde-net-5-20230912>

<https://www.network24.com/network24/nuus/misdaad/veediefstal-in-vs-is-n-gorganiseerde-misdaad-20231103>

kinders” – soos mense wat ’n klasseverdeling voorstaan hulle soms neerbuigend noem – steeds daarvan verwyder is, is hoogs betwyfelbaar. In die eerste plek sou so ’n aanname neerkom op die stelling dat juis hulle die waarskynlike lesers van kinder- en jeugliteratuur is; ’n aanname wat gewoon spekulatief is. Wat van behoeftige (of ryk) kinders wat boeke uitneem by biblioteke, boeke leen of as voorgeskrewe tekste het? Daar is talle gesinne in die Afrikaanssprekende gemeenskap wat deur die bostaande kwessies geraak word. Van die voor die hand liggende voorbeelde is plaasmoorde, gewapende roof, motorkapings, bende-geweld en veral emigrasie: byna elke gesin (of hul vriende of familie) het of ken mense wat geïmigreer het óf dit oorweeg, en dit veroorsaak ook psigologiese probleme (Ferreira, 2024a). Daar is talle Afrikaanssprekende jongmense in die buiteland wat ook steeds kinder- en jeugverhale in Afrikaans lees. Die rede vir hierdie opvallende lakune is duidelik: ’n boek oor emigrasie moet die redes vir hierdie ingrypende besluit aanraak, en dit voer natuurlikerwys veral na die taboe-onderwerpe hier bo genoem, verreweg die hoofrede vir emigrasie.²¹ Een verklaring is natuurlik dat dit die hele konstruk van die reënboognasie, versoening en harmonie tussen rasse op losse skroewe plaas; die ander redes kom later ter sprake. Wat duidelik gestel moet word is nie dat rass spanning deur kinder- en jeugliteratuur aangewakker moet word nie, maar dat deur die

Emigrasie:

<https://www.network24.com/network24/sake/geldsake/beroepe/byna-1-m-mense-emigreer-in-5-jaar-20230308>
<https://www.network24.com/network24/sake/ekonomie/6-000-wat-emigreer-is-wel-n-probleem-al-dink-kieswetter-nie-so-nie-20230210>

<https://www.network24.com/network24/nuus/aktueel/1-miljoen-verlaat-sa-in-vyf-jaar-20220417>
<https://www.network24.com/network24/sake/ekonomie/helfte-van-rykeres-die-met-grade-wil-land-verlaat-20220916>
<https://www.network24.com/network24/nuus/in-diepte/emigrasie-is-die-gras-werklik-groener-daar-20200220>
<https://www.network24.com/network24/sake/geldsake/beroepe/beurtkrag-emigrasie-knou-huiswerkers-20230801>
<https://www.network24.com/network24/promosie/emigrasie-die-drie-lande-is-gewildste-vir-sa-rykes-20210729>

My dank aan Johan Nortjé (Afriforum) wat hierdie statistiek met my gedeel het:

https://www.saps.gov.za/services/downloads/2023-2024%20_Annual_WEB.pdf

2023: Jan tot Maart:

<https://www.saps.gov.za/services/downloads/4th-Quarter-January%202023-March%202023.pdf>

2023: April tot Junie https://www.saps.gov.za/services/downloads/april_june_2023_24_quarter1_presentation.pdf

2023: Junie tot September

https://www.saps.gov.za/services/downloads/2023-2024_-_2nd_Quarter_WEB.pdf

2023: Oktober tot Desember:

https://www.saps.gov.za/services/downloads/2023-2024_-_3rd_Quarter_WEB.pdf

Statistiek SA: <https://www.statssa.gov.za/publications/P0341/P034112023.pdf>

Plaasmoorde en aanvalle vervolgings deur AfriForum:

<https://afriforum.b-cdn.net/wp-content/uploads/2023/09/Rural-injustice-The-low-prosecution-rates-for-farm-attacks-and-murders-September-2023.pdf>

- 21 Geverifieerde syfers oor emigrasie is byna nêrens verkrygbaar nie omdat getalle swak aangeteken word, baie vertrekke aanvanklik tydelik is en party emigrante later terugkeer. Dr. Sulette Ferreira (Ferreira, 2024b), ’n emigrasieterapeut, beraam die totaal op meer as 1 000 000 in die afgelope 5 jaar; soms tot soveel as 29 000 per maand. Volgens haar is sosiopolitieke redes nie ál rede vir emigrasie nie; getalle neem egter wel beduidend toe na politieke verklaarings, verkiesings en met ’n toename in byvoorbeeld beurtkrag.

noem en bespreking van genoemde taboe-onderwerpe trauma hanteerbaar (en selfs oplosbaar) kan raak.

Hierdie gevolgtrekking in my rubriek was gebaseer op die vorige drie jaar se kinder- en jeugverhale,²² maar – eie aan 'n rubriek – was dit 'n stelling gemik op reaksie en nie wetenskaplik getoets nie. Die laasgenoemde doen ek nou in hierdie artikel. Hoewel ek ook by ander beoordelingsprosesse van kinder- en jeugliteratuur betrokke was, bevat die voorgelegde tekste vir die twee Akademiepryse (die Alba Bouwerprys vir kinderliteratuur en die Scheepersprys) waarskynlik die belangrikste tekste binne die twee kategorieë (kinder- en jeugliteratuur). Vir alle duidelikheid: ek behandel nie tekenboekies en boeke vir baie jong kinders nie, ook nie nie-fiksie (godsdienstig of opvoedkundig) nie, want my rubriek het nie oor sulke boeke gehandel nie. Daar is derhalwe baie weglatings by die boeke wat voorgelê is vir die Alba Bouwerprys omdat dit hier gaan oor kinderliteratuur. Wat die Scheepersprys se tekste betref, word slegs drie nie-fiksie-tekste weggelaat.

Vervolgens ontleed ek die 33 boeke wat oorbly (en waarna my rubriek primêr verwys), aan die hand van die motiewe en temas daarin. Bladsyverwysings word telkens verskaf ten einde kontrolering te vergemaklik. Omdat interpretasie en evaluering van die boeke subjektief is, skram ek so ver as moontlik daarvan weg. My rubriek het gehandel oor die vorige drie jaar se jeugliteratuur soos voorgelê deur uitgewers en opgespoor deur myself. Ek reken derhalwe dat hierdie boeke méér as verteenwoordigend is en bykans al die beste boeke van daardie tydperk verteenwoordig. As samevatting van hierdie afdeling volg 'n skematiese voorstelling wat vir sigself spreek. Ek spits my ook toe op Afrikaanse boeke, want daaroor het my rubriek gehandel. Kidd en Joseph (2016) verskaf egter 'n boeiende oorsig oor die politiese en estetiese oorwegings by prystoekenning by jeugliteratuur in Australië, Kanada en die VSA en die ideologiese onderbou wat dikwels 'n rol speel. Die volledige opsomming van die tematiese inhoud van al die boeke – wat die empiriese basis vorm vir die skematiese voorstelling wat hier volg, verskyn in Bylae 1.

22 Ek was in daardie stadium al oor die 20 jaar lid van die Letterkundekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en al sou ek ook verwys het na hierdie tydperk se kinder- en jeugliteratuur sou my bevindings nie juis verskil het nie

Aspekte wat volgens die rubriek te weinig aandag ontvang het										Aspekte wat volgens die rubriek oorbeklemtoon is						
Tekste	Emigrasie	Plaas- aanvalle	Gewapende roof	Verkrag- ting	Mense- handel	Restellende aksie	Diens- lewering	Motor- kappings	LGBTQIA+	Neuro- diversiteit	*Reënboog- idealisme*	Fisiese gestremdheid	Buitensissige karakters	Kwettsende stereotyperings	Anti- dekoloniasie/ (Afrikaner)- nasionalisme	Gesinspro- blematiek
1											✓✓		✓			✓✓
2										✓✓	✓✓		✓	✓✓		
3									✓✓	✓✓	✓✓		✓✓	✓		
4	✓										✓✓			✓✓	✓✓	✓
5								✓			✓✓			✓✓	✓✓	✓
6									✓✓				✓	✓✓	✓✓	✓✓
7									✓✓		✓✓			✓	✓✓	✓✓
8									✓✓	✓✓		✓✓	✓✓	✓✓	✓✓	✓✓
9											✓✓			✓	✓	✓
10											✓✓		✓		✓✓	
11											✓✓		✓✓			
12											✓✓		✓✓	✓		✓✓
13									✓		✓			✓	✓	✓
14											✓✓		✓✓	✓	✓✓	✓✓
15										✓✓	✓✓	✓✓	✓✓	✓	✓	✓
16											✓✓		✓✓	✓✓	✓✓	✓✓

Aspekte wat volgens die rubriek te weinig aandag ontvang het										Aspekte wat volgens die rubriek oorbeklemtoon is						
Tekste	Emigrasie	Plaas-aanvalle	Gewapende roof	Verkragting	Mensehandel	Restellende aksie	Diensoorlewering	Motor-voertuig-oortrekkings	LGBTQIA+	Neuro-diversiteit	*Reënboog-idealisme*	Fisiese gestremtheid	Buitensigse karakters	Kwetsende stereotipings	Anti-dekolonisasie/(Afrikaner)-nasionalisme	Gesinsproblematiek
18									✓✓		✓✓		✓✓			✓✓
19										✓✓	✓	✓✓	✓✓		✓	✓
20									(✓)		✓✓		✓✓			✓✓
21								✓			✓✓					✓✓
22											✓✓		✓✓		✓	✓✓
23											✓✓	✓✓	✓✓			✓✓
24											✓✓		✓✓			✓✓
25										✓	✓✓		✓✓		✓✓	✓✓
26											✓✓		✓✓			✓
27								✓		✓✓	✓✓		✓✓		✓	✓✓
28									✓✓	✓	✓✓	✓✓	✓✓	✓✓	✓	✓✓
29											✓✓	✓✓	✓✓	✓✓	✓✓	✓✓
30									✓		✓✓			✓✓	✓✓	✓✓
31										✓✓	✓✓	✓✓	✓✓	✓✓	✓✓	✓✓
32											✓✓		✓✓	✓✓	✓✓	✓✓
33									✓✓				✓✓	✓✓	✓✓	✓

In die bostaande skematiese voorstelling dui 'n regmerkies tussen hakies op iets wat byna net genoem word, een regmerkies op die aanwesigheid van die betrokke motief en twee regmerkies op 'n baie belangrike motief. Uit die bespreking en skematiese voorstelling blyk duidelik dat die boeke se motiewe veral handel oor die reënboognasie-ideaal, gesinsproblematiek en buitenissige karakters, hoewel ander motiewe, soos stereotipering en anti-dekoloniasie/anti-Afrikaner-nasionalisme ook prominent figureer. Verder blyk duidelik dat nie één boek diepgaande handel oor die taboe-onderwerpe wat ek in my rubriek genoem het en hier bo aangevul het nie. Trouens nie eers één boek rep maar iets van die afgelope jare se frustrasies vir gewone huishoudings: beurtkrag, swak dienslewering (soos verwydering van vullis), slaggate in paaie en patetiese polisiëring nie. Dit is derhalwe duidelik dat Koorts (2022, aangehaal deur Wessels (2023:982), se opmerking dat haar beleving is dat “‘gewone’ gesinne ook sterk figureer in kinderboeke *en dat daardie gesinne se hedendaagse werklikheid weerspieël word* [in kinderliteratuur], (my kursivering)” berus op 'n oppervlakkige of gebrekkige beleving; die “hedendaagse werklikheid” word juis nie weerspieël nie; veel eerder 'n geïdealiseerde een. Omdat die ideaal van die reënboognasie en die gepaardgaande leuse “saam kan ons” in soveel boeke voorkom, is dit haas ondenkbaar dat maar iets gerep kan word van enige onderwerp wat die rassesituasie in Suid-Afrika problematiseer.

Die gemiddelde huisgesin in Afrikaanse huishoudings sukkel met verhoudings (tussen gesinslede en met ander), ekonomiese omstandighede (waaronder werkloosheid), sosiale omstandighede (soos armoede, drankmisbruik, geweld), en wat jongmense betref met onsekerheid, ontluikende liefde, aanpassing, voorkoms ... Dis net bevoorregtes wat ontsnap aan die gevolge van die ineenstorting van dienste (watervoorsiening, vullisverwydering, polisiëring, beurtkrag en derglike). Dit skep frustrasie, woede en selfs angs en 'n gevoel van onveiligheid en vervreemding. Om dit alles af te maak as onbelangrik is arrogant. Tog speel dit meestal 'n ondergeskikte rol in eietydse Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur. Dat dit toevallig is, is vir my nie 'n oortuigende verklaring nie, want nes Carl Gustav Jung glo ek eerder aan *sinchronisiteit*, 'n begrip wat op verskillende maniere geïnterpreteer kan word. Ek sien hierdie “toeval” derhalwe eerder in terme van “tydgees” of die heersende sosiopolitieke diskoers. Oor tydgees sê Hugo (2023:38): “In Suid-Afrika word die huidige tydgees veral bepaal deur politieke korrektheid. Resensente en pryskomitees (en sou ek wou byvoeg uitgewers, joernaliste en rubriekskrywers) doen maar al te graag mee. Maar ook dit sal verbygaan, soos die Bybelse Prediker drieduisend jaar gelede al geweet het.” In die volgende afdelings word “tydgees” en die korstondigheid daarvan verder bespreek met verwysing na die begrippe *herskrywing* en *sisteem*.

Bostaande opmerkings is van 'n hipotetiese aard en verg gewoonlik toetsing om op wetenskaplike bene te staan. Brown (2012) se argument is dat waardes óók 'n rol in hierdie proses (kan/behoort te) speel. Daar is volgens hom (Brown 2012:2) twee argumente ten gunste hiervan, naamlik die *gaping-argument* en die *fout-argument*. Die eersgenoemde gaan daarvan uit dat daar altyd 'n gaping bestaan tussen teorie en waarneming:

No theory can be tested in isolation because of the need for auxiliary assumptions in order for theories to generate testable hypotheses. This is generally taken to imply that no theory can be definitively falsified by evidence, as the choice between rejecting the theory, altering the background assumptions or even (though more controversially) rejecting the new evidence itself as faulty is *undermined* by each new item of evidence (Brown, 2012:3).

Daar is dus altyd 'n gaping tussen teorie en waarneming, en daardie gaping word gevul deur sosiale waardes.

Die *fout-argument* (induktiewe risiko) gaan uit van die standpunt dat die aanvaarding of verwerping van hipoteses nooit met absolute sekerheid kan geskied nie, “[s]o, inquirers must decide whether there is *enough* evidence to accept or reject the hypothesis” (Brown, 2012:5). Wat “genoeg” is, hang saam met hoe belangrik die vraag is, met ander woorde hoe ernstig die gevolge is van 'n fout. Waardes mag nie beskou word as die redes waarom hipoteses aanvaar of verwerp word nie: “[v]alues are nor reasons guiding belief or acceptance; they instead guide decisions about how to manage uncertainty” (Brown, 2012:6). In tradisionele wetenskapsbeoefening bestaan daar altyd die vrees dat waarde-oordele 'n ondersoek rig (en selfs kan verwring). Daarom “what we value (which involves the way the world to be) is only a consideration *after* we take all the evidence (which fixes the way the world is) into account.” Dus éérs die bewyse, dan die waardes (Brown, 2012:8). Brown staan eerder 'n ander benadering voor, naamlik “the joint necessity of evidence and values, which require joint satisfaction of epistemic criteria and social values” (Brown, 2012:10). Hierdie meer pragmatiese benadering onderskei tussen bewyse, (teorie) en waardes in ondersoek, maar is teweens een waar bewyse én waardes beskou word as wedersyds noodsaaklik.

Strauss (2005a:18) verwerp die opvatting dat normatiwiteit (of waardes) voortdurend onderworpe is aan wysiging en verandering en dat daar dus geen standhoudende standaarde is nie; trouens die stelling dat alles veranderend en relatief is, is sigself 'n sirkelredenasie (11). Moderne historisisme is destruktief: “dynamics and change loose all meaning outside the *coherence* with something constant” (18). Einstein se relativiteitsteorie handel eintlik oor beweging relatief tot 'n konstantheid.

Samevattend sê Strauss (2005a:21) dat 'n mens die historisiteit en linguistikaliteit én die voorlopigheid van alle wetenskaplike/akademiese insigte en aktiwiteite kan erken, asook dat interpretasies getoets moet word en dikwels omskep moet word tot nuwes. Werklike relativisme bereik egter presies die teenoorgestelde as wat beoog word “since it invariably results in the (antinomic) absolutization of something relative. Relativism is unable to account for the overwhelming (concept-transcending) meaning – coherent within reality.”

In die hieropvolgende afdeling word die teorie van Lefevere uiteengesit as 'n moontlike verklaringsmodel, word sy (en ander) empiriese gegewens ondersoek en evalueer en kom waardes (ook my eie) aan bod. In ooreenstemming met onder ander Harding se opvatting hierbo, kom my eie perspektief en posisie-inname *in die rubriek* (derhalwe ook my waardes) duidelik uit die verf. Dit is ondermeer die bevraagtekening van enige kniebuigings bloot ter wille van politieke korrektheid (en met uitsluiting van teenstrydige empiriese gegewens), 'n afkeer van (literêre) sensuur en voorskriftelikheid, hetsy implisiet en eksplisiet én van opportunisme wat daarop neerkom dat mense en groepe misbruik word vir eie gewin.

7. Herskrywing

[Strauss (2023:xii) sê dat Herman Dooyeweerd, die bekende Nederlandse (regs)filosoof wie se denke die hoeksteen vorm van die Christelik-Wysgerige tradisie in die filosofie, eintlik twee kernkonsepte van die filosofie van die wetenskap vooruit geloop (of “geantisipeer”) het. Dit is die opvatting dat (a) alle teoretiese denke ingebed is in 'n “ultimate commitment” (uiteindelike verbintenis/toewyding), en (b) dat dit gerig word deur 'n “paradigma” of teoretiese raamwerk. By Dooyeweerd is daar die onderskeid tussen 'n sogenaamde “grond-motief” en basiese transendentale idee.

Strauss (2009:59) sê dat wetenskaplikes in wese twee opsies het, maar slegs een keuse:

- (a) hulle gee 'n verslag van hul filosofiese voorveronderstellings (presuppositions) waarmee hulle werk, in welke geval hulle funksioneer binne 'n filosofiese siening van die realiteit, of
- (b) hulle vertrek implisiet (onkrities) van die een of ander filosofiese siening van realiteit in welke geval hulle die slagoffers is van 'n filosofiese siening.

Veral die laasgenoemde wat handel oor die onkritiese besef dat 'n mens “vasgevang” is binne 'n denkraamwerk waarvan jy nie altyd bewus is nie en

wat jy derhalwe ook selde krities betrag, is 'n baie belangrike insig wat strook met opvattinge van onder andere Bourdieu (1993) oor *habitus*; Even-Zohar (1990) oor *repertoire*; Foucault (1994 [1971]) oor *diskursiewe formasies*, Hall (1997) oor *kulturele praktyke*, Kuhn (1962) oor *wetenskaplike paradigmas* en Lefevere (1992) oor *herskrywing binne 'n bepaalde literêre sisteem en patronaatskap*.

Lefevere (1992) se boek oor vertaling as herskrywing beklee steeds 'n seminale posisie binne die vertaalwetenskap, veral omdat dit een van die eerste werke is wat vertaling vanuit die literêre sisteemteorie beskou. Een van die groot winste van Lefevere se werk is die feit dat hy vertaling nie beperk tot die oorsetting van woorde en sinne nie, maar in 'n veel breër konteks plaas. Nog 'n wins is dat die begrip *vertaling* nie eng opgevat word as blote taalmatige oorsetting van 'n bronteks na 'n doelteks nie. Vertaling is vir hom herskrywing en alle herskrywings is vorme van manipulasie omdat dit nooit belangeloos geskied nie, maar 'n sekere ideologie en poëtika weerspieël. Vir Lefevere (1992:9) kom dieselfde basiese proses van herskrywing voor in vertaling, (literêre) geskiedskrywing, die saamstel van bloemlesings, teksedisie, literêre kritiek en die transmediasie (ook genoem *adaptasie* van films):

Rewriting is manipulation, undertaken in the service of power, and in its positive aspect can help in the evolution of a literature and a society. Rewritings can introduce new concepts, new genres, new devices and the history of translation is the history also of literary innovation, of the shaping power of one culture upon another. But rewriting can also repress innovation, distort and contain, and in an age of ever increasing manipulation of all kinds, the study of the manipulation processes of literature as exemplified by translation can help us towards a greater awareness of the world in which we live (1992:vii).

8. Herskrywing, patronaatskap en sisteem

'n Ander boeiende (en steeds toepasbare insig) van Lefevere is dat herskrywing altyd geskied binne 'n sisteem van patronaatskap. In die Middeleeue was die borg ("patron"/"sponsor", weldoener, beskermheilige, ensovoort) gewoonlik die kerk, graaf of koning, en met die opkoms van die middestand, 'n welgestelde persoon. Hierdie stelsel van patronaatskap het deur die eeue gelei tot die produksie van belangrike letterkundige tekste, maar ook van komposisies, skilderye, beelde en bouwerke. In die moderne era is ons geneig om die onafhanklikheid van die skrywer te beklemtoon (veral hy/sy se afkerigheid van materiële middele). Juis die laasgenoemde

word dikwels verbind met “ware skrywerskap”.²³ Lefevere toon oortuigend aan dat die sisteem van patronaatskap vandag steeds die literêre lewe bepaal, miskien nie meer die adel nie, maar nou in die vorm van bepaalde diskoerse wat die goedkeuring geniet van hulle wat ’n mens die literêre elite binne ’n literêre sisteem sou kon noem. Dit is die sisteem wat beperking oplê en Lefevere doen moeite om enige sweem van ’n samesweringsteorie te weerlê; dit is nie my bedoeling nie, sê hy

to give the impression that there is a ruthless, unprincipled, and excessively cunning band of translators, critics, historiographers, editors and anthologists “out there”, snickering as they systematically “betray” whichever work(s) of literature they are dealing with (Lefevere, 1992:15).²⁴

Ook skrywers is nie booswigte nie. Maar hulle almal ontkom nie aan die beperkinge wat die sisteem oplê nie; selfs dikwels moeilik waarneembare beperkings, verwant aan wat Foucault in historiese verband noem “diskursiewe formasies”, daardie historiese beperkings wat aan ons almal opgelê word. Foucault (1980:119) voer juis aan: “[W]hat makes power hold good, what makes it accepted, is simply the fact that it doesn’t only weigh on us as a force that says no, but that it traverses and produces things, it induces pleasure, forms knowledge, produces discourse.”

Hoe dit werk volgens Lefevere, is dat daar ’n tweeledige kontrolerende faktor bestaan: omdat die literatuursisteem onderdeel uitmaak van omringende sisteme wat almal relatief oop staan ten opsigte van mekaar; het die literêre sisteem dus slegs relatiewe outonomie ten aansien van ander sisteme (soos die kulturele, die sosiopolitieke en selfs religieuse sisteme). Dit is ’n belangrike insig wat uitbreiding en aanvulling verdien. In konkrete terme bestaan die Afrikaanse letterkundige sisteem nie totaal onafhanklik nie en onderhou dit bande met omringende sisteme. Die belangrikste hiervan is die sosiopolitieke sisteem waarvan die regering hiërargies gesproke weer die belangrikste is. Hulle maak immers wette waardeur skryfwerk, soos boeke verban kan word; hulle hanteer die groot beursie waarmee subsidies en aankope betaal word; hulle bepaal watter werke voorgeskryf word, watter uitgewers bevoordeel word, en derglike. Wanneer hier verder dus gepraat word van “instelling” word nie onderskei tussen die regering en die kulturele elite binne die literêre sisteem nie. In alle historiese tye is die band tussen

23 Vir ’n uitvoerige bespreking sien Erasmus-Alt en Van Collier (2021:66-71) hieroor.

24 Herskrywers leef altyd binne ’n sisteem van patronaatskap: die koning of graaf; ’n weldoener of in moderne tye ’n kulturele elite binne ’n literêre sisteem. Dit is mag wat diskoerse produseer, het Foucault reeds opgemerk (Lefevere, 1992:15). As jeugboekskrywers politiek-korrek skryf, is dit omdat uitgewers dit voorskryf óf omdat diskoerse in die samelewing (oor homoseksualiteit, gender-gelykheid, die reënboognasie, ens.) dit voorskryf.

hulle heg.

Tweedens word die sisteem, aldus Lefevere, “gekontroleer” deur die sogenaamde professionele mense, wat die literêre sisteem betref. Resensente, kritici, onderwysers, dosente, vertalers, en derglike. “They will occasionally repress certain works of literature that are all too blatantly opposed to the dominant concept of what literature should (be allowed to) be – its poëtics – and of what society should (be allowed to) be – ideology” (Lefevere, 1992:15).

Hulle sal ook dikwels boeke herskryf totdat hulle poëtikaal en ideologies aanvaarbaar is. Die herskrywing van gewilde reekse uit vervloë tydperke (*Trompie*, *Saartjie*, *Die uile*) en talle enkelwerke (veral jeugliteratuur) en die verwydering van (ras)pejoratiewe daaruit, is algemeen bekend hoewel dit vanselfsprekend ook geskied weens sake-oorwegings.

Hieruit kan 'n mens aflei dat sodanige herskrywers moeite doen om die heersende sisteem te beskerm. Omdat die kanon altyd verband hou met die heersende paradigma of sisteem sal alles in die stryd gewerp word om werke wat nie herskryfbaar geag word nie, uit die kanon te probeer verwyder. Die kritici wat dalk voorstanders van hierdie werke is (byvoorbeeld positief daaroor gepubliseer het), kan in die proses maklik ook teikens raak. Verdere voorbeelde van sodanige herskrywing is bloemlesings wat hersaamgestel word (byvoorbeeld André P. Brink se nuwe uitgawe van Opperman se *Groot verseboek*, 2008) of die saamstel van nuwe bloemlesings (soos dié van Komrij, 1999 en van Foster & Viljoen, 1977).²⁵ Standaardisering (soos die maak van woordeboeke) is 'n verwante proses. Voorstanders van die sisteem sal woordeboeke eers probeer *hetskryf* (dus kuis van byvoorbeeld raspejoratiewe) of *vervang* met nuwe woordeboeke wat beter pas by die heersende sisteem. Hierdie strategieë is duidelik sigbaar in Suid-Afrika waar bepaalde rassismes (en seksismes) weggelaat word uit Afrikaanse woordeboeke en die standaardtaal (wat verbind word met 'n vorige sisteem)

25 Brink (2008:v–xi) wys op sy poging om die uitgawe van *Groot Verseboek* meer verteenwoordigend te maak (vi), dat daar by Opperman “ook leemtes en stilte enersyds en ideologiese bagasie andersyds” was (vi), dat hy die kanon wil “oopmaak” (viii) en “die ganse verskeidenheid” stemme, ondermeer van “meer bruin en ook swart sprekers van die taal” te laat hoor. In *Poskaarte* van Foster en Viljoen (1977:xxv) was die belangrikste hoofdoelstelling die weergawe van die “verskeidenheid van tendensies in die Afrikaanse poësie”. Hoewel Komrij (1999: ? duidelik sê dat hy “zonder één idee vooraf en ongehinderd door welke belangengroepen ook al, alleen naar de poëzie wilde kijken”, is sy keuse duidelik onderlê deur bepaalde poëtikale en ideologiese uitgangspunte, veral deur 'n voorkeur vir 'n bepaalde aweregsheid (én skunnigheid) by digters.

onder druk staan.²⁶

9. Patronaatskap

’n Patronaatskap bestaan volgens Lefevere (1992) uit drie komponente: ideologie, ekonomie en status.

Die instelling beheer dus al drie en “verwag” van die “begunstigdes” dat hulle *ideologies* inpas in handel en Wandel, in die onderhawige geval in hul skryfwerk. As teenprestasie sal die instelling hulle vergoed in materiële terme: as uitgewer sal jou boeke voorgeskryf word; as skrywer sal jou boeke aangekoop word (ook deur instellingsbeheerde biblioteke, skole en universiteite). Voorts is daar ook sprake van kulturele kapitaal (Bourdieu) wat aan hulle gegee sal word. Hulle sal pryse en medaljes en ander akkolades ontvang van die instelling (en al die “instrumente” wat hulle doelbewus met die instelling verbind). Dit sluit universiteite in (eredoktorsgrade en toekennings); koerante en tydskrifte, literêre pryse wat in die hande van borge is (gewoonlik sake-instellings vir wie goeie bande met die patronaatskap noodsaaklik is).

Die teenoorgestelde situasie is net so waar. Bots iemand ideologies en/of poëtikaal met die instelling word hy of sy ekonomies en statusgewys “gestraf”. Dit het veelvuldig gebeur in die apartheidsyd weens ideologiese redes (dink maar net aan die geval-Uys Krige), maar ook poëtikaal omdat digters wie se

26 Die weglating van leksikale items uit woordeboeke is lank reeds ’n omstrede saak. Katherine Martin, Head of Product, Oxford Languages said: ‘Bitch is quite a common word in English. Part of what we do as lexicographers is to show the full range of meanings that it has. To not show any aspect of a word’s use would be akin to censorship. Lexicographers want to make facts available to the public, and the more synonyms and information [a word] has, the better.’ Oxford University Press. Dis egter nie ’n mening wat alle woordeboekmakers onderskryf nie. Selfs tydens hierdie paneelbespreking het Eleanor Maier, Uitvoerende redakteur van die *Oxford English Dictionary* gesê dat woordeboekmakers noukeurig moet beskryf hoe taal gebruik word en dit beteken insluiting van seksistiese en rassistiese taal wat egter gekontekstualiseer moet word.

In Meyer, Stoman en Fourie (2024) word die volgende gesê:

In ons algemene en skoolwoordeboeke word taboewoorde in hersienings en nuwe uitgawes geskrap. Sommige woorde van historiese belang (omdat dit steeds in byvoorbeeld ouer geskiedenis tekste voorkom) word geëtiketteer as “verouderd” of “argaies” of “neerhalend”, terwyl sommige woorde as “verouderend” gemerk word, byvoorbeeld geslagswoorde wat aanstoot kan gee.

In Hartevelt en Van Niekerk (1995) word daar ook duidelike riglyne weergegee wat die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* neergelê het vir die hantering van “beledigende en sensitiewe leksikale items”. Die hou ook in dat sekere woorde nie meer opgeneem word in gepubliseerde uitgawes van die woordeboek nie, maar wel digitaal bewaar word. Sien ook Myburgh en Luther (2020).

poëtika radikaal verskil het met dié van Opperman swak verteenwoordig was in sy bloemlesings. Uit *Vernuwing in die prosa* blyk ook dat N.P. Van Wyk Louw redelik negatief staan teenoor bepaalde skrywers (byvoorbeeld Elize Muller en Etienne Leroux) weens poëtikale opvattings. 'n Beter voorbeeld van ekonomiese benadeling is kwalik te bedink as Steve Hofmeyr.

Na die polemieë oor my rubriek, is ek op al hierdie wyses “gestraf”: As voormalige voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is ek binne hierdie organisasie gediskrediteer en verneder; die opsegging van my uitnodiging van die Rijksuniversiteit van Gent (en die gevolglike weiering van my visum) het my duisende rande gekos; die opheffing van my aanstelling as buitengewone professor aan die Noordwes-Universiteit deur die navorsingsdirekteur, prof. Phil van Schalkwyk, het finansiële én akademiese benadeling beteken, en openbare aanvalle (soos beledigende rubrieke in dagblaaie en *Rapport* en ongebreidelde aanvalle op my, soos deur dié van die huidige voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns), prof. Ilse Feinauer, het my reputasie onherstelbaar benadeel. Terwyl daar ná die polemieë oor talle besprekings van hierdie rubriek of kinder- en jeugliteratuur was (by Kunstefeesse soos die Woordfees en Vrystaatse Kunstefees) is ek na geen enkele geleentheid uitgenooi om my eie standpunt te stel of te verduidelik nie; ook nie deur een forum waar daar skriftelik verdere besprekings hieroor was nie.

Die patronaatskap/instelling vereis dat dié wat deur hom ondersteun word as teenprestasie moet optree as lofsangers en hom moet bewierook. Daarom sal ernstige kritiek teen die patronaatskap (soos die regering) selde voorkom by mense wat deur hulle vereer en onderhou word (skrywers) en in boeke van uitgewers wat ekonomies afhanklik is van die instelling óf sal dit besonder omsigtig geskied.

Lefevere (1992:19) sê dat die instelling alles in sy vermoë sal doen om binne 'n bepaalde tydsnit die dominante poëtika af te dwing

certain works of literature will be elevated to the level of “classics” within a literary system by using it as the yardstick against which current production is measured. Accordingly, relatively short time after publication, while others are rejected, some to reach the exalted position of a classic later, when the dominant poëtics has changed.

Vergelyk in hierdie verband die wyse waarop Francois Smith se werke ontvang is, veral oor die “politiek-korrekte” hantering van die posisie wat 'n swart karakter (en 'n verkragte vrou) daarin inneem.²⁷ Wat wel belangrik is

27 Oor Francois Smith en die ontvangs van sy debuutwerk kan Erasmus-Alto en Van Coller (2021:199-236) geraadpleeg word.

volgens Lefevere is dat werke wat langer terug as vyf eeue gekanoniseer is

tend to remain secure in their position, no matter – how often the dominant poetics itself is subject to change. This is a clear indication of the conservative bias of the system itself and also of the power of rewriting, since while the work of literature itself remains canonized, the “received” interpretation, or even the “right” interpretation quite simply changes.

Hierdie opmerkings van Lefevere sou *mutatis mutandis* ook van toepassing kon wees op die Afrikaanse letterkunde, hoewel met “inkrimping”: ouer werke (soos dié van D.F. Malherbe, Jochem van Bruggen, Eugène Marais [selfs mindere figure soos Jan F.E. Celliers]) is redelik verskans in die kanon.

Wat belangrik is, is dat klassieke tekste herlees word en in ooreenstemming gebring word met die heersende sisteem (soos om jeugboeke te kuis van “raspejoratiewe”, ens.). Kan dit nie, omdat die boek byvoorbeeld integraal onaanvaarbaar is, word dit bevraagteken en vernietig. Publikasie raak moeilik vir dié wat buite die patronaatskap val: in apartheidsstye het die meeste swart skrywers hul boeke buite Suid-Afrika gepubliseer; nou moet skrywers wie se werk (of as persone) onaanvaarbaar is hul werk self publiseer of by klein, onafhanklike uitgewers. ’n Magtige instrument van die institusie is bloemlesings. Só het Opperman se bloemlesings duidelik ’n bepaalde poëtika (én ideologie) gepropageer; waaroor André P. Brink reeds bo aangehaal is. Deesdae doen nuwe bloemlesings dit ook.

Lefevere (1992:23) sê dat ’n literêre sisteem baie noue bande het met die instelling/patronaatskap:

Change is a function of the need felt in the environment of a literary system for that system to be – or – remain functional. In other words, the literary system is supposed to have an impact on the environment by means of the works it produces, or the rewritings thereof.

Realiseer dit nie sal die patronaat verandering aktief aanmoedig en eis dat daaraan voldoen word. Daarom is “eise” vir meer betrokke werke (Brink in die 1970’s), ekologiese bewussyn, meer werke in variëteite van Afrikaans, meer gewaagde temas in kinder- en jeugliteratuur tipiese voorbeelde van hierdie magsuitoefening. Dit is kortweg ’n eis om vernuwing ten aansien van ideologiese en poëtikale inhoud. ’n Poëtika bestaan uit twee komponente: die een is ’n inventaris van literêre handgrepe (“devices”), genres, motiewe, temas, prototipiese karakters en situasies; die ander ’n begrip van wat literatuur is (of behoort te wees) in die literêre sisteem as geheel:

Themes and, to a lesser extent, the functional component of a poetics exert an innovative influence on the literary system as a whole, whereas the inventory

component of the poetics tends to exert a more conservative influence, which also affects the way in which a theme can be treated (Lefevere, 1992:34).

Dit impliseer natuurlik dat bepaalde temas ook op spesifieke maniere behandel móét word: rassistiese, homoseksuele en gender-temas is belangrik, maar moet ook op die “regte” manier hanteer word. Ander temas mag weer heeltemal nie figureer nie óf slegs by hoë uitsondering (of dan ook op die “regte” manier): plaasaanvalle, gewapende roof, regstellende aksie, staatskaping, kaderontplooiing, disfunksionaliteit wat dienslewering betref, verkragting oor rasse-grense; in werklikheid alles wat die patronaat mag ontstel. Dit geld ook kinder- en jeugliteratuur, maar vanselfsprekend sal die behandeling in hierdie kategorie anders geskied as in volwasse-literatuur.

Lefevere (1992:28) praat voorts van die kodifikasie van die uitset van skrywers wat beskou word as hulle wie se werk die meeste ooreenstemming vertoon met die gekodifiseerde poëtika. Nie net word hierdie skrywers se werk bestempel as dit wat deur ander skrywers noulettend gevolg moet word nie; hierdie werk neem ook 'n sentrale plek in binne die onderrig van letterkunde. Wat uit die oog verloor word, is dat herskrywings net so 'n belangrike rol speel in die poëtika van die literêre sisteem as oorspronklike boeke.²⁸ Wanneer 'n sisteem gevestig is, moet dit ook in stand gehou word en daar word gestrewe na 'n staat van ewililibrium; soms word selfs mense aangestel of in posisies geplaas om dit te bewerkstellig. Volgens Lefevere sorg twee beginsels in alle sisteme dat ewililibrium dikwels verhinder word. Dit is die beginsels van polariteit en periodisiteit (of evolusie).

In die res van sy boek behandel Lefevere vertaling as 'n soort herskrywing en hoe dit manipulerend werk; meestal weer eens weens die doelsisteem se ideologiese en poëtikale voorkeure (en uiteraard ook dié van die vertaler). As voorbeelde neem Lefevere verskeie vertalings onder die loep, soos vertalings van klassieke werke, die vertaling van Anne Frank se dagboek in verskillende tale en die geval-Madame de Staël. Dit blyk dikwels dat die vertaler bepaalde strategieë benut (self “foute” begaan) sonder enige wilsbeskikking, maar weens die heersende patronaatskap in sy eie literêre sisteem. Dit sluit in vooroordele ten aansien van seksuele beskrywings, beskrywings van geweld, beskrywings wat die eie patronaatskap ideologies

28 “The two ‘professionals’ who are responsible for establishing the canon of classical Greek literature, as it still stands today, are two relatively unknown librarians who lived in Alexandria in the third century, before the Common Era: Aristophanes of Byzantium and Aristarchus of Samothrace. They both worked in the great library of Alexandria, and the classifications they drew up in the course of their cataloguing work proved to be of immeasurable importance, not just in anointing ‘classical’ writers, but also in delineating genres.” (Lefevere, 1992:28)

(of poëtikaal) kan ontstel, en derglike meer. Soms ontbreek 'n bepaalde gedigsoort in die eie sisteem en word die oorspronklike vorm derhalwe negeer.

Uit die voorafgaande kan verklaar word waarom vertalings van een werk in verskillende tale onderling soveel verskille toon. Wat wel opvallend is, is dat daar meer vryhede geoorloof word by die vertaling uit letterkundes wat hoog waardeer word (sien Lefevere, 1992:91). Tog is daar grense soos die grafiese uitbeelding van wonde (boonop van die genitalieë) deur Homeros in bepaalde eras.

Waarna vertalers in vertaling moet streef, is om die oorspronklike illokusionêre effek te bereik en dit kan deur verskillende strategieë bereik word (sien Lefevere, 1992:99 e.v.). Hoewel Lefevere wegstrem van preskriptiewe opmerkings, is daar wel één voorwaarde waaraan 'n vertaler moet voldoen volgens hom: hy of sy moet die brontaal (en sou ons wou byvoeg, ook doeltaal) goed ken.

Lesers het in alle eeue ongemaklik omgegaan met die satire, burlleske, die parodiërende modi in letterkunde, en in tye van streng moraliteit (soos die 17de-eeuse Engeland) was dit nog erger. Totalitêre state kon nog nooit satire gedoog nie; soos trouens alle sisteme met totalitêre trekkies. In hierdie verband is die lotgevalle van Willem Godschalk van Focquenbroch (1640-70) nogal tekenend. In sy lewe was hy baie gewild en sy (duur) versamelde werk is byvoorbeeld herhaalde kere herdruk. Kwalik 'n eeu na sy dood was hy vergete en het geslagte kritici hom negeer of gediskrediteer. Lefevere (1992:111 e.v.) bespreek dit in besonderhede as 'n voorbeeld van herskrywing as manipulasie, veral as gevolg van druk uit die eie institusie; Lefevere noem dit “cultural editing” wat vertaal kan word as *kulturele redigering*.

Dooyeweerd (in Strauss, 2009:155) maak 'n belangrike opmerking oor die wetenskaplike grondmotief wat wetenskapsbeoefening rig:

The presuppositions and certainties bear a supra-theoretical character and are governed by a religious ground-motive which sustains a spiritual community between all those who proceed, consciously or unconsciously, from the same ground-motive. As a *central* spiritual driving force the ground-motive not only determines our theoretical view of reality but also our practical orientation in life.

Dis 'n sentrale konsep wat verband hou met die rubriek en polemiekie waaroor hierdie artikel handel. Vervang “spiritual community” met “gelykgesindes” en “religious ground-motive” met “gedeelde ideologie” (en poëtika), dan is die hele grondliggende rede vir die felle reaksie op my rubriek opgesom. So 'n

grond-motief domineer wetenskaplike praktyke; Lefevere (1992) gebruik 'n ander diskoers (met ander terme) om in wese presies dieselfde te sê.

10. Die literatuurgeskiedenis as sensureringsmeganisme

Lefevere verwys na veral die wyse waarop literatuurgeskiedenis “and their spin-offs: reference works – are written subject to both ideological and poetological constraints”.

Hoewel Focquenbroch geweldig gewild was in die 17de eeu, was sy gewildheid 'n doring in die oog van die “professionele” literatuurbeoefenaars wat die heersende diskoers geskep en in stand gehou het. In die 17de eeu is daarna gestrewe om die klassieke skrywers na te volg en selfs te ewenaar. Sy burlieke en satiriese verse én die verhale rondom sy eie persoon het nie naatloos ingepas by die ideale beeld van die 17de-eeu nie: nasionaliste, ontdekkers, ernstige handelaars en skrywers wat geïnspireer is deur die Bybel of die klassieke letterkunde; gewoonlik deur beide (sien Lefevere, 1992:112). Literatuurgeskiedskrywing is veral verantwoordelik daarvoor dat die literêre verlede “gekanoniseer” word; dat 'n stabiele beeld van byvoorbeeld 'n periode tot stand kom. In konkrete terme: as die begrip *Dertigers* of *Sestigers* eers gestabiliseer word, word persone wat nie pas nie “uitgeskuif” en ook selde herskryf. Dit is vir Lefevere 'n bewys van die feit dat *intrinsieke waarde* 'n glibberige begrip is. En om te herhaal: werke bly slegs lewend indien hulle herskryf word.

Wat Focquenbroch verder vir eeue gemarginaliseer het, was sy aweregheid: gekant teen puritanisme, hoegenaamd nie onder die indruk van Renaissansistiese ideale nie. Ander 17de-eeuse digters het ook skunnighede en burlieke elemente in hul werk gehad (Huygens & Bredero²⁹ byvoorbeeld), maar hulle het ook ander “ernstiger” en aanvaarbaarder werke geskryf.³⁰ In werklikheid was die poëtika van hierdie tyd (met duidelike uitsluiting van die burlieke en skatalogiese) 'n projeksie agteraf –

29 “Bredero at least can be said to have ‘repented’ in religious terms, even though the poem usually interpreted as ‘proof’ of his repentance turns out to have been a translation from the French, or to have been ‘ennobled’ by his impossible love for a woman writer in the best tradition of medieval courtly love” (Lefevere, 1992:115).

30 Hieruit is duidelik dat 'n tyd waarin sekere dinge met hoë erns bejeën word (homoseksualiteit, genderkwessies, politieke vlugteling) dit 'n groot waagstuk is om hulle in enige spottende/satiriese konteks te noem. Te maklik word aangeneem dat jy met hulle die spot dryf. Hierdie feit het ek nie gereken in die skryf van my rubriek nie.

Both that ideology and that poetics were projected on the age as part of an attempt to construct a “foundation myth” worthy of the new Republic. If Amsterdam was to be the new Rome, it could accommodate a Virgil, a Horace, a Seneca, a Tacitus; it did not need a Martial or a Juvenal just then (Lefevere, 1992:115).

Lefevere (1992:115) wys op die dubbele strategie wat gevolg is: Dat die eietydse waardering van Focquenbroch as digter slegs ’n tydelike “dwaling” was wat smaak betref. Verder moet hy as “sleg” voorgestel word. Daar is inderdaad groot moeite gedoen om Focquenbroch as mens te diskrediteer. Die strategie om wat X skryf te diskrediteer, is om X te diskrediteer. Dis ’n ekstreme vorm van “herskrywing” omdat die oorspronklike teks uit die blikveld verdwyn. In die geval van Focquenbroch was die verhale oor sy lewe meestal bloot fiktief.

Hoe selektief die (literatuur) geskiedenis is, word bewys deur die kulturele redigering van die geval Focquenbroch: hy word in die woorde van die bekende romanskrywer, W.F. Hermans, gerepresenteer as ’n onbetroubare (“shady”) geneesheer, maar Vondel nie as ’n “shady stocking merchant” nie (Lefevere, 1992:15). Sodanige kulturele redigering vind plaas in alle letterkundes; dikwels ook in die Afrikaanse letterkunde deur die proses van beeldvorming (sien Erasmus-Alt & Van Collier, 2021:61-114; 120; 270; 282) waar dit veral opvallend was in die tydperk van Afrikaner-nasionalisme. Een van die sprekendste voorbeelde was die beeldvorming van Eugène Marais. Sy gedig *Winternag* is dikwels gelees as voortspruitend uit die lyding van die Tweede Anglo-boereoorlog,³¹ en sy simpatie, en selfs aktiewe medewerking met die Engelse in dieselfde oorlog, is verswyg (sien Van der Merwe, 2015) omdat dit deur baie Afrikaner-nasionaliste as verraad beskou sou word. Die literatuurgeskiedenis is derhalwe nie net ’n frappante voorbeeld van herskrywing in ooreenstemming met sisteem- en patronaatskap-“eise” nie, maar as kanoniseringsmeganisme oefen dit ’n langdurige invloed uit.

Lefevere (1992:121) wys daarop dat die literêre sisteem bepaalde posisies het en dat as een reeds “beset” is, ander moeilik daar plek kan kry: Bredero was die skunnige (maar darem aanvaarbare digter); dus kon Focquenbroch

31 Sien onder andere Beukes en Lategan (1952:22): “En al het die digter later gesê dat hierdie gedig niks meer wil wees as bloot natuurstemming nie, kan dit tog ook vertolk word as ’n simboliese siening van die gemoedstoestand van sy volk na die vrede van Vereeniging.”; Dekker (1935:58): “In hierdie sobere, suiwer gedig, waardeur die skraal windjie van die Hoëveld kla [sic!], het hy in sy eie natuurstemming die smart en lyde van sy volk gesimboliseer” (Malherbe, 1940:100): “En geleidelik styg daar stemme op, voldrae aan innerlike lewensgebrokenheid en gelaai met die betekenis van die smart vir die individu, vir die nasie, vir die boere-landskap ...”, en dan word “Winternag” aangehaal.

nie daardie posisie inneem nie". So blyk dit dat literatuurgeskiedenis nooit "neutraal" is nie en literatuurhistorici skryf volgens die heersende "diskursiewe formasie", 'n begrip wat Foucault in die tweede hoofstuk van sy *The Archeology of Knowledge* (Foucault, 1969) uitvoerig behandel. Daarom is Lefevere (1992:121) se gevolgtrekking:

A culture manipulates its past [maar hier sou ek wou byvoeg ook sy hede) in the service of what dominant groups in that culture would like its present to be. The fact that our own present is kinder to Focquenbroch than the present of a hundred years ago just proves that poetics and ideologies do not last forever.

Lefevere wy 'n hele paar bladsye aan die rol van uitgewers binne die institusie en neem veral die posisie van swart skrywers in die laat-20ste eeu onder die loep. Aanvanklik was hulle afhanklik van buitelandse uitgewers wat primêr gerig was op wit lesers; iets wat die keuse van gedigte (en die aantal) bepaal het: dit moet veral nie afstootlik wees nie;³² 'n duidelike voorbeeld van sensuur. Dieselfde situasie bestaan steeds orals: uitgewers is die institusie ter wille en pas voortdurend pre-sensuur toe, al geskied dit nie formeel nie. Boeke wat die institusie sou kon ontstel of erger, trompoploop, word nie gepubliseer nie, al sou van hulle meriete hê. My opmerkings oor voorskriftelikheid van uitgewers in my rubriek is my erg verkwalik, maar dis 'n onomstootlike feit dat veral uitgewers afhanklik is van die "patronaatskap": word die regering boos, word hulle boeke nie aangekoop en – veral – voorgeskryf nie. In die era van apartheid is sekere temas vermy; nou word daar weer ander vermy. In jeugboeke was – soos reeds gesê – seksuele verhoudings en -beskrywings (vergelyk die herrie oor Maretha Maartens se *'n Pot vol winter*, 1989), homoseksualiteit (Mark Behr se *Die reuk van appels*, 1993) en veral verhoudings oor die kleurgrens (Johann de Waal se *Sit, Oom Paul*) taboe in die 1980's en 1990's. Toe is bepaalde gedigte weggelaat; nou word veral dié gedigte weer opgeneem. Alles beweeg rustig saam met die heersende ideologie en poëtika. En soms is party resensente of letterkundiges – soos ek – deurgaans gekant teen die voorskriftelikheid wat deur die laasgenoemde afgedwing word.

In die geval van Madame de Staël toon Lefevere (1992:130) aan hoe die herskrywing (ondermeer deur resensies en interpretasies) rondom haar van meet af aan biografies was en dit het ongelukkig so gebly vir eeue (deur voor- en teenstanders). Lefevere se slotsom is verdoemend hieroor:

32 "If an anthology is to function as a textbook, it had better not contain too much material that might be considered offensive by potential users. In 1964, Reed and Wake wrote in the preface of their anthology: 'very little, for example, has come from the struggle in Southern and Centra! Africa'" (Lefevere, 1992:125).

It is, in conclusion, not easy to escape the impression that Madame de Staël has not been exceedingly well served by her French rewriters. The image of her they have projected remains tributary to that first image projected by Albertine Necker de Saussure, whether subsequent critics agree with that image or not. By not trying to transcend it, they condemn Madame de Staël's reputation to the vagaries of biographical speculation and gratuitous gossip (Lefevere, 1992:149).

Samevattend oor herskrywing:

’n Fundamente insig van Lefevere wat vandag, bykans drie dekades later steeds geldig is, is dat binne enige letterkunde (of literêre sisteem of literêre veld) herskrywings in die vorm van resensies, bekendstellings, vertaling en dergelike ’n sentrale plek inneem én dat hulle altyd beïnvloed (en selfs gerig) word deur poëtikale en ideologiese beperkings (Lefevere, 1992:5). Binne die Christelike Wysbegeerte sal dit omskryf word as die grondmotief. Die inligting wat vandag vir lesers beskikbaar is, is veel groter as tydens die publikasie van Lefevere se boek, veral weens die oorheersing van die internet as verspreider van inligting. Vir baie lesers (selfs vir studente en dosente) is die eerste bron van inligting oor skrywers en (nuwe) boeke, soekenjins soos Google, en dit wat te vinde is by Wikipedia. Ander inligting kom ook in die vorm van herskrywings soos resensies, rubrieke, alle geskrewe materiaalbesprekings (op bv. *LitNet* of in tydskrifte, veral gemik op leerders en studente), sosiale netwerke, commendatio’s of verslae van letterkundige pryse, literatuurgeskiedenis, bloemlesings, ensiklopedieë en selfs woordeboeke. Dikwels lees mense nê, of veral, resensies en “lees” ook op hierdie manier ’n boek of “sien” so ’n film of televisiestuk. In hierdie proses van herskrywing word skrywers, boeke en selfs periodes op ’n bepaalde manier gerepresenteer – ’n vorm van manipulasie. Ongeag die waarde wat sekere mense heg aan sosiale media en menings wat daar geuiter word, is dit steeds ’n medium waar anonimiteit mense verskans; daar geen hekwagters bestaan wat kwaliteit kontroleer nie en menings subjektief is (vergelyk ook Hugo, 2023:351). Kortom, mank gaan aan die belangrikste eise wat aan wetenskaplike uitsprake gestel word, naamlik (die strewe na) objektiwiteit, veralgemening, kontroleerbaarheid, toetsing, die besef van die voorlopigheid van alle uitsprake en die gebruikmaking van gekte terme om intersubjektiviteit te verhoog, ensomeer. Die frase “lost in translation” is dikwels toepasbaar op die eietydse situasie waar die oorspronklike betekenis (of bedoelde betekenis) van tekste deur herskrywing verlore gaan.

11. Ten slotte: 'n Blik van buite

Historici waarsku teen te simplistiese beskrywingsmodelle wat byvoorbeeld daarvan uitgaan dat die geskiedenis sig altyd herhaal; die opvatting van “eternal recurrence” waarvan spore voorkom in die werk van Giambattista Vico en Arnold Toynbee. Wat wel waar lyk, is dat die mens min leer uit die geskiedenis; anders sou daar reeds na die vernietiging van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) 'n einde gekom het aan alle oorloë. Die onderdrukte Afrikaner van na die Tweede-Angloboereoorlog (1899-1902) raak 'n 50 jaar of wat later die verdrukke; die slagoffer van die Vrede van Versailles hanteer later die Jode op onmenslike wyse en dieselfde Jode maak hulleself later ook skuldig aan onderdrukking van die Palestyne.

In 'n vorige bedeling is sekere kritiese stemme onderdruk en mense soos Beyers-Naudé en Bram Fischer was uitgeworpenes. Wêreldwyd is in die verlede gediskrimineer teen gays en in bepaalde historiese eras het hulle selfs op die brandstapel beland. My eie ervaring was dat Woke-linge³³ en mense wat deel is of simpatiek staan teenoor die LGBTQ2+-groepering

33 *Woke (woker; wokest), adjective, chiefly US slang.*

a: aware of and actively attentive to important societal facts and issues (especially issues of racial and social justice)

b: reflecting the attitudes of woke people

2 disapproving: politically liberal or progressive (as in matters of racial and social justice) especially in a way that is considered unreasonable or extreme [Merriam-Webster Dictionary).

Crowley, 2023 sê die volgende:

Many sources trace “woke” to Black vernacular. In 1923, Jamaican political activist Marcus Garvey in 1923 wrote, “Wake up, Ethiopia! Wake up, Africa!” to call the Black diaspora to social activism.

The blues singer Huddie Ledbetter, aka Lead Belly, used the term in his 1938 song “Scottsboro Boys”, as a warning to Black people to stay wary of racism.

Perhaps prophetically, William Melvin Kelley in 1962 highlighted “woke” in a New York Times essay about white people appropriating Black slang terms and mangling their meanings.

“Woke” seems to have lost its place as a Black community signal. In February, University of California, Berkeley law professor Khiara M. Bridges, who is Black, wrote, “Slang amongst Black people is a love language. ... There’s something really sinister about this term not only being taken from us but also deployed against us. It’s a double violation.”

And “woke” has gone beyond racial social justice to also apply to LGBTQ rights and feminist causes.

British lexicographer and linguist Tony Thorne said he construes “woke” to mean “alert to and aware of issues of social justice”. Since the 2000s, he told PolitiFact, it’s meant something like “an activist for or militant supporter of equality, diversity, social justice”.

Thorne said liberals once might have called themselves “woke” to affirm their devotion to social justice during the Black Lives Matter and Me Too movements. However, he said, conservatives have reshaped “woke” into an all-purpose condemnation for their opponents, often meaning something like “self-righteous leftist”. In this sense, Thorne said, “woke” joins “politically correct”, “cancel culture” and “metropolitan liberal elite” as terms conservatives use against opponents.

“If you use a term like this, it functions as a trigger word or ‘dog whistle’, in that as soon as you say it you no longer need to say anything else”, Thorne said. “The word will be accepted by your base, rejected by your opponents and no further discussion will take place.”

dikwels ewe onverdraagsaam en aggressief teenoor enige persoon wat dit sou waag om iets krities teenoor hulle op te merk. Sulke mense word gemarginaliseer, (verbaal) aangeval en hul reputasies vernietig.

Volgens Van Zyl (2022a:1), sielkundige woonagtig in Ierland, is die Woke-wêreldsiening een wat hy noem “morally essentialised”. Toegeskrewe kollektiewe onskuld of skuld is die templaar waarvolgens elke individuele interaksie beoordeel word, insluitende elke deelnemer se gevoelens, bedoelings (intensies), oordele en karaktereienskappe. Soos Beverly DiAngelo (2008) opgemerk het:

The question isn't did racism (or sexism or homophobia or transphobia or ablism, etc.) take place, but rather, where it took place.

The psychodynamic defence in operation here is splitting, which is a primitive defence mechanism whereby individuals experience themselves or others as totally good or totally bad. This mechanism is most observed among infants, severely regressed individuals and groups, and severe personality pathologies.

In die tweede deel van sy artikel (Van Zyl, 2022b:5-7) ontleed Van Zyl die tipiese gedrag van Woke-groepering. Dit mag eensydig en kras oorkom, maar in my eie geval dek die vlag inderdaad die lading:

From the all-bad perspective of this split, a person disidentifies from, *devalues* and dehumanises the Oppressor. This demonised Other is relegated to a state of culpability, deserving of contempt and destruction. Simultaneously from the all-good perspective, *identification* with and *idealisation of the Victim* takes place, where the Victim is endowed with a state of moral purity, innocence and vulnerability. The Oppressor is viewed as a cruel, merciless monster, against whom the Victim should be defended. Since moral essentialisation has taken place, obliteration of the Oppressor is not only morally justified (as the Victim is morally infallible) it is actively encouraged, as the slightest measure of leniency is seen as capitulation to an utterly evil Oppressor, which will only lead to further unnecessary suffering of the Victim. Ironically, the behaviour of Woke Victims and their allies toward the Oppressor is no different from that of which they accuse the Oppressor. Silencing and suppression of speech, public attacks and humiliation, death threats, destructive looting and the like are behaviours one would associate with tyrants; the irony is that the Woke Victim class and their allies have a commitment to precisely such behaviour. It is worth noting that, no matter where the Woke worldview is endorsed, it evokes the same kind of collective characteristics among its adherents. It is not uniquely American or British. And both young and old start behaving like insolent adolescents.

A recent incident in South Africa demonstrates this. Professor Hennie van Collier is a distinguished professor emeritus and research fellow at the University of

the Free State, author of various exceptional books on Afrikaans and Dutch literature, poet and former chairperson of various literature academies and associations. In an opinion piece (published on 7 May 2022, “‘Ordinary people’ are increasingly becoming marginal figures”), he writes that children’s literature no longer contains the “sweet, didactic accounts of children with mild problems” who then, after a talk with the local church minister, pull themselves together and everything is hunky-dory again. In this short piece, he lists themes that he finds are overrepresented in children’s literature: social problems and personal problems like molestation, rape, infidelity, disease, death, mental health problems, the loss of limbs and senses, homosexuality, racial problems, etc. He notices that other topics of our times (he mentions a few) that do not share associations with political correctness, do not enter publication. He argues that there seems to be inconsistency and a kind of censorship about what should and should not get published in children’s literature, and that publishers seem to follow a rubric of politically correct themes which are either exaggerated or idealised. He admits that such themes should be represented, but that nowadays these marginal themes are overrepresented. Nothing escapes political correctness, he says, not even fairy tales, and he asks whether there are still functional families somewhere with hardworking, loving parents who, like hundreds of thousands of others, want to live ethically and meaningfully. His argument is that marginal figures have become the norm, while most children live in a world whose realities are no longer proportionally reflected in children’s literature.

Needless to say, Van Collier’s opinion piece released the proverbial cat among the pigeons. His sin? He dared to criticise something that involved the untouchable: homosexuality. A media spat ensued. A gay author and winner of a prestigious Hertzog Book Prize, S.J. Naudé, used his entire moment of glory to give a most uncharitable deconstructive misrepresentation of Van Collier and his opinion piece – in fact, Van Collier was the chair of the very association who nominated this author for this prize. With his Woke wand, he pulled words apart, lumped words together, made unintended associations, and conjured up the most tragic and catastrophic conclusions, far beyond what Van Collier had intended. We know Van Collier never intended what the distorter claimed he did, because Van Collier wrote an open letter in July 2022 clarifying what he did and did not say. Only to be ambushed two days later by another gay journalist distorting and misrepresenting what he said, this time with even more ammunition with which to do it. This astonishing piece of gaslighting was ultimately a melodramatic caricature of what Van Collier had written, which only the most angry, victimised, Don Quixotean minds could summon up.

This drama would have been incomplete without the rest of the cast of actors and their performances entering the stage, namely the Saviours, or morality police. Even though Van Collier wrote his piece in his private capacity, two of his colleagues and members of the South African Academy of Science and

Arts resigned from the organisation in protest. In July, three other associations joined the chorus, condemning Van Collier's opinion piece as homophobic, demanding that he apologise for his piece and even be relieved of his position at the SA Academy, based on the same distorted interpretations of his words. In this whole uproar, the absence of nuance was surreal. There was no consideration of the character knowledge of a much loved and respected friend, author, mentor and lecturer. The tyranny of the Victims' tears and those of their Saviours prevailed. When the anguish to him and his family from this terrorisation reached its peak, Van Collier apologised for any harm caused and resigned from his much-cherished position.

And like in the movies, after the marauders have mauled a hated enemy to certain death, the fight was over. Relationships destroyed. Reputations tarnished. A splendid career blighted by tyrannical brutality in the frenzy of self-righteous but deluded victimhood and perverse heroism. What was interesting was the response by some colleagues after the carnage. Dr Darryl David of the University of KwaZulu-Natal gave a most nuanced and even-handed assessment of the matter. Several other academics added their disappointment at the unnecessary and excessive force applied to a man who did not deserve it. But the damage was done.

Bibliografie

- BALL, J.C. 2003. *Theories of satire in the postcolonial novel*. V.S. Naipaul, Chinua Achebe, Salmon Rushdie. New York en Londen: Routledge.
- BASDEN, ANDREW. 2023. Understanding and Practising Research with Dooyeweerd's Help. In Strauss, 2023:523-538.
- BERKELEY: University of California Press.
- BIGU, DRAGOS. 2014. The Place of Values in Scientific Knowledge. *Cultura* 11(1):193-217.
- BOURDIEU, P. 1993. *The field of cultural production*. (Ed.) R. Johnson, Cambridge: Polity Press.
- BRINK, ANDRÉ P. (samesteller). 2008. *Groot verseboek* (in drie dele). Kaapstad: Tafelberg.
- BRITS, E. 2022. So nou is mense met diep vooroordele slagoffers? *Netwerk24*, 14 Mei.
- BROWN, MATTHEW J. 2012. Values in Science beyond Underdetermination and Inductive Risk. Center for Values in Medicine, Science and Technology. The University of Texas at Dallas. <https://philsci-archive.pitt.edu/geraadpleeg> op 16 Oktober 2024)

- BURGER, W. 2022. Om krities te lees is om jou oordeel te laat grootword. *Rapport*, 31 Julie. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/willie-burger-om-krities-te-lees-is-om-jou-oordeel-te-laat-grootword-20220731> (2 Maart 2023 geraadpleeg).
- CHESTERMAN, ANDREW. 2010. Skopus Theory: A retrospective Assesment. In Kallmeyer *et al.*, 2010:209-225.
- CHOMSKY, N. & FOUCAULT, M. 2006. *The Chomsky-Foucault debate: On human nature*. New York: The New Press
- CROWLEY, MATTHEW. 2023. Poynter.org/fact-checking/2023/what-does-woke-mean-definition/ (geraadpleeg op 21 Oktober 2024).
- DAVID, D. 2022. Hennie van Coller's politicisation of children's literature polemic. *LitNet Opinions*, 22 Julie. <https://www.litnet.co.za/hennie-van-collers-politicisation-of-childrens-literature-polemic/> (1 Augustus 2022 geraadpleeg).
- DE VRIES, GERARD. 1984. *De ontwikkeling van wetenskap. Een inleiding in de wetenschapsfilosofie*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- DE WET, C. 2022. Gendertemas in Topsy Smith se Trompie-boeke. *LitNet Akademies (Opvoedkunde)*, 19(2):346-85. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2022/09/LitNet_Akademies_j19n2d3_De-Wet.pdf. (geraadpleeg?)
- DIANGELO, R. 2018. *White fragility. Why it's so hard for white people to talk about racism*. Londen: Penguin Books.
- DOBZHANSKY, T. & AYALA, F.J. 1974. *Studies in the Philosophy of Biology. Reduction and Related Problems*.
- DOOYEWEERD, HERMAN. 2023. Civil Private Law. In Strauss, 2023: 397-400.
- ERASMUS-ALT, JOANITA. 2021. 'n Verkenning van plaaslike musici se reaksie op die nasionale inperking as strategiese handelinge binne veldteoretiese denke, *LitNet Akademies* 2021-07-21. <https://www.litnet.co.za/n-verkenning-van-plaaslike-musici-se-reaksies-op-die-nasionale-inperking-as-strategiese-handelinge-binne-veldteoretiese-denke/> (Geraadpleeg?)
- ERASMUS-ALT, J. & VAN COLLER, H.P. 2021. *Blitsverkopers, beeldvorming en bemarking*. Bloemfontein: Sun Media (druknaam Sanbonani Scholar).
- EVEN-ZOHAR, ITAMAR. 1990. The Literary System. *Poetics Today* 17(2):253-261.
- FERREIRA, S. 2024a. The profound challenges of emigration: Insights from South African families. *Daily Maverick*. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2024-03-12-emigration-and-family-ties-across-global-divides/> (geraadpleeg 14 Maart 2024).

-
- FEYERABEND, PAUL. 1975. *Against Method: Outline of an Anarchistic Theory of Knowledge*. 1988 Revised edition). London: Verso [New Left Books].
- FOKKEMA, D.W. & KUNNE-IBSCH, E. 1977. *Theories of literature in the twentieth century*. Londen: C. Hurst and Company.
- FOSTER, RONEL & VILJOEN, LOUISE (samestellers). 1977. *Poskaarte. Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960*. Kaapstad: Human en Rousseau/Tafelberg.
- FOUCAULT, M. 1980. Truth and power. In Gordon (Red.) 1980:109-33.
- FOUCAULT, M. 1994. [1971]. *The Order of Things. An Archeology of the Human Sciences*. A translation of *Les Mots les choses* 1971. New York: Vintage Books (Random House Inc.).
- FOUCAULT, M. 2002 [1969]. *The Archeology of Knowledge*. Londen: Routledge.
- FREEDMAN, D.P. 2001. Life work through teaching and scholarship. In Holdstein en Bleich (Reds.) 2001.
- FREEDMAN, D.P. & FREY, O. 2003. *Autobiographical writing across the disciplines: A reader*. Durham, NC: Duke University.
- GIVEN, L.M. (Red.). 2008. *The SAGE encyclopaedia of qualitative research methods*. Los Angeles, Londen, New Delhi, Singapore: SAGE.
- GOMPERTS, H.A. 1960-1961. De functie van de literaire polemieks getoets aan concrete gevalle met name de polemieks in *De vrye bladen* en *Forum Maatstaf* (8):688-700.
- GORDON, C. (Red.).1980. *Power/Knowledge*. New York: Pantheon Books.
- HALL, S. (Ed.). 1997. *Representation, Cultural representations and signifying practices*. Londen: Sage.
- HAMMERSLEY, M. 2008. Bricolage and bricoleur. In Given (Red.) 2008:65.
- HARDING, SANDRA. 1995. "Strong Objectivity": A Response to the New Objectivity Question *Synthese*, 104(3):331-349 (*Feminism and Science*. <http://www.jstor.org/stable/20117437> (geraadpleeg 15 Oktober 2024)).
- HARTEVELD, P. & VAN NIEKERK, A.E. 1995. Beleid vir die hantering van beledigende en sensitiewe eksikale items in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Lexikos* (Afrilex-reeks/series 5B 1995:232-248). <https://lexikos.journals.ac.za> (geraadpleeg 21 Oktober 2024).
- HEIDELBERGER, C.A. & UECKER, T.W. 2009. Scholarly Personal Narrative as Information Systems Research Methodology. *MWAIS Proceedings* 22:1-6. <http://aisel.aisnet.org/mwais2009/22> (geraadpleeg 11 Maart 2024).
-

- HO, J.K. 2000. Bridging academic research and business practice with the new media. Information Resources. *Management Journal*, 13(2):6-14.
- HOLDSTEIN, D.H. & BLEICH, D. 2001. (Reds.). *Personal effects: The social character of scholarly writing*. Logan, Utah: Utah State University Press.
- HOUARI, R. & HADJOU, G. 2023. The inclusion of taboo topics in children literature. *Bridge to Terabithia* by Katherine Paterson as a case study [L'inclusion de sujets tabous dans la littérature pour enfants *Bridge to Terabithia* par Katherine Paterson comme étude de cas]. *Journal of El-Nas*, 9(1):394-408.
- HUGO, D. 2023. *Vers en kapittel II. Artikels, rubrieke, resensies en onderhoude oor die digkuns*. Kaapstad: Turksy Publikasies.
- JAKOBSON, R. 1960. Concluding Statement: "Linguistics and Poetics". In Sebeok, 1960:350-377.
- JENSEN, J.H. & ZIRKER, M.R. Jr. (Reds.). 1972. *The satirist's art*. Bloomington en Londen: Indiana University Press.
- JOHL, J. 1988. *Ironie*. HAUM-Literêr-Gidsreeks nr 2. Pretoria: HAUM-Literêr.
- KALLMEYER, W. (Red.). 2010. *Perspektiven auf Kommunikation. Festschrift für Liisa Tittula zum 60. Geburtstag*. Berlin: SAXA Verlag.
- KIDD, KENNETH & THOMAS, JOSEPH jr. 2016. *Prizing Children's Literature. The Cultural Politics of Children's Book Awards*. New York: Routledge.
- KOMRIJ, GERRIT. 1999. *De Afrikaanse poëzie in 1000 en enige gedichten*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- KOORTS, L. 2022. Watter uitkoms moet kinderboeke lewer? *Netwerk24*, 21 Mei.
- KUHN, THOMAS. 1962/1970, *The Structure of Scientific Revolutions*, Chicago: University of Chicago Press (1970, 2nd edition, with postscript).
- LEFEVERE, A. 2016 [1992]. *Translation, rewriting and the manipulation of literary fame*. Oxfordshire: Routledge.
- LÉVI-STRAUSS, C. 1966. *The savage mind*. Chicago: University of Chicago Press.
- LOOTS, S. 2022. Van Coler skaad Afrikaans met sy homofobie. *Rapport Weekliks*, 24 Julie. SKAKEL?
- MAUS, H. & FÜRSTENBURG, F. 1970. *Der Positivismusstreit in der deutschen Soziologie*. Luchtenhand: Verlag Neuwied.
- MCLACHLAN, T. 2022. Van Coler-debat: Verdien hy dit regtig om so gekielhaal te word? *Rapport Weekliks*, 14 Augustus, bl. 14. Merriam-webster.com/dictionary-woke (geraadpleeg op 21 Oktober 2024).

- MEYER, NAOMI; STOMAN, ANNEMARIE & FOURIE, DELANA. 2024. Taal en tydgees: 'n onderhoud oor al Pharos se woordeboeke. *LitNet-onderhoude*, 20-2-2024) global.oup.com/news-items/archive/iwd_language_panel?cc=gb. (geraadpleeg 21 Oktober 2024).
- MYBURGH, M. 2023. Die (on)verkwiklike jaar van Trompie en kie. *LitNet – Boeke en Skrywers*, 2 Februarie. <https://www.litnet.co.za/2022-die-onverkwiklike-jaar-van-trompie-en-kie/> (geraadpleeg 4 Maart 2023).
- MYBURGH, MELT & LUTHER, JANA 2020. Bly weg van dié woorde om aanstoot te vermy. *LitNet onderhoude*, 28-07-2020.
- NASH, R.J. 2004. *Liberating scholarly writing: The power of personal narrative*. New York: Teachers College Press.
- NASH, R.J., BRADLEY, D.L. & CHICKERING, A.W. 2008. *How to talk about hot topics on campus: From polarization to moral conversation*. San Francisco: Jossey-Bass.
- NAUDÉ, S.J. 2022. Liefdeloosheid kan Afrikaans laat leegloop. *Netwerk24*, 22 Julie. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/liefdeloosheid-kan-afrikaans-laatileegloop-20220722> (Datum geraadpleeg?)
- NIELSEN, L. & MADSEN, S. 2006. Using storytelling to reflect on IT projects. *Journal of Information Technology Theory and Application*, 7(4):35-47.
- NIENABER, P.J. 1965. (samesteller). *Rapier en knuppel. 'n Bundel letterkundige polemieke geredigeer deur P.J. Nienaber*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- OLIVIER, FANIE. 2024. Is die dood in die pot? Die oop gesprek, die toe debat en die vernietiging van mense. *LitNet25 Afrikaanse Skrywersberaad*. 2025-03-20. [Argief.litnet.co.za/article.php?news_id=34810](https://argief.litnet.co.za/article.php?news_id=34810) (geraadpleeg 22 Mei 2025).
- OVERSTEEGEN, J.J.A. 1982. *Beperkingen. Methodologiese recepten en andere vooronderstellingen en vooroordelen*. Utrecht: Hes.
- OXFORD UNIVERSITY PRESS, 2021 (10 Maart). Excluding offensive or derogatory terms in the dictionary would be 'akin to censorship' https://www.global.oup.com/news-items/archive/iwd_language_panel?cc=gb (geraadpleeg 21 Oktober 2024)
- Parlor Press: <http://parlorpress.com/pages/writing-spaces>
- POPPER, K. 1966. *The Open Society and its enemies. Vol I and II*. London: Routledge & Kegan Paul.
- POPPER, K. 1968. *The Logic of Scientific Discovery*. English translation. London: Hutchinson.

- POPPER, K. 1970. *Die Logik der Sozialwissenschaften*. In Maus & Fürstenburg.
- POPPER, K.R. 1974. *Scientific Reduction and the Essential Incompleteness of All Science*. In Dobzhansky & Ayala, 1974:259-284.
- RORTY, RICHARD. 1979. *Philosophy and the Mirror of Nature*. Princeton: Princeton University Press.
- . 1982. *Consequences of Pragmatism*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- RUDNER, R. (1953). The scientist *qua* scientist makes value judgments. *Philosophy of Science*, 20, 1-6. <https://doi.org/10.1086/287231>
- SEBEEK, T. (Ed.) 1960. *Style in Language*. Cambridge, MA: MIT Press
- SEELINGER, T.R. 2000. *Disturbing the universe: Power and repression in adolescent literature*. Iowa City: University of Iowa Press.
- SILVA, A.F. & SAVITZ, R.S. 2019. Defying expectations: Representation of youths in young adult literature. *Journal of Adolescent & Adult Literature*, 63(3):323-31.
- STEGMÜLLER, W. 1969. *Metaphysik, Skepsis, Wissenschaft*. Berlin/New York: Springer.
- STEPHENS, J. 1992. *Language and ideology in children's fiction*. Londen en New York: Longman.
- STEWART, M. 2020. Weaving personal experience into academic writings. *Writing spaces: Readings on writings*, 3:162-74. <http://writingspaces.org/essays> • Parlor Press: <http://parlorpress.com/pages/writing-spaces> • WAC Clearinghouse: <http://wac.colostate.edu/books/>
- STRAUSS, D.F.M. 2005a. Historical and systematic considerations regarding relativity and relativism. *Acta Academica Supplementum* (2):199-231 (Kopie: 1-23).
- STRAUSS, D.F.M. 2005b. *Reintegrating Social Theory. Reflecting upon human society and the discipline of sociology*. New York: Peter Lang.
- STRAUSS, D.F.M. 2009. *Philosophy, Discipline of the Disciplines*. Grand Rapids: Paideia Press.
- STRAUSS, D.F.M. 2012. Articulating (Ultimate) Commitments: Historical, Factual and Systematic Considerations. *Acta Theologia* 32(2):203-226.
- STRAUSS, D.F.M. (Gen. Ed.). 2017. *The Collected Works of Herman Dooyeweerd. Series B Vol 14. Time, Law and History*. Grand Rapids: Paideia Press.

-
- STRAUSS, D.F.M. 2023. Different Kinds of Criticism. In Strauss, 2023:243-257.
- STRAUSS, D.F.M. 2023. *Discovering Dooyeweerd*. Ontario: Kanada: Paideia Press.
- STRAUSS, D.F.M. 2023. What is Inherent in Normativity? In Strauss, 2023:417-430.
- STRAUSS, D.F.M. 2023. Are Norms and Principles Ethical or Moral in Nature. In Strauss, 2023:409-416. *Supplementum* 28. Bloemfontein: Sun Media (163-195). ISSN: 1015-8758; ISSN: 2309-9089.
- SUTHERLAND, JAMES. 1967 [1958]. *English satire*. Cambridge: Cambridge University Press.
- SWAP, W., SHIELDS, L.V.M. & ABRAMS, I. 2001. Using mentoring and storytelling to transfer knowledge in the workplace. *Journal of Management Information Systems*, 18(1):95-114.
- SWIFT, JONATHAN. 1729. *A modest proposal. For preventing the children of poor people in Ireland, from being a burden on their parents or country, and for making them beneficial to the public*. Londen: Benjamin Motte Publishers.
- TABERNERO SALA, R. 2017. Children's literature and taboo topics. Approaches to Kitty Crowther's work. *International Journal of Language and Literature*, 5(2):2334-58.
- THE PURDUE OWL. s.j. <http://owl.english.purdue.edu/owl/resource/560/15/> (geraadpleeg 4 Maart 2023).
- THERON, A. 2023. Leesbegrip? 'n Kinderboek kan jou kind se wêreld oopbreek. *LitNet, Boeke en Skrywers*, 17 Desember. <https://www.litnet.co.za/leesbegrip-n-kinderboek-kan-jou-kind-se-wereld-oopbreek/> (geraadpleeg 12 Januarie 2024).
- VAN COLLIER, H.P. 2016. T.T. Cloete as literêre kritikus, teoretikus en literatuurhistorikus (Deel 1): Rubrieke, bloemlesings en literêre kritiek. *Literator*, 37(1):1-9. ISSN: 2219-8237
- .2016. T.T. Cloete as literêre kritikus, teoretikus en literatuurhistorikus (Deel 2). T.T. Cloete as literêr-historiese teoretikus. *Literator*, 37(1):1-7. ISSN: 2219-8237
- .2019. N.P. Van Wyk Louw as satirikus in *Festschrift Pieter Verster. Acta Theologia* 21. *Supplementum* 28. Bloemfontein: Sun Media (163-195). ISSN: 1015-8758; ISSN: 2309-9089.
-

- . 2022a. Jy kry hulle nie meer in boeke en op TV nie. *Volksblad*, 3 Mei, bl. 9.
- . 2022b. Versugting dat meerderheid gesinne wel funksioneel is. *Beeld*, 18 Mei, bl. 8.
- . 2022c. Hennie van Coller se ope brief aan S.J. Naudé. *Netwerk24*, 22 Julie.
- VAN DER LEEUW, S. 2013. De liefste klotzak die ik ken. Over homoseksualiteit in *Rotmoevie* van Marian de Smet. *Literatuur Zonder Leeftijd*, 27(90):150-60.
- VAN DER MERWE. 2015. *Donker stroom, Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog*. Kaapstad: Tafelberg.
- VAN GORP, H., DELABASTITA, D. & GHESQUIERE, R. 2007. *Lexicon van literaire termen*. 8ste, hersiene druk. Mechelen: Wolters Plantijn.
- VAN PEER, WILLIE. 2008. *The Quality of Literature. Linguistic studies in literary evaluation*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.
- VAN RENSBURG, F.E.J. (Red.). 1975. *Die kunswerk as taal*. Kaapstad: Tafelberg.
- VAN ZYL, J. 2022a. Group narcissistic manifestations in critical social justice (aka woke) movements – Part 1. *Critical Therapy Antidote*. <https://criticaltherapyantidote.org/2022/09/25/group-narcissistic-manifestations-in-critical-social-justice-aka-woke-movements-part-1/> (geraadpleeg 30 Oktober 2023).
- . 2022b. Group narcissistic manifestations in critical social justice (aka woke) movements – Part 2. *Critical Therapy Antidote*. <https://criticaltherapyantidote.org/2022/09/25/group-narcissistic-manifestations-in-critical-social-justice-aka-woke-movements-part-2/> (geraadpleeg 30 Oktober 2023).
- WAC Clearinghouse: <http://wac.colostate.edu/books/>
- WESSELS, J.S. 2023. Etiek van leeshandelinge: 'n Suid-Afrikaanse geval. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(4):971-95.
- WOODWARD, W. 1994. The autobiographical self as text and cultural performance. *Journal of Communication*, 44(4):161-8.
- WRITING SPACES: <http://writingspaces.org/essays>
- WYBENGA, G. & SNYMAN, M. 2005. *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom. 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Bylae 1

Opsomming van inhoud aan die behandelde boeke

- 1 Ahlers, Nerine: *Die rietrotte van Rietvallei Hoër* (2022), Protea Boekhuis
Die storie is 'n tipiese skoolstorie met 'n hegte groepie leerders, 'n misdaad, avontuurlike ontsnappings en 'n uiteindelijke ontknoping en die vastrek van die skuldige. Die karakters weerspieël reeds die “reënboognasie-ideaal”: Daniël, Malebo (Daniël se groot vriend), Antonie (die “nerd”), (11) en Giovanni. Daar is geen beskrywing van leerders wat duidelik swart is nie (Malebo; Mpho) (71), maar wel van Lorraine op dieselfde bladsy. Tipies van koshuisverhale (ala Harry Potter) is daar duidelik onderskeibare skurke (boelies) en goeie ouens (veral die afgeknoudes). Peet is die voorbeeld van eersgenoemde en “die arme Giovanni” van die laasgenoemde (7-8). Daniël ervaar trauma omdat sy pa 'n seiljagvaarder is wat op see vermis geraak het (17; 41).

Die buitestander is Antonie, die verwerpe kind (72-3). Die skurk is die blanke onderwyser, mnr. Theron. Die boek skep 'n wêreldvreemde gevoel: die blanke polisiekaptein, kaptein Jansen (48-9), dagteken uit 'n vorige era; daar is letterlik geen herkenbare aspek van die werklikheid wat beskryf word nie. So word daar nooit één (swart) werker vermeld nie (89); trouens die skool self is wasig.

- 2 Barnard, Annerle: *Speel* (2021), Tafelberg

Hierdie distopiese roman (117; 140; 176), bekroon met 'n Goue Sanlamprys vir Jeuglektuur (2021), gee 'n geïdealiseerde verhouding weer tussen blank en swart (Suid-Sotho's) soos vergestalt in die vriendskap tussen Lukas en Dimpho én hul ouers. In hierdie roman word daar telkens 'n geïdealiseerde rasse-situasie gerepresenteer; deurgaans met die swart mense as die navolgbare persone. Waar Lukas soms onsimpatiek oorkom, is Dimpho die empatieke een: “Ek dink nie dis reg nie, Loek. Hulle is mense. My pa sê mens moet goed doen en reg doen waar mens kan. Solank ons die geleentheid het, moet ons aan almal goed doen. Eendag het ons ook miskien hulp nodig” (29). Lukas is boonop die “buitenissige” karakter wat ly aan ADHD (“Attention Deficit Hyperactivity Disorder”, dus eintlik Aandagafleibaarheid- en hiperaktiviteit-sindroom) en kruiemedisyne moet gebruik word om homself te kalmeer (56) en “normaal” te funksioneer. Plaasaanvalle word getrivialiseer (en selfs belaglik gemaak) deur die uitbeelding van die nors buurman van Lukas wat 'n krokodilgrag op sy plaas gebou het om plaasaanvalle te

bekamp (14). Die enigste plaasaanval wat wel beskryf word, dra ook geen rasse-konnotasies nie, omdat dit 'n aanval is wat deur Tardigradas, die “monsters” uitgevoer word (121 e.v.). In hierdie distopiese roman is die werklike boosdoeners die propageerders van 'n “meesterrras”. In die uitbeelding van hierdie mense (o.a. 173 e.v.) herken 'n mens die stereotipiese uitbeelding van Nazi's in Hollywood-rolprente én van die Apartheidsregering, soos onder andere in die (Engelstalige) verfilming van Brink se roman, *A Dry White Season*.

3 Barnard, Annerle: *Sindikaat* (2019), Tafelberg

Die hoofkarakter, Paul Rudman, is bepaald nie “gewoon” nie. Hy is op 'n Engelse skool en praat Engels met sy pa (60; kyk ook 50 en 51) en ook sy ma is Engels (106). Sy Afrikaans is nie aksentloos nie (60), maar hy en sy vriende (soos Adriaan) gebruik idiomatiese Afrikaans. Hy sien 'n sielkundige (sy “shrink”) (20; 223), drink anti-depressante (33; 110) en gee blyke van kompulsiewe gedrag (byvoorbeeld sy voortdurende handwassery) (117). Soos bykans verwag kan word, is sy ma ook in 'n psigiatrisie hospitaal (242-3). Een van sy beste vriende is 'n Taiwanees, Chen (26; 55), “die gaafste Taiwanees op aarde en [hy] sal nie 'n vlieg kwaad aandoen nie” (27), en sy vriendin, Alicia is lesbies en het deur die hel gegaan weens haar seksuele voorkeure (17; 18; 14; 115; 120). Sy is op “Hoërskool Oranje” (Oranje Meisieshoër): “Norme en standaarde, 'n bepaalde soort [sic!], is hoog – soos by die meeste skole. As jy buite die boks beweeg, merk mense dit op” (17). Vergelyk ook die sedepreek op bl. 17: “Maar wanneer mens iemand viktimiseer net omdat die persoon anders is as jyself, is jy eintlik net 'n boelie.”

Vreemd genoeg gebruik die skynbaar empatieke Paul besonder kwetsende beskrywings soos “ou vrou met 'n nat broek” (19) en selfs rassistiese beskrywings en stereotiperings (21; 22; 46). 'n Stereotiperende en beledigende beskrywing van Welkom (181) val ook vreemd op die oor komende van 'n hiper politiek-korrekte karakter in 'n ewe hiper politiek-korrekte boek. Dis ook vreemd om in die teenswoordige tyd (waar gepraat word van Amaroks (77), ESKOM (86) en “Iewers Nice” (114)) daar skielik 'n belangrike (anachronistiese) karakter is wat skynbaar relatief jonk/aktief én 'n Recce is én in Angola geveg het! Die meeste van diesulkes is tans in hul laat-sestigerjare. Dreyer, daarteenoor hardloop elke oggend 20 km (261) en is 'n kranige vegter. Voorts word 'n huwelik tussen swart en wit beskryf en die kindjie is Paul se oogappel (102-3). Die haas tipiese motiewe binne so 'n boek ontbreek nie: homofobie

(120-30); die bruin Solly Plaatjes wat nie net 'n Vrystaat-rugbyspeler is nie, maar ook onderskeidings verwerf in al sy vakke en die seun is van mense wat die "sout van die aarde" is (130- 1).

Omdat die Sjinese die boosdoeners is in hierdie roman, word op bl. 263 'n hele paar positiewe beskrywings gegee as pendant van hierdie implisiete kritiek: voorbeelde hiervan is Dreyer se verwysing na sy "lieflike" Sjinese meisie en Bossie se opmerking: "Nie alle Sjinese is skurke nie [...]. Die meeste van hulle is gewone mense³⁴ soos Li Cunxin, talentvol en hardwerkend, en hulle probeer maar net oorleef en bietjie vooruit kom. Nes ons." Tipies van 'n roman waarin die werklikheid verteenwoordig word, sluit die werk ook met 'n wonderbaarlike genesing met bekeringsstrekke: Paul is "minder verward, minder kwaad. Hy wonder minder oor die sin van als en gaan weer saam met sy ouers kerk toe [...]. By die tentkerk het iemand onlangs vir hom gebed dat die gees van angs hom sal verlaat. Sedertdien haal hy weer asem" (267). Hierdie roman is bekroon (met 'n Silwer Sanlam-prys vir Jeugliteratuur 2019).

4 Barnard, Hannes: *Wolk* (2020), Lapa Uitgewers

Hierdie distopiese roman sou dalk eerder beskryf kon word as 'n apokaliptiese roman. Die hoofkarakters bevind hulle in die "eindtye", maar is redelik gevrywaar van die gevaarlike wolk omdat hulle ver van die stede in 'n grot skuiling soek. Een waarin daar tekeninge van die "voormense" is wat ook so 'n apokaliptiese wolk bevat. Dis een van die weinige romans wat voorgelê was wat handel oor emigrasie. Voordat Rufus vertrek, beplan sy om "die grote" (die prysgawe van haar maagdelikheid) met haar beste vriend, Xandr te deel. Hy is (bykans vanselfsprekend in 'n roman wat "Afrikaanse manlikheid" afkeur) ook nie die tipiese rugbyspeler nie, maar verkies basketbal (27). Die rugby-afrigter doen alles in sy vermoë om hierdie "oor die outydse sesvoet" seun vir rugby te werf, maar verniet.

Emigrasie word egter hoegenaamd nie diepgaande bespreek nie en Rufus se pa se besluit word bykans belaglik gemaak as die paranoïese besluit van iemand wat dink Suid-Afrika is reeds in 'n staat van oorlog: hy sit "die 'para' in paranoïes" en alle huise "is loopgrawe en hul Fortuner is 'n tenk wat die vyand elke dag teiken" (9). In die proses word emigrasie belaglik gemaak as die besluit van bang, rassitiese mense. Haar pa word implisiet beskryf as 'n stereotipiese Afrikaner (macho-) man

³⁴ Vreemd genoeg is die woord "gewone", in dieselfde betekenis wat ek dit gebruik het in die rubriek skynbaar aanvaarbaar in 'n pryswennende roman.

soos die afstootlike Jeremy Furter, 'n "groot, vet man met 'n baie kort kakiebroek en 'n vaal kortmou-knoop-hemp wat oor sy bolmaag hang" (50) "n pedofiel of freak of iets" (135). Op ble. 146-150 word hierdie man weer as weersinwekkend beskrywe; (kyk ook 133-135; 146-150 en 204-206). Die tekeninge teen die grotmuur is gedoen deur "[o]ns land se stamvaders" (114) en selfs foto's daarvan voel soos ontheiliging. Voorts is die swart man agter die toonbank die presiese teenpool van die Afrikaner boer (152): hy "kyk die grillerige man agterna en skud sy kop afkeurend" (51).

Dis daarom hoegenaamd nie vreemd nie dat die swart man by die vakansie-oord in sy uniform van die Golden Gate Hoogland Nasionale Park beskryf word as 'n beskaafde en heldhaftige, empatieke man (151-5) en die stroper van die drankwinkel en kantoor as 'n gewelddadige Afrikaner nie. Xandr se eie familie is ook enigsins ongewoon met sy suster met wie hy 'n swak verhouding het en wat reeds 'n universiteitsstudent is, filosofie studeer én op 'n uitrui-skema in Tanzanië is (131). Die keuse vir 'n universiteit val daarom – soos verwag kan word – op Rhodes Universiteit. Snedige opmerkings soos "en sommiges vier nog Geloftedag" (161) is tipies van die toon van hierdie roman. Op bl. 204 maak Jeremy Furter weer sy verskyning en word deur Xandr met 'n klip bewusteloos geslaan (204; 205) Hierdie roman is genomineer vir 'n kykNet-Rapport-boekprys.

5 Barnard, Hannes: *Roet* (2021), Lapa Uitgewers

In hierdie opvolgwerk raak die verhouding tussen Xandr en Rufus veel minder idillies en tree daar by tye groot verwydering in (ook as gevolg van Rufus se aangetrokkenheid tot die "sexy" Duitser, Bernt (byvoorbeeld, ble. 164, 235; 255-6; 260; 261). As distopiese roman het hierdie roman min verbande met die huidige werklikheid. Rufus is steeds getraumatiseer deur Jeremy (73). Verder word die stereotiperings voortgesit. Haar pa se drang om te emigreer word toegeskryf aan die vrees vir kapings, nadat sy skoolvriend "jare terug in Durban gekaap is en, nóg erger, sedert hy by 'n verkeerslig in Midrand self 'n kaping gesien het". Daarna het sy paranoia ongekende hoogtes bereik. "Nie net het hy 'n rewolwer vir homself en later 'n pistool vir my ma gekoop nie, maar hy vertel met enige kans wat hy kry, hoe sleg die land is. Hoe barbaars. Hoe menslikheid nie meer hier bestaan nie. Hoe ons moet bid dat ons lewend hier gaan uitkom" (12). Haar pa word op bl. 291 beskryf as gevoelloos en wreed. Vanselfsprekend is die res van die roman 'n poging om hierdie siening van haar pa te loënstraf. Vergelyk byvoorbeeld

die hele “aardmoederritueel” (18-9) wat ook die verbondenheid met Afrika moet versinnebeeld en die swart man by die petrolstasie wat hulle gewaarsku het (56); selfs die Duitsers wat hulle gasvry ontvang (79 e.v.), maar later ontmasker word as gevaarlike opportuniste (282). Op bl.148 word hulle gevange geneem deur mense wat herinner aan Boeremagvolgelingen, maar later blyk ook dr. Heather Jacobs insluit; Suid-Afrika se voorste kenner van atmosferiese wetenskappe. Kolonel Hlela is ’n Mandela-figuur wat almal laat saamwerk (201; 206) én ’n ware leier is (250). ’n Belangrike stuk om die visie van die teks te illustreer, is Rufus se lang introspeksie oor armoede in Suid-Afrika (219).

6 Bezuidenhout, Zelda: *Toe ons oneindig was* (2020), PanMacmillan

Die hoofkarakter, Kara Immelman, is ’n buitestander en sy begeer om te ontsnap uit die dorpie waarin sy woon. Reeds voeg (op 18) klink sy latent lesbies (33; 51; 66); ’n motief wat uitgroeï tot die belangrikste (sluit)motief (87; 88; 89; 90; 91; 102; 106; 112; 120/121; 136; 138; 141; 142; 144; 148; 153). Sy dra selde rokke, het geen aangetrokkenheid tot mans nie; wel tot die beeldskone, bruin Sam “die meisie van Belhar” (51); die “token-coloured” (71) wat meteens ook Eduard se hart steel. Samantha het iets van ’n reputasie, omdat sy “slegte maats” sou hê (60) en sy en ’n vriendin “aangejaag” het (65; 83; 101; 102). Sy is volgens een van haar kenisse, ’n “Dyke” (102). Boonop is sy nie net lesbies nie, maar bi-seksueel (138; 180). Haar ma is ook in ontkenning oor Sam se seksualiteit (164). Eduard-hulle is arm en kan daarom nie sy demente oupa “in ’n plek vir Alzheimerpatiënte” (31) laat opneem nie. Boonop werk sy ma in Saoedi-Arabië omdat sy pa “sy werk verloor het” (31). Waarom word nie vermeld nie.

Kara se ma is geen rassis nie, maar vind die Beyoncé-plakkaat onaanvaarbaar, omdat sy byna kaal is (87). Die hele roman handel oor die probleme wat Kara moet oorkom om uiteindelik die moed te vind om “uit die kas te klim” en haar ware identiteit bekend te maak, soos ondermeer die skinderveldtog dat sy en een van die onderwyseresse, juffrou Enslin, ’n verhouding sou hê (148; 149; 151; 154). Haar ma verkeer in ontkenning omdat sy suggereer dat dit ’n fase van verbygaande aard is (61; 144; 168), terwyl haar pa (én ma) duidelik ’n heterogene dogter begeer wat matriekafskied toe gaan met ’n seun (11; 108; 115; 126; 136; 170; 171). In die boek blyk dit dat haar broer oorsee is (99) en dat een van sy beste vriende, Andries Venter, homofobies is en graffiti oor Sam op mure verf (155-6). Voorts is hy rassisties en ook nog ’n molesteerder

van vroue (157-8). Die teenpool, naamlik die begrypende seun, word verteenwoordig deur Eduard (130; 132; 134) wat sy eie trauma ervaar, naamlik sy ouers se skeiding (162-3). Die slot is besonder soet met 'n idilliese eenheid. In feite het Kara nog nooit haar seksualiteit erken en met haar ouers bespreek nie en hang die belangrikste tema derhalwe steeds in die lug.

7 Bezuidenhout, Zeld: *Die 3 van ons*. (2021), PanMacmillan

Hierdie roman is bestem vir kinders van ongeveer 12 jaar. Die hoofkarakter, Jana word groot in 'n gesin waar die ouers baie politiek-bewus is en haar byvoorbeeld na die Apartheidsmuseum neem (79). Haar suster, Lika, is sestien jaar oud en 'n hartebreker van formaat (6). Sy is besonder omgewingsbewus (kyk ook 48), “gebruik nie onherwinbare pastiek nie, sy dra nêť tweedehandse klere” (6) en het 'n sterk afkeer van katoenklere omdat katoenplante soveel water gebruik (7). Lika is verlief op 'n bruin seun (47; 64; 94; 96) en later raak Jana op sy broer verlief (61; 112). Jana se een maat is bruin en later is haar ander swart (21; 69; 85; 86). Die laasgenoemde, Jessie is die aanneemkind van Herman de Wet en sy eggenoot, Pierre de Wet, wat 'n organiese groentetuin in die Kaap bedryf het (43).

Jana se oupa Ignatius was in die apartheidsjare 'n vryskutjoernalis en politieke aktivis en is deur die polisie doodgeskiet (58). Sy gaan skool in 'n ras-gemengde skool met 'n vroulike hoof (72). Boonop moet sy die dood van 'n geliefde ouer vriendin, tannie Kitta, verwerk (17). Tant Kitta is die ma van Herman de Wet wie se pa hom “uit die huis geskop het weens sy homoseksualiteit: “Pa Herman sê [...] sy ma – ouma Kitta – het niks gedoen om dit te keer nie” (42). Tog word sy ten slotte steeds gekoester, deur haar kleindogter aanvaar en vier die drie maats haar lewe deur sewe eko-vriendelike balonne (105) by Gold Reef City los te laat (109).

8 Bloemhof, Francois: *Verkleurmanneljê* (2021), Lapa Uitgewers

Hierdie roman is bevolk met “buitenissige” karakters: 'n skynbaar onstabiele stiefma wie se “kop raas” (46), maar eintlik 'n slagoffer van gesinsgeweld is; 'n verlamde halfbroer wie se gestremdheid die gevolg is van aanranding deur sy pa, 151); 'n psigopatiese (50) reeksmoordenaar-pa wat ook Marco se ma vermoor het (160) én sy eie vrou, Juanita, 154) en boonop 'n hoofkarakter in pleegsorg wat later moord pleeg. Daar word eers die vermoede gewek dat hy gay is (57) – iets wat later ontkrag word (101) waar hy nou skielik melding daarvan maak dat hy al 'n paar meisies

gevy het. Sy pleegsorgsuster, Adri, is wel gay (101-2) en sy halfbroer, Neville, probeer om hom te verlei (120-21).

Dis bykans 'n romanmatige weergawe van *The Stepforth Wives* waar vroue onderdanig en gedienstig is, kuis aantrek en 'n patriargaal-getinte godsdiens in die kerk verkondig word (66). Daarom neem die roman ook 'n baie kritiese houding in teenoor die Afrikaanse kerk en die argetipiese Afrikaner-man (66; 160). Aan die einde van die roman, besef die hoofkarakter dat hy soos sy eie pa ook iets van 'n verkleurmannetjie is, wat hom anders voorgedoen het as wat hy is (170).

9 Goosen, Troula: *Raaiselster* (2019), Human & Rousseau

Leopold de Villiers se pa is dood en sy ma, Isabella is 'n groot snob en baie siek (1; 4). Reeds aan die begin van die roman sterf sy en laat Leopold brandarm agter (24) omdat sy al die geld verkwis het. Mieta, hul huishulp, wil hom inneem terwyl haar man, Moos, nie te gewillig is nie (25). Saam met Sarel, 'n touleier, en Barend, 'n transportryer, vertrek hy die binneland in. Sarel beskuldig hom dat hy wat Leopold is, te trots is om as rykmansseuntjie 'n touleier te wees (32) terwyl hy Sarel "n kluitkop" noem. Hier is reeds sprake van verskuilde rassisme, want Sarel is bruin (51-2) en Ceres is die plek van sy voormense. Later (72) blyk dat Sarel eintlik 'n meisie is wat Sara heet (72; 74). Sara word later vir hom aantreklik met "koper vel" en "gladde hare [wat] blink" (89), tog krap Emily – bykans 'n spookverskyning – "sy hartklop deurmekaar" (95; 113). Die res van die roman is vol, bykans bonatuurlike, avonture soos die monster, die "verdwaalding" (98-9) en Sara wat haar voormense se pyn ervaar (110).

Op bl. 117 e.v. word oom Arius se verlede onthul, veral sy huwelik met sy geliefde Vytjie (hul "kombuisvrou se dogter", 146) teen die wens van senator Koekemoer met wie se dogter, Matilda, oom Arius sou trou. Op 'n foto sit Vytjie met een swart en een wit kind op haar skoot (118-9). Later blyk dat Emily, Sara en Leopold elkeen 'n spesiale klip het (122-3). Die bonatuurlike bereik 'n hoogtepunt wanneer die voormense as' t ware verskyn en die sterre die hemel vul (143). 'n Belangrike onthulling deur oom Arius is dat Sara en Leopold niggie en neef is en Leopold se snobistiese ma is eintlik gebore uit 'n gemengde huwelik (146). Arius onthul dat sy geliefde Vytjie en sy kinders weggevoer is en dat hy lank opgesluit was. Hy was ook een van die gevangenes "wat Mitchellspas gebou het" (147). In pas met die idilliese trant van die roman is daar 'n gelukkige einde waar Leopold en Sara by Emily-hulle gaan inwoon; Sara sal leer lees en Mieta en Moos in die tolhuis sal woon. Ten slotte sê

Leopold vir Emily terwyl hy haar omhels: “Ek moet erken ek het my hart in Ceres verloor [...] Maar dis reg só. Die Bokkeveld is mos die plek van my voormense ook” (155).

10 Goosen, Troula: *Raaiselsee* (2020), Human & Rousseau

Die hoofkarakter, Daniël, is 'n (wit) weeskind wat “op ander (bruin mense) se nekke lê” (7) en sy verblyf moet “verdien” deur te steel. Dis egter nie 'n voorbeeld van rasse-konflik nie, want sy aanneem-ma, Ant Luitjie, Magas en Gertjie is almal bruin en met hulle het hy wonderlike verhoudings. Sy pa staan bekend as 'n rower wat as sodanig tereggestel is (8). Later blyk dat dit onwaar was en dat sy pa eintlik gesterf het weens sy verset teen die mishandeling van slawe (132; 139; 151-2). Ma Betiegi se ma, ouma Sakira, vertel ook dikwels aan haar kleinseun, William en ook aan Daniël stories van “die aaklige goed wat met haar gebeur het” op die slaweskip (12) waar alles van haar weggeneem is en sy selfs haar naam moes prysgee en skielik “Maria” genoem is (17; 18).

Die enigins omstrede ler, Robert Stanford, wat deur baie koloniste as verraaier gebrandmerk is, word in hierdie roman uitgebeeld as 'n ware heer en empatieke en 'n goeie werkgewer.

11 Jacobs, Jaco: *Oupa Zombie* (2020), PanMacmillan

Hierdie roman is tipies vir jong kinders en vol van humor en fantasie-elemente. Die hoofkarakter, Alexander Frederikus (Alex) Kritzinger, “het 'n baie lang naam, maar hy is die kortste seun in sy klas” (8). Hy is die tipiese “buitenissige karakter”, 'n buitestander na wie niemand eintlik kyk nie met sy muisvaal hare en bril (8). Daarom vergoed hy deur baie interessante feite te vertel en by tye ook spekskiet (15 e.v.). Uit die name van die karakters: Alex, Jamie, Amie, Tracey, Lesedi, Mandle en die skoolhoof, juffrou Molefe blyk die reënboognasie-ideaal.

12 Jacobs, Jaco: *Die boekwinkel tussen die wolke* (2021), PanMacmillan

Ella, die hoofkarakter, is 'n alleen-kind wat in relatiewe armoede grootword (21-2) met 'n enkelma en 'n besonder vreemde boetie, Robbie wat alles byt en opkou (18). Haar enigste werklike vriend is Einstein (Hein Steyn), 'n slim “nerd” met draadjies aan sy tande en die teiken van boelies (36; 82-3). Voorts het sy 'n goeie verhouding met oom James, 'n swart motorwag wat voortdurend besig is met wiskundige berekenings (54). Hy is afkomstig van 'n ander, arm land waar baie werkloses was en eintlik is hy 'n wiskunde-genie (77). In Suid-Afrika was hy sonder heenkome en

verblyf, moes hy die taal leer, bedel vir kos (77) en het selfs oorskietkos in vullissakke gesoek (78). Oom Julius ontmoet 'n professor in wiskunde wat vir hom gratis aandklasse gaan gee en bes moontlik ook sal sorg vir 'n studiebeurs (156). Hy is ook uiteindelik die held as hy die (blanke) brandstichter betrap (193). Ella kry later 'n nuwe vriendin, 'n bruin meisie, Ella September, haar ma word bevorder tot assistentbestuurder van Koffieboon en het nou 'n nuwe, groter woonstel (200).

13 Lekas, Amee: *Die dans van van die watermeid* (2021), Protea Boekhuis

Hierdie drama is eintlik vir volwassenes bedoel, maar sou ook bestempel kon word as geskik vir jong volwassenes en adolessente. Daarom bekyk ek dit ook hier. Daar kan eintlik volstaan word met die twee loktekste: "Die ongetwyfelde ster van *Die dans van die watermeid* is Lekas se eiesoortige stem wat uiting vind in die taal van haar heimat ('n Willowmore-variëteit). Jy verkneukel jou in die uitdrukkings wat sy gebruik om haar storie te verwoord, en dialoog lê soos lekkergoed in die monde van die akteurs" (*Die Burger*), en "... 'n sterk en goeie voorbeeld van teater wat die samelewing kan transformeer, en teater wat die lig laat skyn op onderwerpe wat wil voorkom asof daar nie teater van gemaak kan word nie" (Mercy Kannemeyer, *LitNet*).

Hierdie drama se belangrikste motiewe is homoseksualiteit (Mills volgens toneelaanwysings op bl. 8 en Karel, 9), seksuele misbruik en klasseverskil. 31: "bediende" teenoor "huishulp" en mense wat hulle keer teen hulle herkoms (39). Voorts blyk die dominee 'n molesteerder en verkrachter te wees (49).

14 Maartens, Maretha: *Bethel se berg* (2020), Lapa Uitgewers

'n Buitenissige, onkonvensionele hoofkarakter, Anna, toer met haar kinders (van verskillende mans) deur die land in 'n kombi. Daar word bykans 'n verslag gegee van enkele van hierdie plekke in hierdie peregrinasie-roman. Die gebeure speel af in 'n vervloë tydperk (skynbaar in die tagtigerjare met die bomontploffings (145) en die nadraai van die Grensoorloë (17; 28)). Mamma en haar hele gesin is vegetariërs (70); sy leef met haar gesin in armoede (40; 65), is sterk anti-apartheids gerig (146), wyt die geweld eintlik aan die ongelykhede in Suid-Afrika (146), en is wars van burgerlike konvensies, soos vergestalt deur haar pastorie-ouers (142 e.v.). Op 'n jong leeftyd het sy in 'n kommune gaan woon (137-9), geleef "soos wat mense moet leef: in vrede en liefde saam" en swanger geraak by 'n man met wie sy nie getroud was nie (142). Hy

sterf in die Grensoorlog en sy begin 'n verhouding met "Pa" by wie sy nog kinders het. Die hoofmotiewe van die roman is die drang om vry te wees (76), genade (82); die lyding wat oorlog bring (85-6) en empatie (113). Bethel moet leer dat 'n mens altyd 'n keuse het, ook om jou eie lotsbestemming te vind (90).

'n Ander belangrike motief is dat die letterkunde terapeutiese waarde het, want "dinge maak meer sin in boeke" (94). Die gesin is baie onkonvensioneel vir die tagtigerjare van die vorige eeu: hulle ontvang hulp van swartmense (113); gaan saam met bruinmense skool toe (115); merk kleurverskille bykans nie op nie (118) en woon in Williamsville nie net 'n huiskerk by nie, maar laat ook die jongste kind, Pips daar inseën (122). Hier ervaar hulle die ware liefde wat in die tradisionele Afrikaanse kerk ontbreek. In die idilliese slottoneel blyk dat hulle in die Strand gaan woon, in die woorde van Mamma: "[o]ns gaan 'n huis met mure huur, en ons gaan gewone mense word" (159), want hulle het geld gekry van die pastorie-ouma vir wie Mamma "se foute" nie meer saak maak nie (159). Die slot sou derhalwe gelees kon word as ondermyning van die sentrale motiewe van die roman.

15 Neser, Christien: *Absoluut Einstein* (2020), Tafelberg

Hierdie roman handel oor 'n bruin meisie, Dylcia Mentoer, spottend "delicious" genoem deur sommige van haar wit skoolmaats, die "vuilhonde" (9). Sy is afkomstig van Ashton waar haar pa werkloos geraak het weens die sluiting van 'n fabriek (31) en sy het 'n duidelike Kaapse aksent (13). Nog nie eers 'n jaar op die skool nie en reeds word sy lid van die Leerlingraad (11), tot argwaan van haar vyande én irritasie van haar vriende soos Simone (11). Duidelike rassisme kom voor by sekere kinders (14). Tog het swak maniere en waardes niks te make met kleur nie: "Skollies. Mens kry hulle klaarblyklik die hele land vol. Maar hier is die skollies waarskynlik kinders wie se ouers blink motors ry" (16). Dylcia het dit nie breed nie; haar broer, Leonard het destyds die Esselenbeurs vewerf en "is vandag 'n elektroniese ingenieur", pas terug uit Amerika (31). Maar die Mentoors is trotse mense en het niemand se "bedelbrood" nodig nie (31).

Haar "projek", "Micha Steinman. Dit klink sag en dromerig en kunssinnig en stylvol. Allesbehalwe 'n Botha of 'n Van der Merwe of 'n Mentoer" (17). Hy is Joods en outisties, maar briljant (56) en praat verskeie tale, soos Sweeds, Mandaryns en Japannees. Sy studie is om vas te stel "watter

kleur” mense is. Die presiese skakering. Ek gaan bewys dat daar nie iets soos wit mense of bruin mense of swart mense bestaan nie. Almal in my studie is tot dusver skakerings tussen Cream Parfait en Cocoa Bean” (22). Hy is “nie mal nie”; wel op die spektrum; outisties en hoogs funksioneel (22).

Edward Nel is een “van [die] mense met gebreke; ’n kwadrupleeg wat Dylcia se held is. Cecilia Koen is “die skool se kopdokter [...] by die skool ken die kinders haar as tannie Koekoes, die antie wat die koekoes kids se koppe moet uitsorteer” (27). Die roman handel oor Delycia se ervarings met Micha, sy bepaalde kenmerke (48) en hóé om ’n outistiese persoon te hanteer. Voorts speel robotte ’n belangrike rol in die verhaal. Mnr. Barnard, die Robotika-onderwyser, is ’n ondernemende, empatieke persoon. In die loop van die roman raak selfs die “Vuilhonde” geïnteresseerd in die maak van ’n robot en verdwyn rasse-vooroordede (én vooroordele jeens outistiese persone; hulle belewe avonture) en almal raak goeie vriende. Selfs Dewald Basson, eers ’n moedswillige en nare persoon (58), lyk uiteindelik “nogal soenbaar” (170).

16 Neser, Christien: *Kersfees in April* (2021), Tafelberg

Mieke Maas (Poenie) is ’n alleenkind in graad 7 (76), maar Fenyang Sebueng is nie net haar beste vriend nie, maar haar “boetie” (23). Haar pa is ’n Nederlander van herkoms (16) en sy gaan skool in St. Josephs, ’n Katolieke skool waar suster Maria die hoof en sy en Fenyang die hoofprefekte is (21). Beide haar en Fenyang se ma’s het hul gesinne vroeg verlaat: “Een is hospitaal toe. Die ander een is stad toe. Nie een het teruggekom nie, nie Elske Maas óf Gloria Sebueng nie” (41). Dis ’n roman waar daar absolute rasse- en taal-harmonie heers (98) en die skurke nie net blankes is nie, maar ook afstootlik en gewelddadig optree (62; 63; 108). Haar oupa stoei by geleentheid heldhaftig met ’n krokodil om Lukas, Fenyang se pa te red (55). Dié oupa is bekend as bossiedokter, maar hy is werlik ’n opgeleide geneesheer (48). Die hoofmotief (naas die genoemdes) is ekologiese bewussyn. Haar gesin word daarom ook uitgeskel as “bunny huggers” (63). Hierdie abstrakte motief word gekonkretiseer (as verhaalmotief) in die poging om die “storieboom” te red van die stootskrapers. Alles word ingespan: televisieuitsendings (115 e.v.), telefoonproepe (111 e.v.) – en uiteindelik – die karnavaleske hoogtepunt, die “Kersfees-konsert” in April (128 e.v.).

17 Oosthuizen, William: *Die lewe volgens Wim Vermaak* (2020), Human & Rousseau

Dit sou 'n eufemisme wees om die Vermaak-gesin as “gewone” mense te beskryf. Wim se Pa, Dolf, is 'n advokaat, voortdurend afwesig weens sy werk (2) en nuwe hoof van die Menseregtekommissie (16; 48-9), 'n posisie waaruit hy later bedank (139). Sy ma, Sonja, doseer kuns aan die Universiteit van Kaapstad, en haar menslike geraamte wat sy in haar lesings benut, raak 'n dispuut oor menseregte wat ook toemende spanning skep tussen haar en haar man (11; 77-8; 80 e.v.; 83-4; 89; 104-6; 121; 125-9; 135-6; 139; 148-9). Wim is een van 'n tweeling en onderpresteer op skool. Dan besluit hy om 'n film te vervaardig en boonop die meisie van sy drome as hoofrolspeler te betrek. Hierdie pragtige meisie, Jenny, se pa was in die ambassade in Amsterdam en sy slaan altyd oor na Nederlands as sy gespanne raak (110). Daar is ook heelwat leidrade (oor haar voorkoms; haar pa as politikus; sy werk in die ambassade) wat suggereer dat sy bruin is. Die opdrag is “omgee” en sy taak gaan oor vryheid (101). Sy suster, Maddie, is vreemd verby en haar ideaal is om deel te wees van 'n sending na Mars waar die ouma later betrek word om as voog haar toestemming te gee (8-10; 19; 36-7; 91-3; 102-3; 152-3). Verder is daar ouma Hantie wat verstrooid is (en skynbaar simptome van vroeë demensie vertoon), lief is vir haar drankie (24; 144) e.v.; 33; wat nie net Wim se kamer beset nie, maar wat die slagoffer raak van bedrog (58-9; 64-6; 79; 80; 97; 106-7; 123; 131-4; 141-2; 145-7; 150; 151).

Die grootste opstoker by die universiteit is Jason Grobler, “'n jong man met lang blonde hare en vuil jeans” (135) – 'n beskrywing waardeur enige sweem van rasse-spanning vermy word. Die verloop van die tugsak, waar 'n apologie van Wim se ma aan haar studente vereis word (126), toon baie ooreenkomste met dié van David Lurie in J.M. Coetzee se *Disgrace*. Toe sy op universiteit was, het 'n vreemde man met 'n mes by haar kamer ingebreek en toe hy die geraamte, Harold sien, verkas (12). Hierdie geraamte het behoort aan Sonja se eerste groot liefde, 'n mediese student wat dood is in 'n vliegtuigongeluk. Die bymekaarsit van die bene het sy ma se trauma help heel (156). Benewens die studentebetogings by die universiteit maak “'n klompie van haar studente [...] haar mal [...] met hulle skamele talent en swak werketiek wat dreig om die hele klas die afgrond in te stuur” (2).

18 Scheepers, Elrien: *Donker bloed* (s.d.), Human & Rousseau

Die historiese tyd van hierdie distopiese roman is 2047 (16) en speel af in die stad Etswagoli. Dis 'n tyd van hokvegters (soos Yala die Kongolese vlugteling met tatoes, 23-4), lugtaxi's, datapods, kuborge en geneties-gemanipuleerde babas. Sybella is in matriek (35) en is 'n (onwettige) straatverwer (50); haar vriende is Melikwami en Mkulu, 'n homoseksuele paartjie. Sybella se ma, Rosa Francke, en suster, Jynna, is dood in 'n lugtaxi-ongeluk, wat later blyk die werk was van Lillith Rox, die direkteur van Biotron Babas, en sy is daardeur getraumatiseer (49). Lillith was jaloers op Rosa, die Nobelpryswenner vir Wetenskap [sic!]. Benewens moord, is hier ook sprake van ontvoering en verraad, én word sy herhaaldelik deur haar, voormalige vriend, Seth, bedrieg (74). Die distopiese toestande behels ondermeer laboratoriumgekwakte steaks (34) weens die feit dat daar nie meer beeste is nie; onderverdeelde huise (36); uitgestorwe diere en insekte (36); verval (40); Kaapstad wat 'n spookstad geraak het (91); UNISA wat tot niet is (94) en die polisiekantoor wat vervalle is (151). Tussen alles lees Sybella darem nog poësie en haar "favourite" digter is Antjie Krog (63).

19 Steyn, Cecilia: *Die vlerke van naaldekokers* (2020), Human & Rousseau

Kylie is 'n 17-jarige meisie wat die slagoffer van trauma was: sy het haar hand verloor in 'n motorongeluk waarin haar suster, Lieke (wat "vandag" 16 sou geword het, bl. 5), dood is. Haar "stompie" is 'n groot bron van ongelukkigheid vir haar. Haar ma, 'n onkoloog, was verantwoordelik vir die ongeluk, maar niemand weet daarvan nie; ook nie Kylie se pa, 'n ortodontis nie (11). Om haar stres te bekamp, rook Kylie (1; 2). Inderwaarheid is sy vasgevang in 'n proses van rou: oor haar hand én oor haar suster se dood. Sy verkeer in 'n toestand van verlatenheid: "desolation [is] a state of complete emptiness or destruction. Barrenness, bleakness, starkness, bareness, dismalness, grimness, great unhappiness or loneliness, misery, sadness, melancholy, gloom, glumness, despondency, sorrow, depression, grief, mournfulness, woe" (79). Sy ontvang daarom terapie by dr. Eksteen én sy oorweeg selfdood (14).

Haar oupa, 'n professor in Skryfkuns aan die Noordwes-Universiteit (20), wat haar ma, Ingrid, vernoem het na Ingrid Jonker, is 'n skrywer van heelwat boeke en steeds op soek na die Groot Afrikaanse Roman (16) én het 'n Koreaanse lewensmaat, Mae (16). Sonder twyfel sou hy bestempel kon word as "buitenissig" (17; 19). Hy ruik na "pippement en

sigaarrook”, skep die indruk van ’n held uit ’n tagtigsflik en dra altyd ’n wit fedora. Met sy lang kuif en John Lennon-brillettjie met ’n swart raam lyk hy vir Kylie nes Richard Gere (16). Op ’n dag daag hy by Kylie-hulle op om haar op ’n “Road Trip” te neem, vergesel van sy “assistent”, Luke, “a cool dude” met “die gevlegte leerbandjie en armbandjie van houtkrale om sy regterpols” (18), lang hare en krale.

Luke se eie suster het “spesiale behoeftes” en ly aan Asperger-sindroom; dus ’n vorm van outisme. Sy is ook mal oor naaldekokers (130), iets waarvan Lee baie weet en as die romantitel ook telkens in bepaalde variasies voorkom (130; 148; 197; 201; 220; 232). Waarskynlik is die uitleg op bl. 65 die belangrikste: “In kontras met die vaal larwe, is die volwasse naaldekokers met sy pragtige vlerke en lyf, magies in sommige kulture. ’n Simbool van metamorfose en verandering. Hulle groot oë simboliseer om verby mens se selfgemaakte beperkings te kyk. Naaldekokers simboliseer ook ’n nuwe begin. Dalk is dié een ’n teken vir jou” (65). Kylie self ervaar skuldgevoelens jeens haar suster wat sy as ’n “geek” bestempel en met wie sy “lelik” was (130). Haar suster was die empatieke een wat altyd haar skyfies en hoender eerder vir die straatkinders sou gee (71). Daarom benut sy die Road Trip om haar oorlede suster se emmerskoplysie namens haar af te handel (78; 81; 89; 150; 161; 198), min wetende dat haar oupa terminaal siek is aan longkanker (51; 161; 168; 198) en eintlik ook sy eie “bucket list” afwerk.

Luke is daar om hom te versorg en wanneer die tyd daar is, die oupa te assisteer met sy eie selfdood; in wese ’n “genadedood”. Kylie bestempel haarself as onaantreklik wat nooit sal trou nie (39) en is self eksentriek met haar twee slakke wat saam toer, saam met haar suster se as (42); daarom definitief haar ewe eksentrieke oupa se kleindogter (43). Selfdoding is ook ’n belangrike motief in die roman: 14; 59; 210; 205 e.v.; 211-4). Daar is talle voorbeelde van wat politieke-korrektheid genoem sou kon word: In die roman word Ronelda Kampher se gedig “Nag” deur Kylie opgesê (108), waarop Lee spontaan (uit sy kop) saam begin voordra; die vrou, Kathlego, en haar dapper dogtertjie, Patience, is voorbeeld vir Kylie wat later haar nuwe prostese kry (168) en dit boonop “estetiseer” deur dit te laat versier (169) en haar oupa se roman handel oor ’n slavin (178).

20 Steyn, Cecilia: *’n Hart is net atome*. (2021), Lapa Uitgewers

Hierdie strokiesprent gaan oor ’n meisie, Poh Fen Lan, dogter van ’n Sjinese pa en Afrikaanse ma (gebore Johanna Gertruida, Hoofstuk 9) wat ’n “tomboy” is en wat boks. Daar is ’n vriendskapsverhouding met

'n blanke seun en 'n swart meisie (Maika) wat haar ook afrig (Hoofstuk 19). Een van die belangrikste motiewe is “die uitklop (vernietiging) van stereotipes” (Hoofstuk 1). Daar is spanning tussen die hoofkarakter en haar pa en haar beste vriend weer met sy (geskeide) pa, Hoofstuk 2. Dan is sy jaloers omdat haar vriend skynbaar verlief is op Nisa Henning (Hoofstuk 2). Poh se pa “saboteer” haar boks deur sy reëlinds dat sy ekstra klasse smiddae sal volg om haar punte te verbeter (Hoofstuk 3). Poh is nie gay nie en sal hou van 'n ou wat haar aanvaar nes sy is (Hoofstuk 4), en sy is heimlik self verlief op Theo en beoog “Projek Sabotasie” (Hoofstuk 5). Vir Theo is die belangrikste eienskappe van 'n meisie “eerlikheid” en “integriteit” (Hoofstuk 6). Daar is voortdurend Sjinese gewoontes, feesdae en uitdrukkings om outentisiteit te verhoog (Hoofstuk 8).

Die botsing tussen Pho en haar pa omdat hy haar boks afkeur, raak erg in Hoofstuk 10 en lei tot haar ma se vertrek na haar eie ma. Theo soen haar en sy ma is teleurgesteld as hy sê dat hy met Nisa uitgaan en nie met Poh nie (Hoofstuk 11). Alles word later opgelos: haar pa en ma raak versoen; Poh en haar pa ook; Nisa en Theo se “verhouding” loop op die rotse; Poh en Theo erken hul wedersydse aangetrokkenheid; beide besluit om te gaan studeer; Poh wen haar geveg in die Goue vuistoernooi en Poh stel 'n paar reëls vir hul verhouding, soos dat sy nie gaan afsien van haar voorkoms en optrede nie.

21 Van Baalen, Theresa: *'n Klein bietjie magic* (2021), Lapa Uitgewers

Janke de Wet wat amper 17 is (60) gaan vir die eerste keer in jare nie vakansie hou in Gourits nie, maar in McDougallbaai aan die Weskus, byna 700 km van hul huis in Kaapstad. Haar ma, Roelien, is beheersugtig (10; 44; 60), konserwatief en godsdienstig en haal voortdurend uit die Bybel aan (7). Op ble. 11 en 12 word bruin kindertjies in swempakke beskryf met die veelseggende toevoeging: “Haar ma kyk die kinders agterna. Janke kan maar net raai wat deur haar kop gaan, maar vir 'n verandering sê haar ma niks nie” (12) wat haar ma se rassistiese vooroordele impliseer. Reeds aan die begin van die roman sien Janke 'n seun (Stefan Vosloo) met sy “sonverbleikte kuif” (13; 17) wat haar lyf laat tintel.

Stefan woon in McDougallbaai en verkies dit bo die besige Kaapstad met al sy misdaad (19). Hier, sê hy, “is ons nie bang ons word gejaag of vermoor nie”. Van die begin is daar raaisels rondom Stefan (20; 29; 33) wat oop plekke skep en wat skynbaar verband hou met geweldsmisdade en sy ma se dood (33). Later blyk dat sy dood is in 'n mislukte motorkaping (63). Dit was weliswaar ingrypend, maar word

nooit in enige besonderhede vertel nie. Stefan en sy broer Adriaan het die vorige Desember iets soos 'n ruimtetuig gesien (30). Janke se ma is baie beskermend en obsessief beskermend (60; 72). Op bl. 88 raak die seewater yskoud wat ook die geval was met die eerste verskyning van die vreemde vaartuig in die lug (94; 108). Die titel van die roman is 'n motief wat deur die hele boek loop en in die slot ook resoneer (136).

22 Van Niekerk, Betsie: *Anderkind* (2021), Tafelberg

Hierdie roman is bekroon met die Silwer Sanlam-prys vir jeugliteratuur, 2021. Dis 'n distopiese roman, maar die historiese tyd is rondom die 1918-griep epidemie waardeur daar vanselfsprekend parallele ontstaan met die Covid-epidemie van 2020. Johannes is die Anderkind, 'n buitestander wat moet probeer oorleef na sy ma se dood aan griep. Hy verlang baie na Lya "met haar grootmaakarms" (15); iemand wat hy later weer ontmoet (71-2). Dis 'n vreeslike tyd "[á]lmal is bang vir die pessië, bang vir mekaar" (20). Johannes (én Dina de Beer) vrees dat hulle na die weeshuis geneem sal word (28-29; 37; 61-2), want hulle is alleen en die wêreld is gevaarlik. Tydens Dina se afwesigheid is hulle huis beroof (35), wat W.F. Hermans se opmerking betrek dat tye soos oorloë die slegste in mense na vore bring. Later word Johannes en ook Andries aangeval deur desperate mense (67). Dina maak weer haar verskyning (111 e.v.) en vertel nugter van al haar ontberinge (113). Later word die plaas van Johannes oorgedra aan 'n agterkleinneef van sy pa (116), woonagtig in die Kaap, en hulle gaan bly by Lya (119). Uiteindelik blyk dat "die Kapenaar [...] met die pes se tweede skoot afgesterwe [het]. Ons moet net hier op die plaas bly. Sodra die pes heeltemal opgelig het, sê hy, moet ek die papiere invul om julle as griepwese in my sorg aan te neem" (125). In die Statenbijbel skryf oom Andries aan die slot drie name neer: sy eie én die van Dina en Johannes, ál drie gebore op 25 Januarie 1919. Dit is duidelik dat hulle ná die epidemie as' t ware nuut gebore word (127).

23 Van den Berg, Jacolet: *Tyd om te skaats* (2021), Lapa Uitgewers

Hannah Verwey is in graad elf (57), woon in Morningside, Durban en hul gesin het ernstige finansiële probleme weens haar pa se werkloosheid ná 'n ongeluk (7). Haar ma moet bykans die hele dag bak om geld te verdien. Sy woon die Berea Hoërskool by saam met haar beste vriendinne Emma (wie se ma-hulle pas geskei is) en Thadi (wie se Zulu-ouers welgesteld is; 84): haar ma is 'n onderwyseres en haar pa is 'n advokaat. Een van die belangrikste motiewe is die absolute rasse-

harmonie wat heers en die feit dat die swart karakters (soos Kholwa, die persoon in beheer by die rehabilitasie-sentrum vir dolfyne; 77-8;192-3) almal modelpersone is. Hierdie boek gaan om transformasie/verandering by talle van die karakters; veral die hoofpersoon, Hannah Verwey, wat van 'n skaam buitestander ontwikkel tot iemand met selfvertroue (én haar pa wie se treurige omstandighede na 'n ongeluk aan die einde rooskleuriger lyk). Belangrik is veral bepaalde veranderinge by Hannah: van iemand wat ongelukkig en bitter is en probleme met haar ouers het (5; 11; 17,59; 89) tot iemand wat leer aanvaar en waardeer (142; 153; 159; 175; 182). Hannah kry 'n werk as kelner by 'n restaurant, maar wel een waar die kelners op rolskaatse beweeg én bedien. Dit bring mee dat sy moet leer rolskaats (gehelp deur 'n aantreklike seun, Ben, wat sterk omgewingsbewus is en met dolfyne werk). Hy en haar pa (wat obsessief is oor oseaanbesoedeling, veral deur plastiek) (11) vind aanklank by mekaar. Dit loop dalk weer uit op nuwe (werks)geleenthede vir haar pa.

Een van die groot gebeurtenisse is die plastiek-opruimingsaksie wat Hannah organiseer (154 e.v.) en wat nie net neerslag vind in die skool- en ander koerante nie, maar ook aanleiding gee tot haar uiteindelijke aanstelling by die rehabilitasie-sentrum.

24 Van der Walt, Derick: *Toring van Jasmyn* (2019), Tafelberg

Hierdie roman, die wenner van 'n Goue Sanlamprys vir Jeuglektuur in 2019), is 'n boek oor aanvaarding: van mense; kultuur- en godsdienverskille (37; 44); jou ouers én jou onvolmaakte self. Markus Combrink, sy suster ("suster-sonskyn", 22), hul pa en Neil, seun van een van sy pa se kollegas en vennote (36), gaan vir 'n tydperk na die eksotiese Istanbul (15) waar Markus se pa 'n kongreslesing gaan gee (43). Markus is die toonbeeld van ongelukkigheid: geïrriteer met sy ouers wat geskei is (24; 26; 36; 50); sy voorbeeldige suster (23; 38) én die swygsame Neil wat "deur 'n moeilike tyd is" en die hoofseun-tipe is (36; 41; 51-2); (eers veel later word onthul dat Neil se ouers omgekom het in 'n motorongeluk, 110-11). Die agtergrond is die eksotiese Istanbul wat gekenmerk word deur armoede (87; 88), maar ook harde werk en deursettingsvermoë (soos veral beliggaam in Meryem en haar broer, Sahib); alles omraam deur bomontploffings en geweld (13; 100-1; 127; 215).

Daar ontstaan 'n soort verhouding tussen Sahib en Nina (61), maar daar word ook (valse) leidrade verskaf dat Sahib deel is van die bomplanters weens wydverspreide negatiwiteit jeens Amerika (92-3). Op bl. 173 kom daar 'n uitbarsting wat baie van Markus se opgekropte woede verklaar:

sy pa het sy ma “gelos” en Charlotte geneem as nuwe vrou. Tog is sy pa steeds lief vir sy kinders en sal hulle – en hul ma – altyd versorg. Só kwaad is Markus dat hy “iemand wil doodbliksem” (174). Op bl. 204 word ’n sentrale motief van die roman aangeraak in een van Neil se briewe aan sy meisie, Liesie: “Kan jy jou sê sommer so sê oor goed waarvan jy niks weet nie?” Dit verwys na die lang, gewelddadige en ingewikkelde Turkse geskiedenis as Ottomaanse Ryk, hulle huidige politiek en ekonomiese situasie. Later word Nina ontvoer en deur Sahib gered (224 e.v.) en kom Markus tot die besef dat Sahib en sy vriende, “die klomp van die Toring van Jasmyn [...] die goeie ouens hier in Istanbul [is]. Hulle keer dan eintlik ’n skietery” (229). Teen die einde gee Markus sy eie geld vir Meryam (237); hy en Neil raak vriende (239); Sahib het herstel (240); Nina en Markus versoen (241; 247; 249); hy tree ook vriendelik op teenoor Charlotte, sy pa se nuwe vrou (246) én nooi Neil uit om by hulle te kom woon (249). Boonop verander Meryem se ma radikaal (254-5). Nie net gee sy toestemming dat Meryem moderne klere mag dra nie; sy dring ook daarop aan dat sy uit die huis moet vertrek en onafhanklik moet word (en later moet trou; 254). Meryem besluit om argitektuur te gaan studeer (255). So eindig alles idillies in “pais en vree”. Oplaas vertrek hulle “huis toe” as veranderde mense (256).

25 Van Dyk, Joha: *Branderjaer* (2020), Human & Rousseau

Hierdie roman word in die vorm van ’n drama deur Louw Swanepoel (met didaskalia, en derglike) aangebied, omdat die drama (toneelspel; opvoerings; die skryf van dramas, ensovoort) ’n sentrale motief is. Deidre Anker is ’n voorbeeldige dogter in ’n gesin waar daar baie konflik bestaan tussen haar ma, ’n regsgeleerde en advokaat wat daarop aandring dat haar dogter ook in die regte moet studeer en haar pa, ’n bykans werklose persoon (74). In die loop van die roman blyk dat haar pa ook betrokke is by die onwettige “hokgevegte” waaraan ’n klomp van haar skoolkennisse, die branderjaers ook deelneem (174; 217; 288-9), nes haar “heilige” vriend Pieter se pa (292-3). Skynbaar gedwonge omdat hulle “bloedskuld” moet vereffen (264 e.v.).

Deirdre, ’n goeie akademiese presteerder, vaar swak in Wiskunde en word dan – op aandrang van haar wiskunde-onderwyseres – getutor deur Louw Swanepoel, een van die branderjaers én hokvegters; boonop uit ’n “swak” en armoedige huis (142; 190; 301) met ’n ma wat sielkundige probleme het (302) en ’n aggressiewe en gewelddadige pa (190 e.v.; 295). Deur die loop van die roman raak hulle tot mekaar aangetrokke en moet sy uit haar beskermende kokon tree en “gevaarlik lewe”. So

begin sy 'n onafhanklikheid ontwikkel, begin ook branderry én sien sy af van studie in die regte (250 e.v.). Die roman is vol (hopeloos te veel) Engelse uitdrukkings, skynbaar om outentisiteit te verhoog; geweld (1 e.v.); rokende en drinkende kinders (5; 203 e.v.); dood as gevolg van 'n oordosis (7); seksuele toespelings (45); rasse-harmonie (55; 222; 261 e.v.); selfdood; dwelmmisbruik (89-92; 129; 130; 225; 263; 296); gesinsprobleme ("Ellis is die enigste van die Jaers wat 'n goeie verhouding met sy pa het [...]; 75"); klasseverskille (27); bendegeweld; onwettige weddenskappe; miskrame (208; 210; 302); 'n geheimsinnige verdrinking (275 e.v.) én 'n hele arsenaal "buitenissige" karakters.

'n Paar van die geheime wat eers laat in die roman onthul word, is dat Louw Swanepoel die "tawwe" ou eintlik drama wil studeer (175; 180 e.v.; 250). Cilliers Human, die beroemde toneelspeler en filmster wat dood is aan 'n oordosis dwelms (153-4), Louw se biologiese pa is (304). Boonop was sy pa ook 'n bokser (224)! Voorts word Deidre se neef, Frederik Anker se dood (en die ware omstandighede daarvan) ook eers laat onthul (275 e.v.).

26 Van Rooyen, Carel: *Skeur* (2021), Human & Rousseau

Hierdie roman sou bestempel kon word as apokalipties. Van meet af aan word die einde van die wêreld 'n al groter realiteit. Die skool is veelrassig (2) en deurgaans is daar rasse-harmonie. Die hoofpersoon, Maria (wie se pa verlam was en later dood is; 11, op 43-jarige leeftyd; 22) is verlief op haar onderwyser, mnr. Vorster (5; 11). Die roman is deurspek van Engels (veral aanhalings; 171 en 177) wat onnodig is en raak wel die Suid-Afrikaanse werklikhede van baie gewere (32); rasse-vooroordele (33); seksuele vergrype (46-7; 120); steroïede (85); miskrame (121-2) en selfdood (197) enigsins oppervlakkig aan. Die intrige en die slot is gesog.

27 Van Rooyen, Nanette: *Die 17e veer* (2019), Lapa Uitgewers

Hierdie roman se boodskap is dat alles eintlik goed gaan in ons land en dat alles opgelos kan word as ons mekaar liefhet. Talle van die karakters in die roman kan as "buitenissig" bestempel word. Lara (vernoem na die musiek in *Doctor Zhivago* 7) is gebore uit 'n buite-egtelike verhouding en die identiteit van haar pa is onbekend. Haar ma ly aan depressie (7; 23; 44) en woon saam met oom Dan. Haar ma en oom Dan se verhouding is onduidelik en die laasgenoemde bring sy aande deur met enkelmout whisky. Voorts luister hy na vioolmusiek, vul blokkiesraaisels in en koop en verkoop aandele (8;9). Dan is daar ouma Bibi wat 'n grys Mini Minor

ry, brug speel met vriende en graag heelwat soetwyn drink. Dié ouma werf vintage-klere en Lara verkoop dit. Verder het haar ouma 'n passie vir voëls.

Lara is self eksentriek: sy werk in 'n tatoeëersalon by Morag, 'n "Goth", en weet baie van dié onderwerp (14 e.v.; 54-5; 96; 98; 183-4). Sy ry 'n "mentgroen MotoMia" (17); skryf stories en gedigte (24) en hou van vioolmusiek (60) én dra dikwels rare klere (32-3; 56; 105). Haar bruin vriendin, Tilla Mentoor is 'n model (27), ly aan anoreksie (28; 48; 50; 111; 125) en woon in 'n kanariegeel huis (47). Die barista by Truth wat saam met Alex werk, is Groove. Hy het dreadlocks (36); is verlief op Tilla en is 'n kenner van musiek (82 e.v.) met sagte oë (83). Alex is ewe vreemd: hy dra steam-punk-klere en 'n bolkeil (36; 80) en het hare wat krul tot op sy skouers (58) en dra 'n koperhorlosiehouer om sy nek (59). Voorts hou hy van besondere musiek (60), praat Xhosa en werk by die "SOS-village", 'n blyplek vir uilskuikens wat uit hul neste geskop is (61). Feite oor voëls en veral uile vorm 'n belangrike motief (18; 56; 69; 72-3 en 89) en verbind Lara met haar pa, "Jay-Jay" én Alex (161).

Lara se biologiese pa is vreemd verby. Saam met oom Dan en haar ma het hulle in 'n hippikommune gebly en alles saamgedoen (137). Haar ma het Johannes Jacobus Minnaar (Jay-Jay) liefgehad. Op sy beurt het hy oral rond getoer en toe haar ma swanger geraak het met Lara het sy dit verswyg om hom nie aan bande te lê nie (138). Lara ontdek later haar pa se briewe aan haar (74) en sy word woedend vir haar ma wat die briewe van haar geboorte af en vir nog veertien jaar daarna weggesteek het (136; 138). Haar ma se verweer is dat sy haar nooit vertel het nie om haar teen verlies te beskerm (138). Haar pa is "n maand gelede met longkanker gediagnoseer [...] Hy is kort daarna oorlede" (139). Die idilliese situasie wat in hierdie roman gerepresenteer word, word deur een episode gerelativeer, naamlik die gewapende motorfiets-kaping (119). Opvallend is dat die rower beskryf word as 'n jong man met 'n borselkop (118) en dus nie swart is nie, die dokter is wél; "dr. Nkayi" (122). Die titel word op bl. 183 geaktiveer. Haar laaste, sewentiende veer wat sy vir ewig met haar wil saamdra, is 'n tatoeëermerk wat 'n uilveer voorstel (183) en 'n storie van verlies vertel, maar ook een "waarin daar ook soveel gewen is" (184).

28 Vermeulen, Jan: *Oopmond* (2019), Lapa Uitgewers

Hierdie roman is volgens die omslag die wenner van LAPA se jeugromankompetiese. Madeleine Taaibosch ondergaan 'n hartoor-

plantingsoperasie en tydens 'n atletiek-byeenkoms later kry sy skynbaar weer 'n hartaanval (5; 9). Haar grootste teenstander is Natalie Korf wat reeds vier jaar vroeër haar hartoorplanting gehad het. Die roman handel inderwaarheid oor orgaanoorplantings en oorplantingspasiënte (23; 30; 116; 188-9), soos Wendy Kruger, Madeleine se "bestie" wat al twee leweroorplantings gehad het (11), én variasies op die titel: om die lewe oopmond te vat (63; 160; 228; 240; 252). Haar broer, Pieter-Jan is dood voordat hy 'n nuwe hart kon kry (11). Madeleine se vriend, Stian Verkuyt, is 'n selfbehepte persoon wat net dink aan sy liggaam en liggaamsbou-kompetisies en wie se gevoel vir Madeleine duidelik kwynend is (31; 50; 52). Dit blyk dat hy waarskynlik steroïdes gebruik (51; 129; 130; 150; 181), afsydig is na haar hartoorplanting (30) en Madeleine boonop verkul met Debbie Gordon (17; 149). Stian het 'n "bossy houding" en dit lyk asof hy maklik gewelddadig sou kon raak, merk Wendy op; boonop is hy uitermate besittlik (30; 150; 226-7; 236-7; 241-2). Hy kom ook uit 'n milieu van skeiding en gesinsgeweld (104-5). Madeleine ervaar die teenwoordigheid van "n Franse engel" saam met haar in die ambulans (14). Hierdie verwantskap met 'n vroeëre familielid én haar belewenis van vroeëre gebeure asof sy daar was, raak een van die hoofmotiewe van die roman (27). Op ble. 28; 29 blyk dat Madeleine bruin is met 'n Koranna voorgeslag (220), maar ook met Franse (27-9; 32; 156) én Afrikaanse gene (35). Haar pa weet van die Franse voorgeslagte, maar sê dat hulle later "heeltelmal verafrika" het (204).

Haar pa, uit die trotse Taaibosch-familie (56) met die "weird" van (239), het dit nie breed nie (52), maar verdien eerlike geld en is beskermend teenoor sy kind; anders as Stian se pa wat sy kinders "moer" (52). So blyk dat hy baie bang is dat bendegeweld hul gesin sou kon raak (44;108). Haar pa se voorgeslagte was Strandlopers in Van Riebeeck se tyd. "Later het hulle opgetrek Oranjerivier toe. Dis wie die Korannas is" (60). Een van haar skoolvriende, Mondré Fourie, maak die volgende onsmaaklike opmerkings oor haar: "Die ouens sê jy is 'n Cape Coloured, maar jy praat soos 'n Kapenaar [...] Hulle sê 'n Coloured se nipples is donkerder as 'n wit meisie s'n. Dis hoe mens die verskil kan sien. Gaan jy vir my wys?" (60). Dan ontmoet sy Brand Malan wie se pa die afrigter van oorplantingspasiënte is (115-6). Twee van sy broers word ondersoek oor onwettige vuurwapens en sy ma is in die tronk vir bedrog (116)! Boonop is Brand se meisie, Debra dood in 'n motorfietsongeluk en is juis haar hart oorgeplant in Madeleine. Daarom "haat" hy die ontvanger van haar hart (146; 158). Hy is ook 'n potensieële skenker (246). Wendy, haar verwagte vriendin is nie gay nie; "[m]aar ook nie straight nie" (161).

Dié bi-seksuele meisie glo ook nie vir Madeleine as sy sê dat sy absoluut straight is nie (161). Wendy raak duidelik weer siek van haar lewer (183); word sieker (210) en sterf uiteindelik (233).

Madeleine en Brand raak al hoe meer betrokke. Uiteindelik sê hy vir Madeleine dat sy veel mooier as Koba, een van sy voorouers is; “[e]k hou veral van jou donkerder vel” (169). Madeleine en Brand se eerste poging om seks te hê (252-3), misluk omdat Stian daar aankom met ’n rewolwer (253) en Madeleine word noodlottig verwond (255). Haar sterwe word vertel uit haar perspektief: sy ervaar geen pyn nie, wil nie terug in haar liggaam nie en word deur “’n krag groter as wat sy nog ooit beleef het” vorentoe getrek, “[a]sof die sin van haar bestaan iewers vorentoe in ’n tweede kans op die lewe lê” (256). Hierdeur word haar dood ontdaan van tragiek. Aan die einde van die roman ontvang Natalie Korf Madeleine se hart. Boonop raak sy terstond verlief op Brand en hy op haar. Ten slotte gaan hy haar voorstel aan sy ouers, want sy ma is vrygelaat uit die tronk (261). Die roman eindig derhalwe idillies.

Die roman tik weer eens al die boksies: gesinsgeweld; skeiding; rasse-harmonie; “buitenissige” karakters én gebeure (reïnkarnasie; orgaanoorplantings; steroïdes; tronkstraf weens bedrog; besit van onwettige vuurwapens); gay-wees; sterflikheid (en sterwe); dwelms (113); stereotipering: blanke gewelddenaar naas empatieke bruin man.

29 Vermeulen, Jan: *Baster* (2020), Lapa Uitgewers

Karel Zimmerman is ’n jong seun wat boonop ’n hondefluisteraar is (10) en sy meisie is die bruin Natalia Adcock. Ook Karel is blas, hoewel sy pa, Klaus, ’n polisiekaptein van Duitse afkoms (121) en sy ma, Paula, blank is (15). Hierdie feite is belangrik omdat die titel van die roman nie net slaan op die hond van gemengde afkoms nie, maar ook op Karel wat self gebore is uit ’n buite-egtelike verhouding van sy ma en ’n sendeling (179). Sy pa merk later op: “Ek soek nie ’n baster op my werf nie” (158) en verwys verder na die basterhond as “’n gebroedsel”. Dit slaan duidelik op die hond én Karel. Sy beklemtoning van rassesiwerheid is in ’n wyer konteks rassisties en skakel ook met die Nazi-Duitsers se strewes (201). Boonop noem sy pa hom “’n karakoelskaap” wat verwys na sy kroes hare (187). Rasse-vermenging en -suiwerheid is waarskynlik die hoofmotief van hierdie roman met die veelbetekenende titel. Karel-hulle woon in ’n veelrassige omgewing met die Ngqobas wat oorkant hulle woon (45) en hy moet leer om ander se kultuur en godsienstige opvattinge te respekteer (66; 67). James wat Xhosa en Afrikaans praat word aangesien as “’n mix” (69). Dagger sê dis nie steel nie; dis “affirmative action” (75).

'n Ander motief is Karel se eerste sekservaring wat nooit materialiseer nie:(eers met Natalia weens hulle botsing en haar “geflirt” met sy vriend, Hugo) en dan met Ossie (weens haar siekte; 99; 100; 110). Nog 'n motief is die geloof aan gebedsverhoring (191; 195; 197); iets wat reletatiewe wanneer Ossie tog sterf (220; 221; 222). Die ander, belangriker motief is onwettige hondegevegte en die geldgierigheid en wreedheid wat daarmee verband hou (31; 90; 206 e.v.). Boonop word dit omgee deur polisie-betrokkenheid en korrupsie (213; 217). Tipies van 'n werk waarin sterk standpunt ingeneem word teen rassisme is die groot skurk, 'n blanke, Jannie Kock. Tuis is daar duidelike huwelikspanning (16; 129; 178; 179; 194; 202; 204-5) en sy boetie, Schalkie, is dood op die ouderdom van 3 maande (17): die “baster” het dus die plek ingeneem van die “suiwere een”. Tog is die einde positief met die aanvaarding van sy pa se kant; die nuwe begin vir sy ma-hulle en die red van Baster.

30 Viljoen, Fanie: *Môre as ons groot is* (2020), Lapa Uitgewers

Hierdie drama se rolverdeling bestaan uit ryk, bedorwe blanke kinders (Liza en Quin), 'n arm swart meisie (Noku) en 'n bitter, bruin seun (Wayne). Weer eens gaan dit om rasseharmonie na aanvanklike rassiespanning. Daar word vroeg reeds geïmpliseer dat Noku iets verberg (23; 35; 52; 56-7); Liza weer beskik oor baie geld en gee byvoorbeeld vir Noku geld om kos vir almal te gaan koop. Wayne vra op bl. 29 vir Noku wat sy by die “whiteys” soek. Liza se geheim is dat sy gekonkel het om Quin sover te kry om haar vir die matriekafskied te vra (33). Noku wil medies studeer; Liza wil net gaan jol en Quin is onseker (40-1), maar vir die laasgenoemde twee is studie eintlik onbelangrik en geskied dit om selfsugtige redes. Noku daarteenoor wou nog altyd mense help; dís haar motivering (40).

Daar word voortdurend gepraat oor – verwys na – hulle matriekafskied en Refilwe wat so goed gedans het (20) en die gay ou, Innes, “wat sy boyfriend afskied toe wou bring” (22). Liza en Noku aanvaar dit, omdat mense oopkop moet raak. Verder word gepraat van Lindiwe wat afwesig was weens haar swangerskap (23). Wayne daag uit die bloute op en raak gou aggressief. Hy kon nie die matriekafskied bywoon nie weens 'n gebrek aan geld (45). Hy spot toenemend die “Grênd” mense (47 e.v) en wys op 'n venynige wyse hul gebreke en swakhede uit (48 e.v.; veral 53-8). Noku se ma is vermoor en Wayne spot bykans daarmee (50) en onthul dat sy nooit die beurs gekry het nie, brandarm is en haar matriekafskiedrok by die “wellfare” gekry het (58-9). Na die bitter geveg met Quin ontdek Wayne dat hy die volgende jaar geen heenkome het nie

en dat sy antie hom bestempel het as 'n "stuk rubbish" (62). Gebroke vra Wayne om verskoning en Noku neem hom in haar arms en sing vir hom 'n wiegeliedjie (63).

Die slot is die groot inkeer: Wayne vra almal om te "promise" om die wêreld 'n beter plek te maak (65); Quin en Liza besef dat hy die waarheid oor hulle kwytergaaik het (65); Liza beloof om haar pa te vra om Noku finansiële te help; Quin en Liza besluit om te verander; hulle gooi almal 'n muntstuk in die water: "Hulle is nie meer so uitgelate soos aan die begin nie, asof hulle vanaand ouer en wyser geword het" (68). Musiek speel harder en ligte doof by wyse van spreke.

31 Viljoen, Fanie: *Brand* (2019), Tafelberg

In hierdie roman gaan dit oor twee buitelanders (en enigszins buitelandse karakters), Arian Foster en Estie Swart. Arian se suster, Linny, en broer, Janco, is albei presteeers (14), terwyl Arian soos 'n uitgeworpene voel; die "malle" wat 'n shrink besoek (20); die "een wat nie inpas nie". Die "alien" (30). Hy sien ander leerders as "vals" (8). Estie is ook 'n eenkantmens "daardie meisie wat altyd so eenkant sit en miere dooddruk" (11). Sy word voorts emosioneel geteister (11-2). Sy rook ook; nie omdat dit "cool" lyk nie. Die sigaret help om haar kop stil te kry" (12). Arian sien juffrou Jonkers, die skoolberader, omdat sy gedrag sy ma, Sonet, veral bekommerd maak (18-9). Arian se ouers is altyd besig: sy ma is 'n ouditeur, sy pa, Herman, 'n makelaar en sy ouma die streng matriarg na wie Herman duidelik aard (78). Dis duidelik dat sy pa 'n onsimpatieke, stereotipiese (Afrikaner-) pa is wat glo dat alles reggeslaan kan word (20-1). Volgens die pa is daar iets verkeerd met Arian: "Hy is 'n flentergat. Hy neem nie aan sport deel nie. Hy leer skaars [...]n Pak slae sal help" (21).

Estie se ma is dood en haar pa het 'n aan-af-verhouding met Charlene, 'n haarkapper (22) en 'n regte seksbom (23). Met haar het Estie 'n slegte verhouding (vgl. 173-4); (179-81) en haar pa beëindig uiteindelik die verhouding (202-4). Arian droom van brandstigting (28), iets waarna hy ook verwys op Facebook (33) en aanvaar Estie (die "weirderige meisie") se vriendskapversoek op Facebook. Estie voel sleg omdat geen ou haar nog ooit in sy arms gehou het nie (37). Arian hou van sy privaatheid (38) en is op sy hoede oor wat hy vir die berader vertel (41-2). Omdat Janco hom beledig (46) sê Arian vir hom dat hy wens hy vrek (47), woorde wat toenemend skuldgevoelens by hom veroorsaak as sy broer later byna sterf en verlam raak (187 e.v.; 180; 193; 196; 198). Later ontfriend Arian haar en dit voel soos 'n klap in haar gesig (48). Vuur het vir Arian 'n

misterieuse krag (51) én is vol skoonheid vir hom, maak sy hart ligter en help om van sy woede ontslae te raak (66; 69; 103; 107; 111; 113-5; 214-22). Estie raak bietjie behep met Arian en “stalk” hom (53; 123; 132-44), maar dis eitlik net omdat wanneer sy hom in sy wêreld sien, help dit haar om uit haar eie te ontsnap (74). Estie raak bevriend met ’n bruin meisie, Maddy September, “een van die gewildste meisies in die skool” wat haar op ’n aweregse manier help (57; 67; ; 69; 71; 122-3; 125-9).

Arian kom tot inkeer en vertel aan sy berader hoe ’n onderwyser hom eendag uitgeskel het as “’n loser” en dat hy dit geglo én daarvolgens begin optree het (199-201). Hy herstel ook sy verhouding met sy broer (198), sy pa (193), sy ma (197) en wys vir Estie dat hy werklik vir haar omgee (219; 220 en 223).

32 Viljoen, Fanie: *Donker web* (2020), Tafelberg

Hierdie roman handel oor die donkerweb en hoe dit destruktief is, maar ook benut kan word om misdadigers wat daar skuil, uit te lok. Die storiegegewe handel oor Greg Owen wat op skool was by Lawson College en nou sportwetenskappe studeer aan die Universiteit van Stellenbosch. Onbedoeld het hy sy eie pa verraa (38-9) wat nou in die tronk is, weens onwettige bedrywighede, aangekla vir moord en terrorisme (27). Greg is ’n “aweregse”, “weird outjie” met ’n vreemde kunssmaak (14). Sy broer, John wat geleef het vir avontuur (16) het selfdood gepleeg deur pille te drink (15). Greg is ryk, want hy ry met ’n BMW 1181-sportmodel (20). Greg was hoofseun en is opgevolg deur Kwanele (25). Sy beste vriend, Plank (Mark Gibbons) klink na ’n bruin persoon (26). Greg is ’n uitgeworpene in Stellenbosch weens sy pa en Chloe Adams en Dain February, bruin studente, is van die min wat hom welkom heet (31; 60). Greg self is ook empatiek met ’n swart seuntjie (70). Sy vorige meisie, Nicole, het ’n buite-egtelike kind (82).

Die storie maak wye draaie en voer Greg en Plank na Istanbul en later Venisië, saam met Greg se vyand, Xander, waar hulle soek na die Baker; die werklike misdadiger wat nooit voor die hof gebring is nie. Xander se pa was ’n korrupte regter wat ook vermoor is deur Greg se pa se trawante. Soms kry die leser kritiek op die ANC (141) en beskrywings van diefstal in Suid-Afrika (168), maar andersins is die roman politiek-korrek, veral die uitbeelding van Ayla, ’n kind uit ’n gemengde huwelik en “die mooiste meisie” wat Greg nog ooit gesien het (169). Vryheid van spraak in Suid-Afrika word aangeprys (181), asook die vryheid van Suid-Afrika se internet (357), terwyl daar besonder skerp kritiek geuiter word op die misdadige en wrede apartheidsregering (308-9). Die beskrywing

van die Baker, dr. Stadler, (wat in die chemie en medisyne studeer het, wat in die weermag gewerk het, betrokke was by spesiale projekte, aan die hoof was van 'n geheime projek waar met chemiese gifstowwe geëksperimenteer is) én sy medewerking aan die nie-fiktiewe Project Coast herinner aan dr Wouter Basson se profiel en wedervarings (311 e.v.). In wese is dit 'n vertekende weergawe van Basson wat nooit in 'n hof skuldig bevind is aan hierdie wandade nie. Stadler het grootgeword met morele buigzaamheid: "Vroom in die kerk sit op die Sondag en Maandag plaaswerkers slaan omdat hulle te dronk is om te kom werk" (334-5). Hy is ook as seun aangerand. Hierdie parallele en beskrywings is implisiet erge stereotipering van die Afrikaner(plaasboer).

33 Viljoen, Fanie: *Offers vir die vlieë* (2020), Lapa Uitgewers

Viljoen se roman kan as distopies beskryf word, een waarin die outentifiserende weermagtaal uit 'n vroeër era moeilik skakel met die futuristiese raamwerk, hoewel die bedoeling duidelik is om die Grensoorlog as parallel te gebruik vir hierdie "grensoorlog". Op bl. 67 word 'n beskrywing van hierdie futuristiese recce's gegee. Hulle "gevaarlikheid" is 'n duidelike verwysing na Alexander Strachan se bekende kortverhaal, "Grootmanne se hoesgoed" uit sy debuutbundel, 'n Wêreld sonder grense, waar die ek-spreker praat van die recce's as "stil en gevaarlik". Dis 'n anti-oorlogsroman en lewer kritiek op 'n macho-bestel en -opvoeding waar seuns grootword met (en vir) geweld (57) en bevraagteken die sin van opleiding (12; 152) én oorlogvoering (71-2; 76; 152). Voorts is die Program en die Boek (13; 101) parallele van die Beleid (van die Nasionale Party) en die Bybel wat sentrale plekke ingeneem het in die Grensoorlog (vergelyk ook die geperverteerde nagmaal op bl. 29). Binne so 'n bestel word "sulke goed", (homoseksualiteit nie geduld nie (16; 31; 81; 149; 150; 206; 240). Die ontmensliking en verdingliking van jong soldate in 'n vorige bestel word hier – as toekomsvisie – beskryf as letterlik geneties gemanipuleerde soldate (231), blote nommers (17). Die aanhaling van Camus, wat beklemtoon het dat die menslike bestaan betekenisloos en absurd is, gaan in wese oor die mens se ewige opstand en die belang van die menslike gewete; reeds 'n aanduiding van die visie van die roman.